14.3	Rural Zone 1: Smallholdings (RU1)			
14.4	Rural Zone 2: Rural Settlement (RU2)			
15	**SPECIAL ZONES AND OVERLAY ZONES**			
15.1	Undetermined Zone (UN)	Undetermined zone [8.11]	Undetermined zone [8(G)]	Undetermined zone [3.29]
15.2	Special Zone (SP)	Special zone [8.10]		Special zone [3.28]
15.3	Subdivisional Area Zone (SA)			
15.4	Overlay Zone (OL)			

P.K. 120/2011 13 Mei 2011

KENNISGEWING

THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT
WYSIGING VAN SONERINGSKEMAREGULASIES

INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 9(2) VAN DIE ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985 (ORDONNANSIE 15 VAN 1985), WYSIG DIE MINISTER VAN PLAASLIKE BESTUUR, OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING HIERMEE DIE SONERINGSKEMAREGULASIES WAT TANS VAN TOEPASSING IS IN DIE THEEWATERSKLOOF MUNISIPALE GEBIED, DEUR DIT TE VERVANG MET DIE HIEROPVOLGENDE STEL SONERINGSKEMAREGULASIES:

GEÏNTEGREERDE SONERINGSKEMA
THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT

INLEIDING

Die doel van hierdie inleiding is om die werking van die soneringskema, dit is hierdie soneringskema, te verduidelik, sodat u dit nuttig en effektief kan gebruik.

Toepaslike wetgewing

Hierdie regulasies is geskryf om te funksioneer onder die voorskrifte van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Ord. 15 van 1985), wat tans nog (Januarie. 2009) die bestuur van grondgebruike in die Wes-Kaap beheer. Daar word egter gewerk aan nuwe wette, op nasionale en provinsiale vlak, om die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning te vervang. In hierdie Regulasies sal die term ***"Beplanningswet"*** *verwys na die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, of die provinsiale of nasionale wetgewing wat aangeneem word om dit te vervang.*

Rede vir die soneringskema

Dit het nodig geword om nuwe regulasies vir sonering te skryf omdat munisipaliteite in 2000 gekonsolideer is en daar nou verskeie voormalige munisipaliteite in een "nuwe" munisipaliteit val. In die geval van Theewaterskloof, sluit dit in die voormalige munisipaliteite van Caledon, Villiersdorp, Grabouw, Riviersonderend en Greyton, asook die landelike gebiede en ook die kleiner dorpe wat voorheen onder die Overberg Distriksraad geval het (dit is Middleton, Genadendal en Tesselaarsdal). Daar was basies drie sisteme in werking. Villiersdorp en Grabouw het hulle eie Artikel 7 soneringskema, en die meeste ander plekke val onder die algemene Artikel 8 skema (Artikels 7 en 8 verwys na klousules van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning). Vir effektiewe administrasie en vir die uitskakel van verwarring het dit dus noodsaaklik geword om dié skemas te kombineer as een stel geïntegreerde soneringskemaregulasies.

Die soneringskema in konteks

Die Munisipaliteit, tesame met die ander twee sfere van regering, nasionaal en provinsiaal, het die opdrag om volhoubare ontwikkeling te bevorder, veral ontwikkeling wat die welvaart van die armer deel van die bevolking sal verbeter. "Volhoubaar" verwys hier daarop dat ons nie hulpbronne en die natuurlike omgewing onoordeelkundig moet oorbenut nie (ekologiese volhoubaarheid) – ons moet dit so benut dat ons kinders ook 'n goeie bestaan sal kan maak. Dit wys ook daarop dat ons nie projekte moet aanpak wat ons nie kan bekostig nie (ekonomiese volhoubaarheid), of effektief kan bestuur nie (administratiewe volhoubaarheid).

Vir dié doel formuleer die Munisipaliteit breë beleid oor sosiale en ekonomiese ontwikkeling en oor bewaring van die natuurlike omgewing en kulturele erfenis. Die belangrikste sisteem hiervoor is die ***"Geïntegreerde Ontwikkelingsplan"****. As onderdeel van die Ontwikkelingsplan, word breë beleid oor die ruimtelike aspekte van ontwikkeling en bewaring uiteengesit in die* ***"Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk"*** *(vroeër die* ***"Struktuurplan"****). Daarin word onder andere aangedui hoe die Munisipaliteit voorsien dat dorpe gaan groei en waar watter grondgebruike in die toekoms behoort te vestig, watter dele bewaar behoort te word, en waar ontwikkeling aangemoedig moet word.*
Die werklike beheer oor wat mense op hulle grond mag doen en nie mag doen nie, word uitgespel in die ***"Soneringskema"****. Hierdie regulasies is deel van die soneringskema, die "regulerende" deel. Saam met soneringskaarte wat die verskillende sonerings grafies aandui, en die register waar besluite oor grond aangeteken word, vorm dit die soneringskema.*

Die doel van die soneringskema

Artikel 11 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning definieer die doel van 'n soneringskema soos volg: "Die algemene doel van 'n soneringskema is om gebruiksregte te bepaal en om vir beheer oor gebruiksregte en oor die aanwending van grond in die regsgebied van 'n plaaslike owerheid voorsiening te maak."

Soneringskemas is 'n uitvloeisel van denke in die vroeë twintigste eeu wat daarop neerkom dat geordende stedelike groei slegs kan plaasvind as alle grondeienaars aan grondgebruikbeheer onderwerp is. Dit laat elke eienaar toe om sy of haar grond te

ontwikkel, maar sonder om tot nadeel van die bure of die gemeenskap op te tree. Waar 'n eienaar die gebruik van sy of haar grond drasties wil verander, moet 'n voorgeskrewe prosedure gevolg word wat aan almal wat geraak word 'n redelike geleentheid vir deelname gee vir besware maak en vir appèl. Dit is die "hersonering" sisteem (wat ook insluit aansoeke vir afwykings en vergunnings).

Die funksie van hierdie dokument

Hierdie regulasies definieer die verskillende grondgebruike en die ontwikkelingsregte van elke grondgebruik. Dit skep ook die prosedures wat gevolg moet word as 'n grondeienaar die gebruik van grond of 'n gebou wil verander, in uitvoering van die prosedures wat reeds in die Beplanningswet voorgeskryf is.

Praktiese wenke

Hierdie dokument sal vir die publiek tot hulp wees om die regte en verpligtinge van die bestuur van grondgebruike en die gebruik van grond te verstaan. Praktiese wenke is by hierdie oorsig ingesluit om die regulasies meer gebruikers-vriendelik te maak. Skakel gerus die Department Beplanning van die Munisipaliteit as u verdere bystand verlang. 'n Kort beskrywing van die munisipale sisteem vir die bestuur van grondgebruike word ook hier gegee, sodat u sal verstaan hoe besluite oor dié saak geneem word. Hier volg 'n paar praktiese wenke:

- *Hoofstuk 19 is 'n lys van definisies – ingeval 'n woord of begrip nie vir u duidelik is nie.*
- *Tabel A in Hoofstuk 3 gee 'n opsomming van die verskillende grondgebruik-sones, en die voorwaardes en beperkings van elke sone. Dié tabel is slegs vir die doeleindes van vinnige naslaan. Die regsgeldige detail word in verdere hoofstukke gegee.*
- *Regs bo op elke bladsy word die onderwerp aangedui waaroor daardie bladsy handel. Regs onder word die datum gegee waarop die bladsy uitgegee is. Wysigings word in die "Lys van Wysigings" op bladsy ii aangedui. Maak seker dat u die nuutste weergawe het.*
- *Volgens die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, het elke erf in die munisipale gebied 'n sonering, of as 'n "Artikel 7" skema in die gevalle van Villiersdorp en Grabouw, of as 'n "Artikel 8" skema vir die res van die munisipale gebied, waarvolgens grondgebruike en die gebruik van geboue beheer word. Hierdie sonerings sal aangepas word om ooreen te stem met die sonerings van hierdie regulasies. Grond wat in 'n spesifieke sone geleë is, is onderworpe aan die voorwaardes en spesifikasies wat vir daardie sone geld, asook die algemene voorskrifte wat vir die hele gebied geld.*
- *As u wil vasstel wat die sonering of grondgebruik-regte van grond is, kan u 'n sonering-sertifikaat by die Munisipaliteit aanvra, en u kan ook vra vir 'n afskrif van die erf se register. Dit is normaalweg nie toelaatbaar om grond te gebruik vir enige ander doel as die doel wat spesifiek volgens die soneringskema toegelaat word nie.*
- *As u wil weet wat die primêre, sekondêre en vergunningsgebruike van grond is, kan u dit in Deel III naslaan. U moet eers die regte sonering kry, óf deur 'n sonering-sertifikaat, óf deur dit op die soneringskaart vas te stel. Die sonerings van die hele Theewaterskloof munisipale gebied sal mettertyd op soneringskaarte aangedui word.*
- *Daar mag ook ander beperkings op die gebruik van grond wees, soos titelvoorwaardes of beperkings deur ander wette opgelê, soos die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur of die Nasionale Wet op Erfenisbronne. Die Departement Stadsbeplanning kan u meer inligting hieroor gee, of u kan 'n geregistreerde stadsbeplanner of landmeter nader.*
- *Hoofstuk 2 gee inligting oor die prosedures om aansoek te doen vir 'n verandering in grondgebruik, soos 'n hersonering, afwyking of onderverdeling. Volgens hierdie regulasies, die Beplanningswet en ander wette, is dit u reg om ingelig te word oor sodanige aansoeke wat u raak, en ook die reg om kommentaar te lewer, en om beswaar te maak oor sodanige aansoeke. U het ook 'n reg op appèl teen besluite van die Raad, hetsy wat u aansoek betref, of 'n ander aansoek waarop u kommentaar gelewer het.*

Neem deel aan die beplanningsproses deur relevante vergaderings by te woon en u skriftelike kommentaar in te dien wanneer u die geleentheid kry. Effektiewe beplanning is grootliks afhanklik van die deelname van die publiek in die beplanningsproses. Maak seker dat u wense en verwagtinge in die beplanning gereflekteer word deur deel te neem aan die proses wanneer die geleentheid hom voordoen.

Tipes van aansoeke

Hoofstuk 3 handel oor die tipes aansoeke wat onder die regulasies gedoen kan word, en die voorskrifte vir sodanige aansoeke. Daar is die volgende tipes aansoeke:

Hersonering: *'n aansoek om hersonering is nodig waar die doel is om die basiese grondgebruik van grond te verander.*

Afwyking: *Daar is twee tipes afwyking.*

* *Daar kan aansoek gedoen word vir 'n afwyking van die fisiese beperkings op ontwikkeling, soos boulyne en dekking.*

* *Op 'n tydelike grondslag kan daar aansoek gedoen word om die gebruik van die grond te verander vir 'n gebruik waarvoor nie voorsiening in die sone gemaak is nie.*

Vergunningsgebruik: *'n Vergunningsgebruik is 'n gebruik wat wel toegelaat word in 'n sone, maar waarvoor eers aansoek gedoen moet word. Die vergunningsgebruike van elke sone word by die sones aangegee in Deel III, en in Tabel A in Hoofstuk 3.*

Onderverdeling: *Onderverdeling is wanneer 'n erf verdeel word in twee of meer nuwe erwe.*
Geagte sonering: *Navraag oor die "geagte sonering" van grond mag gedoen word as die sonering nie duidelik op die Raad se soneringskaart is nie.*

Eerbiedig ander wette

Behalwe hierdie aansoeke wat onder die Beplanningswet gedoen kan word is daar verskeie ander tipes aansoeke wat ander wette vereis, soos die opheffing van 'n beperkende titelvoorwaarde onder die Wet op die Opheffing van Beperkings, en permitte onder die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur en die Nasionale Wet op Erfenisbronne, om maar drie op te noem. As toestemming of 'n permit onder 'n ander wet vereis word, moet dit nog steeds op die wyses waarvoor daardie wet voorsiening maak verkry word. Toestemming verkry onder hierdie regulasies vrywaar u nie van die verpligting om ook die ander permitte en toestemmings te kry nie.

DEEL I: ADMINISTRASIE

HOOFSTUK 1
INLEIDING TOT DIE REGULASIES

1.1 AANVANG EN GELDIGHEID

1.1.1 Hierdie regulasies is die soneringskema van Theewaterskloof Munisipaliteit. Dit is van krag in die gebied wat in 1.2 onder beskryf word, van die datum af waarop kennis van die aanname daarvan in die Provinsiale Gazette namens die Munisipaliteit gegee is.

1.1.2 Indien enige bepaling van die regulasies deur 'n geregshof ongeldig verklaar word, sal sodanige bepaling van die res van die regulasies geskrap kan word en dit sal nie die geldigheid van die ander bepalings van die regulasies raak nie.

1.2 TOEPASSINGSGEBIED

Hierdie regulasies geld vir die munisipale gebied van Theewaterskloof Munisipaliteit soos aangedui op die kaart gepubliseer in die Buitengewone Provinsiale Koerant as 'n bylaag tot Provinsiale Kennisgewing 493 van 22 September 2000.

1.3 ALGEMENE DOEL VAN SONERING

Die algemene doel van hierdie soneringskema is:

(a) om die toepaslike nasionale, provinsiale en munisipale beginsels oor omgewingsbestuur, dit is beplanning, ontwikkeling, en bewaring van die natuurlike en beboude omgewing, soos van tyd tot aanvaar, te bevorder en te implementeer;

(b) om gebruiksregte te bepaal, stedelike groei te bestuur, ontwikkeling en benutting van grond, asook die bewaring van die natuurlike omgewing en kulturele erfenis, te beheer, met as doel om:
   (i) ordelike en paslike ontwikkeling van die munisipale gebied te verseker ter wille van openbare gesondheid, veiligheid, goeie orde, aangenaamheid, gerief en die bevordering van die algemene welvaart van inwoners van die munisipale gebied;
   (ii) geïntegreerde en volhoubare ontwikkeling te bevorder;
   (iii) die gehalte van die stedelike omgewing te verhoog;
   (iv) belangrike natuurlike bronne en kulturele erfenisbronne te beskerm;
   (v) 'n onderling aanvullende meng van grondgebruike te bevorder en op 'n ordelike wyse te bestuur;
   (vi) geleenthede vir bekostigbare en geskikte behuising naby werkplekke te bevorder;
   (vii) stedelike groei te rig en ylverspreiding te beperk, en
   (viii) om die fisiese voorkoms van die natuurlike en beboude omgewing te bestuur en te beheer.

1.4 KOMPONENTE VAN SONERING

1.4.1 Die soneringskema bestaan uit die volgende dele:

(a) hierdie regulasies;

(b) die register waarin alle besluite van die Raad oor hersonerings en vergunnings, en voorwaardes van afwykings, opgeteken is, en

(c) vir die gebiede waarvoor dit bestaan, die soneringskaart wat die sonerings van grond aandui.

1.4.2 Die soneringskaart dui die sonering van grond aan volgens die notasie-skema soos in Skedule 1 beskryf.

HOOFSTUK 2
ADMINISTRASIE EN TOEPASSING

PROSEDURES

2.1 VEREISTES VIR AANSOEKE

2.1.1 Bykomend tot die vereistes van enige ander wet, geld die volgende vereistes vir aansoeke volgens hierdie regulasies.

2.1.2 Aansoekers moet verseker dat aansoeke wat by die Munisipaliteit ingedien word die nodige informasie bevat wat die Raad in staat sal stel om die aansoek te beoordeel, wat onder andere die volgende behels. Dit moet:
(a) helder en duidelik gedruk of getik wees, en geskryf in verstaanbare taal;
(b) ten volle voltooi en behoorlik gemotiveer wees, tesame met die vereiste dokumentasie in die formaat, en betaling van fooie, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal;
(c) ingedien word met 'n konsep-advertensie, as die aansoek geadverteer moet word, wat die aansoek uiteensit in 'n formaat soos deur die Munisipale Bestuurder van tyd tot tyd bepaal;
(d) 'n duidelik beskrywing van die ligging van die perseel wat die straatadres (waar van toepassing) en die erfnommer aangee, en
(e) 'n opsomming gee van die aansoek wat volgens geldige raadsvoorskrifte opgestel is.

2.1.3 As 'n aansoeker om iets aansoek wil doen waarvoor daar nie 'n voorgeskrewe aansoekvorm is nie, moet die aansoek skriftelik ingedien word, behoorlik gemotiveer, tesame met sodanige planne en ondersteunende dokumentasie soos deur die Raad vereis.

2.1.4 Die Munisipale Bestuurder moet, binne veertien dae na ontvangs van 'n aansoek, die aansoeker skriftelik verwittig van aspekte, indien enige, wat verdere toeligting of dokumentasie vereis.

2.1.5 As 'n aansoek volgens die Munisipale Bestuurder onvolledig is, moet die aansoeker en Munisipale Bestuurder probeer om binne vier weke van die datum van die aansoek tot 'n vergelyk te kom oor die inhoud van die aansoek, op voorwaarde dat:
(a) as 'n ooreenkoms binne hierdie tydperk bereik word, die datum waarop die aansoek volgens hierdie ooreenkoms her-ingedien word, die aansoek-datum word;
(b) as 'n vergelyk nie binne hierdie tydperk bereik word nie, moet die Munisipale Bestuurder:
(i) formeel aan die Raad by sy volgende vergadering hieroor berig, en
(ii) die aansoeker inlig oor enige reg tot appèl.
(c) As 'n aansoek deur die Munisipale Bestuurder na 'n aansoeker terug verwys is en die aansoeker dien nie die gewysigde aansoek weer in binne drie maande nie, of 'n langer tydperk volgens die diskresie van die Raad, sal dit beskou word asof die aansoeker die aansoek teruggetrek het.

2.1.6 'n Aansoek sal nie as onvolledig vir adverteer-doeleindes beskou word slegs omdat enige impakstudie of ander vereiste kragtens enige ander wet nog nie afgehandel is op die datum van aansoek nie.

2.2 VEREISTES VIR ADVERTEER

2.2.1 Bykomend tot die vereistes vir advertering in enige ander wet gestipuleer, geld die volgende vereistes kragtens hierdie regulasies.

2.2.2 Die Munisipale Bestuurder moet sorg dat enige aansoek:
(a) om hersonering wat nie strook nie met die strategieë, voorstelle of riglyne van 'n geldige ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, sektorale plan of struktuurplan;
(b) wat moontlik 'n beduidende impak op die provinsie of op die streek kan hê, insluitend een of meer nabygeleë munisipaliteite,
in die Provinsiale Koerant geadverteer word.

2.2.3 Die Munisipale Bestuurder mag voorskryf dat enige aansoek volgens munisipale vereistes geadverteer word, of deur die Raad, of deur die aansoeker.

2.2.4 As 'n aansoek volgens 2.2.3 geadverteer moet word, moet die aansoeker die volgende by die Munisipale Bestuurder indien:
(a) die volle bladsy met die koerant se opskrif en datum, en, waar toepaslik, die Provinsiale Koerant, waarop die toepaslik advertensie van die aansoek verskyn;
(b) as kennisgewings met voorafbetaalde geregistreede pos uitgestuur is, 'n afskrif van sodanige kennisgewing met dokumentêre bewys dat dit gepos is;
(c) as enige bykomende wyse van kennisgewing vereis is, bewyse van sodanige kennisgewing tot die Munisipale Bestuurder se bevrediging.

2.2.5 Benewens die voorwaardes van 2.2.4:

(a) moet die Raad vereis dat die aansoeker 'n aansoek weer adverteer as die Raad van mening is dat substansiële veranderinge aan die voorstel aangebring is na die datum waarop die aansoek eerste geadverteer is;
(b) kan die Raad in elkgeval die bykomende wyses van bekendstelling vereis soos deur die Beplanningswet beoog.

2.2.6 As enige aansoek ook volgens enige ander wet geadverteer moet word, word die volledige, gelyktydige advertering van sodanige aansoek kragtens alle ander toepaslike wetgewing aanbeveel.

2.2.7 Die Munisipale Bestuurder moet by elke plan wat ter insae lê by die munisipale kantoor duidelik aandui op watter aansoek dit betrekking het, asook die datums waarop die aansoek in die pers geadverteer is of sal word.

2.3 VEREISTES VIR PUBLIEKE DEELNAME

2.3.1 Bykomend tot die vereistes van enige ander wet, geld die volgende vereistes vir petisies en publieke vergaderings:

2.3.2 Alle petisies moet duidelik aandui:
(a) die volle name en woonadres van elke ondertekenaar;
(b) die volle naam, posadres, telefoon- en faksnommers van twee persone aan wie verdere skrywes rakende die aansoek gerig kan word, en
(c) elke bladsy van 'n petisie waarop die handtekening van 'n petisionaris voorkom, moet die volle teks van die petisie bevat.

2.3.3 As 'n aansoeker verplig word om 'n publieke vergadering te belê, moet die aansoeker:
(a) die vergadering in die pers adverteer, en daar moet gemeld word dat besware by die Munisipale Bestuurder binne dertig dae na sodanige vergadering ingedien mag word;
(b) diegene wat die vergadering bywoon inlig dat enige besware wat hy of sy onder die aandag van die Raad wil bring binne dertig dae na sodanige vergadering by die Munisipale Bestuurder ingedien moet word;
(c) na die vergadering geskrewe bevestiging by die Munisipale Bestuurder indien dat die bepalings van (a) en (b) uitgevoer is.

2.3.4 Die Munisipale Bestuurder moet enige besware of kommentaar wat binne die voorgeskrewe tyd ingedien is aan die aansoeker besorg.

2.3.5 Die aansoeker moet binne sestig dae na ontvangs van die besware en kommentaar onder 2.3.4 bepaal, sy kommentaar daarop by die Munisipale Bestuurder indien.

2.3.6 As geen kommentaar binne die sestig-dae tydperk deur die aansoeker geopper word nie, sal, tensy voorafbepaalde geskrewe kennis van 'n langer tydperk deur die aansoeker by die Munisipale Bestuurder ingedien is, aanvaar word dat die aansoeker geen kommentaar het nie.

2.4 AANSOEK VIR DIE BEPAAL VAN GEBRUIKSREGTE

2.4.1 Enige grondeienaar mag by die Munisipale Bestuurder aansoek doen dat die wettige grondgebruik, kragtens die Beplanningswet, van sy/haar grond bepaal moet word.

2.4.2 'n Aansoek onder 2.4.1 moet vergesel word van 'n geskrewe motivering, wat moet insluit:
(a) volle besonderhede van die beweerde gebruik van die grond op 1 Julie 1986;
(b) die tydperk voor 1 Julie 1986 wat dieselfde gebruik ononderbroke gehandhaaf is;
(c) 'n geskrewe verklaring of bevestiging deur 'n derde party van die beweerde gebruik van die grond op 1 Julie 1986, en
(d) 'n notaris se sertifikaat wat bevestig welke titelakte beperkings (indien enige) vir die grond geld.

2.4.3 Die Raad sal, uit eie beweging, of na 'n geskrewe aansoek deur enige belangstellende party, bepaal wat die wettige gebruik is van enige grond beskryf deur die Wet op Minder Formele Dorpstigting (Wet 94 van 1991) soos op die datum wat 'n dorpsregister geopen is, soos voorsien deur klousules 6 of 17 van daardie Wet.

2.4.4 'n Aansoek onder 2.4.3 moet vergesel wees van 'n geskrewe motivering, wat moet insluit:
(a) volle besonderhede van die beweerde gebruik van die grond op die datum wat die betrokke dorpsregister geopen is;
(b) die tydperk wat die grond ononderbroke vir sodanige gebruik aangewend was voor die betrokke dorpsregister geopen is;
(c) 'n geskrewe verklaring of bevestiging deur 'n derde party van die beweerde gebruik van die grond op die datum wat die dorpsregister geopen is, en
(d) 'n notaris se sertifikaat wat bevestig welke titelakte beperkings (indien enige) vir die grond geld.

2.4.5 Die bepalings van die Beplanningswet sal van krag wees by alle aansoeke vir die bepaling van wettige grondgebruik wat by die Raad ingedien word, asook by die bepaling van grondgebruik wat die Raad op sy eie inisiatief onder 2.4.1 en 2.4.3 hierbo wil doen.

2.4.6 Die betrokke grond sal, van die datum af dat die Raad die grondgebruik kragtens 2.4.5 bepaal het, beskou word as sodanig gesoneer, en die soneringskaart sal dienooreenkomstig aangepas word, indien nodig, om sodanige sonering te toon.

2.5 VOOR-AANSOEK KONSULTASIE

2.5.1 Bykomend tot die vereistes van enige ander wet, geld die volgende prosedures vir aansoeke om afwykings, hersonerings, onderverdelings of vergunningsgebruike.

2.5.2 Aansoekers om goedkeuring van 'n afwyking, hersonering of onderverdeling kragtens die Beplanningswet, of vir 'n vergunningsgebruik of ander goedkeuring kragtens hierdie regulasies, mag vooraf met die Munisipale Bestuurder telefonies, persoonlik of skriftelik konsulteer om vas te stel welke wette, verordeninge, regulasies beleidsdokumente of ander voorskrifte van toepassing is op die voorgestelde aansoek.

2.5.3 Voor of tydens die voor-aansoek konsultasie mag 'n aansoeker 'n geskrewe uiteensetting van sy aansoek aan die Munisipale Bestuurder voorlê met genoeg inligting om hom te lei in die bepaling van prosedures wat vir die aansoek gevolg moet word, insluitend:

(a) die presiese ligging van die grond;
(b) die huidige sonering, grondgebruik en grootte van die grond;
(c) 'n verklaring van enige titelakte voorwaardes van die betrokke grond wat die voorgestelde grondgebruik of ontwikkeling belet of andersins beperk;
(d) die grondgebruike van omliggende grond;
(e) die doel en aard van die voorstel, insluitend 'n breë uiteensetting van die skaal en die ontwerp van die voorgestelde ontwikkeling;
(f) 'n aanduiding van hoe die voorstel aanpas by die geïntegreerde ontwikkelingsplan, ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ander sektorale planne, en hierdie regulasies, en
(g) of daar belangrike sensitiewe bio-fisiese aspekte is, insluitende sigbare of bewese argeologiese, historiese of kulturele aspekte van belang.

2.5.4 Die Munisipale Bestuurder moet:

(a) tydens die voor-aansoek konsultasie die aansoeker van raad bedien oor die prosedure om te volg, voorlopige vereistes waaraan voldoen moet word en die minimum-inligting wat by 'n aansoek ingesluit moet word, insluitend enige vereistes waarvan hy bewus is wat kragtens ander wette geld, en
(b) as hy daarom gevra word, die vereistes van (a) geskrewe aan die aansoeker bevestig.

2.5.5 As die uiteensetting van die voorgestelde aansoek onvolledig is, moet die Munisipale Bestuurder 'n geskrewe versoek aan die aansoeker rig om enige bykomende inligting of planne wat noodsaaklik is vir 'n behoorlike evaluering van die aansoek.

BESLUITE EN IMPLEMENTERING

2.6 PROSEDURES VIR BESLUITNEMING

2.6.1 Die Raad moet, as dit 'n aansoek kragtens hierdie regulasies oorweeg, die volgende in ag neem:

(a) die wenslikheid van die voorgestelde grondgebruik, wat insluit evaluering daarvan volgens die beginsels uiteengesit in Skedules 3;
(b) enige besware wat geopper is nadat die aansoek geadverteer is, sowel as kommentaar van enige ander staatsinstansies;
(c) enige antwoorde van die aansoeker op besware of kommentaar, en
(d) enige goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, sektorale plan of struktuurplan wat van toepassing is op die aansoek of die betrokke gebied.

2.6.2 Die Munisipale Bestuurder moet die aansoeker, alle beswaarmakers, en almal wat geskrewe kommentaar binne die voorgeskrewe tyd ingedien het, verwittig van die Raad se besluit binne 120 dae van die datum van aansoek, met die voorbehoud dat:

(a) sodanige tydperk met geskrewe verlof van die aansoeker verleng kan word;
(b) enige tyd wat die aansoeker gebruik het:
  (i) om te antwoord op kommentaar op besware wat deur die Munisipale Bestuurder aan die aansoeker voorgelê is;
  (ii) om enige vereiste impak-evaluering te voltooi en 'n evalueringsverslag by die Munisipale Bestuurder in te dien;
  (iii) om 'n advertensie aan die pers te stuur, van die datum af waarop die Munisipale Bestuurder geskrewe kennis gegee het van sodanige opdrag, en om 'n aansoek weer te adverteer kragtens artikel2.2.6(a);

nie as deel van die 120 dae gereken sal word nie.

2.6.3 Die Munisipale Bestuurder moet in sodanig kennisgewing die redes vir die Raad se besluit uiteensit.

2.6.4 As enige geskrewe beswaar of kommentaar 'n petisie was, sal geskrewe kennisgewing aan betrokke partye soos omskryf in 2.3.2(b) beskou word as voldoende vir die doeleindes van hierdie regulasies, met die voorbehoud dat :

(a) as die ondertekenaars nie voldoen het aan die voorwaardes van 2.3.2(b) nie, geskrewe kennis aan enige een van die ondertekenaars van die petisie beskou sal word as voldoende vir die doeleindes van hierdie regulasies, en
(b) as die Raad dit as meer doeltreffend beskou om sy besluit oor die saak waarna die petisie verwys, om 'n kennisgewing in die pers te plaas wat bevestig dat 'n besluit oor sodanige saak geneem is en die plek waar

en tye waarbinne besonderhede ter insae lê, dit dan beskou word as voldoende kennisgewing kragtens hierdie regulasies.

2.6.5 As die Raad 'n aansoek goedkeur waarteen 'n beswaar geopper is binne die voorgeskrewe tyd, sal sodanige goedkeuring hangend gelaat word tot tyd en wyl die Munisipale Bestuurder skriftelik aan die aansoeker bevestig dat geen appèl teen sodanige goedkeuring aangeteken is nie, of, as daar wel 'n appèl aangeteken is, dat die betrokke gesagsliggaam oor die appèl beslis het.

2.6.6 As geen appèl ingedien word binne die voorgeskrewe tydperk nie, sal die Munisipale Bestuurder binne veertien dae na die verstryking van sodanige tydperk die aansoeker dienooreenkomstig verwittig.

2.6.7 Elke kennisgewing kragtens artikel2.6.2 moet aan die ontvanger per geregistreerde pos besorg word en moet, waar van toepassing, die ontvanger se reg tot appèl aandui.

2.7 VOORWAARDES VAN GOEDKEURING

2.7.1 Die Raad mag voorwaardes stel kragtens hierdie regulasies wat strook met die vereistes van die Beplanningswet en wat voorwaardes mag insluit wat nie in hierdie regulasies vervat word nie, of wat meer of minder beperkend mag wees as die standaard-voorwaardes van die betrokke sone.

2.7.2 Voorwaardes deur die Raad gestel by die goedkeuring van die aansoek het dieselfde krag en uitwerking asof hulle 'n deel van hierdie regulasies is.

2.7.3 Voorwaardes van goedkeuring kragtens die Ordonnansie op Dorpe en die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning sal van krag bly op die betrokke grond, waar dit meer beperkend is as die voorwaardes van hierdie regulasies, tensy dit volgens die regte prosedure deur die Raad aangepas is.

2.7.4 Die Raad mag voorwaardes vir goedkeuring van 'n vergunningsgebruik oplê wat:
(a) die vergunningsgebruik beperk tot 'n bepaalde eienaar of okkupeerder van die grond, en sodanige vergunning sal verval as die betrokke eienaar of okkupeerder die grond verlaat;
(b) die vergunning tot 'n bepaalde tydperk beperk;
(c) vereis dat die vergunningsgebruik nie die potensiaal van die grond vir sy primêre gebruik kragtens hierdie regulasies negatief beïnvloed nie.

2.7.5 Die Raad mag slegs voorwaardes kragtens 2.7.4 oplê as die betrokke vergunning:
(a) vereis dat 'n operateur oor spesifieke vermoëns of ondervinding moet beskik;
(b) gedurig gemonitor moet word om te verseker dat dit nie die aangenaamheid van die onmiddellike omgewing aantas nie, of
(c) in omvang en impak beperk moet word.

2.8 DIE RAAD MAG OPTREDE GELAS OF KONDONEER

2.8.1 Wanneer ookal daar kragtens hierdie regulasies opgetree moet word op 'n bepaalde wyse of teen 'n bepaalde tyd, en daar nie so opgetree is nie, mag die Raad, as hy seker is dat sodanige optrede nie die regte van 'n ander persoon grondig sal raak nie, las dat daar opgetree word op sodanige wyse of teen die tyd deur hom bepaal, en sodanige optrede sal dan as wettig kragtens hierdie regulasies beskou word.

2.8.2 Waar openbare kennisgewing kragtens hierdie regulasies vereis word en sodanige kennisgewing nie voldoende volgens vereiste geskied nie, mag die Raad, as hy seker is dat sodanige advertering nie die regte van 'n ander persoon grondig sal raak nie, hierdie leemte kondoneer en optree asof sodanige kennisgewing wettig geskied het kragtens hierdie regulasies.

2.8.3 Behalwe waar die teendeel spesifiek in hierdie regulasies gespesifiseer word, sal geen goedkeuring deur die Raad, vergunning, kennisgewing, bevel of optrede in verband met die uitvoer van die vereistes van die regulasies as onwettig beskou word of ter syde gestel word bloot vanweë 'n onvoldoende uiteensetting nie.

2.9 TOEPASSING

2.9.1 Indien enigeen meen dat enige vereistes van hierdie regulasies of 'n voorwaarde wat kragtens hierdie regulasies vereis word, oortree is, mag sodanige persoon 'n geskrewe versoek om optrede aan die Munisipale Bestuurder rig.

2.9.2 Waar die Raad meen dat hierdie regulasies of 'n voorwaarde vir goedkeuring oortree is, mag die Raad die beweerde oortreder skriftelik met 'n lasbrief vermaan, en waar die beweerde oortreder nie die eienaar van die betrokke grond is nie, ook die grondeienaar opdrag gee, om die oortreding reg te stel.

2.9.3 'n Lasbrief kragtens artikel2.9.2 moet die volgende bykomende inligting vervat:
(a) volle besonderhede van die eienaar van die onderhawige grond;
(b) 'n volledige beskrywing van die beweerde oortreding;
(c) die opdragte wat uitgevoer moet word om die saak reg te stel;
(d) boetes opgelê te word in die geval van skuldigbevinding, en
(e) 'n keerdatum vir uitvoer van die lasbrief.

2.9.4 Enige persoon op wie sodanige lasbrief kragtens artikel2.9.2 bestel is moet sodanige opdrag uitvoer binne die vereiste tydperk, selfs as hy of sy die beweerde oortreding betwis. As dit nie uigevoer word nie mag die Raad 'n interdik of ander geskikte bereddering volgens hofbevel teen hom of haar verkry.

2.9.5 Die Raad mag, as hy 'n lasbrief kragtens artikel2.9.2 uitreik, enige goedkeuring toegestaan kragtens die Beplanningswet of hierdie regulasies, opskort in afwagting op die uitslag van 'n appèl.

2.9.6 As die Raad 'n lasbrief besorg het oor oortreding van hierdie regulasies of goedkeuringsvoorwaardes wat gestel is kragtens hierdie regulasies en diegene aan wie die lasbrief kragtens artikel2.9.2 besorg is, versuim om dit stiptelik uit te voer, moet die Raad die relevante goedkeuring met skriftelike kennis aan die betrokkenes terugtrek.

2.9.7 Niks vervat in hierdie regulasies en geen goedkeuring wat kragtens hierdie regulasies toegestaan is sal afbreuk doen aan, of die vereistes ophef van:
(a) enige van die Raad se ander verordeninge nie;
(b) enige reg wat die Raad besit kragtens enige serwituut of ooreenkoms nie;
(c) enige goedkeuringsvoorwaardes wat kragtens hierdie regulasies bindend is nie, en
(d) enige beperkende titelvoorwaardes nie.

ALGEMENE ADMINISTRASIE

2.10 PUBLIEKE INSAE

Die Munisipale Bestuurder moet sorg dat 'n afskrif van hierdie regulasies, die soneringskaart en –register beskikbaar is vir insae deur die publiek en moet op 'n redelike tye enigeen toelaat om hierdie dokumente te ondersoek.

2.11 GELDIGHEID VAN INLIGTING

Inligting oor hierdie regulasies en toelaatbare grondgebruike wat aan enige persoon verskaf word, sal geldig wees slegs as dit geskrewe is en onderteken deur die beampte deur die Raad daartoe gemagtig. As sodanige inligting egter teenstrydig is met die voorwaardes van hierdie regulasies, die soneringskaart of 'n goedkeuring reeds deur die Raad toegestaan, sal dit ongeldig wees.

2.12 ADVIESKOMITEES

2.12.1 Die Raad mag een of meer advieskomitees aanstel om enige saak te ondersoek wat die Raad vir die doeleindes van hierdie regulasies as noodsaaklik beskou, en om skriftelik aan die Raad verslag te doen oor sy bevindinge en aanbevelings.

2.12.2 Die Raad sal tydens die aanstelling van 'n advieskomitee of daarna:
(a) dit 'n naam gee of die naam daarvan verander;
(b) sy doel en funksies bepaal of aanpas;
(c) die magte en pligte van die komitee bepaal;
(d) komiteelede aanstel, insluitend 'n voorsitter en ondervoorsitter;
(e) lede uit die komitee ontslaan, en
(f) 'n advieskomitee ontbind as sy dienste nie meer verlang word nie.

2.12.3 Wanneer die Raad 'n lid van 'n advieskomitee aanstel, sal hy in ag neem:
(a) die noodsaaklikheid dat die komitee die onderskeie belange van betrokkenes verteenwoordig, en
(b) die vereiste kundigheid vir die effektiewe uitoefening van die magte en pligte van die komitee.

ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR GEMEENSKAPSBEHOEFTES

2.13 ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR GEMEENSKAPSBEHOEFTES

2.13.1 Die Raad mag, soos bepaal in artikel42(2) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, ook voorsiening maak vir gemeenskapsbehoeftes in die toestaan van enige magtiging in terme van, of wat verband hou met, hierdie regulasies, of in die maak van 'n aanbeveling oor 'n aansoek wat met hierdie regulasies verband hou.

2.13.2 Om vir sodanige gemeenskapsbehoeftes voorsiening te maak mag die Raad voorwaardes stel, of aanbeveel, wat ookal die geval is, vir die afstaan van grond of die betaal van geld, wat direk in verband staan met die behoeftes wat voortspruit uit genoemde magtiging op publieke besteding, in die toekoms, of wat in die verlede aangegaan is.

2.13.3 Die voorwaardes gemeld in artikel 2.13.2 moet gebaseer wees op die werklike vergroting van die maatskaplike las van bekostigbare behuising, die voorsiening van infrastruktuur, en die bewaring van die natuurlike omgewing en erfenisbronne, wat sal voortspruit uit die opgradering van gebruiksregte van grond in die munisipale gebied.

2.13.4 Die Raad mag twee tipes ontwikkelingsbydraes vra, naamlik:

(a) vir alle privaat ontwikkeling: 'n *pro rata* bydrae vir infrastruktuur en maatskaplike fasiliteite, insluitende die koste vir die voorsiening van bekostigbare behuising en die bewaring van die natuurlike omgewing en erfenisbronne, en

(b) vir privaat residensiële ontwikkeling: òf die direkte voorsiening van bekostigbare behuising van huise van 50 tot 100 m^2 in oppervlakte, òf indien dit onprakties is, 'n *pro* rata bydrae tot sodanige behuising.

OORGANGSREËLS VIR VERVANGING VAN SONES

2.14 OORGANGSREËLS VIR VERVANGING VAN SONES

2.14.1 Skedule C lys die nuwe sones onder hierdie skema wat die sones onder die verskeie ou skemas vervang. Die soneringskaarte wat in Bylae 2 gelys word dui die nuwe, vervangde sones aan.

2.14.2 As 'n grondeienaar nie tevrede is met die vervangde sonering vir sy/haar grond, soos aangedui op die soneringskaarte in Bylae 2 nie, mag hy/sy, volgens die prosedures beskryf in artikel 2.4 hierbo, aansoek doen dat die vervangde sonering in heroorweging geneem moet word.

2.14.3 As die grondeienaar nie tevrede is met die uitkoms van sy/haar versoek gedoen soos in artikel 2.14.2 hierbo beskryf nie, mag hy/sy appelleer soos bepaal in artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000).

HOOFSTUK 3:
SONERING EN GRONDGEBRUIKE

BASIESE SONES EN KATEGORIEË VAN GRONDGEBRUIKE

3.1 GEBRUIKSONES

3.1.1 Die munisipale gebied is in sones ingedeel, soos gelys in Deel III van hierdie regulasies vir die doeleindes van die bestuur van grondgebruike, insluitend die gebruik en omvang van geboue.

3.1.2 Die Munisipale Bestuurder moet sorg dat die sonerings van alle grond binne die munisipale gebied bepaal word en op die soneringskaart aangedui word, of in die register aangeteken word.

3.1.3 Grond wat binne 'n bepaalde sone geleë is, is onderhewig aan die voorskrifte wat vir daardie sone gespesifiseer word kragtens Deel III van hierdie regulasies.

3.1.4 Bykomend to die voorskrifte in Deel III, geld die algemene voorskrifte vervat in Deel IV vir alle sones en die voorskrifte van enige ter saaklike oorlegsone vir die betrokke grond.

3.2 PRIMÊRE GEBRUIKE

Grond mag sonder meer gebruik word volgens die primêre gebruiksvoorskrif vir die betrokke sone, soos gelys in Deel III, sonder dat die Raad se verlof daartoe eers verkry moet word.

3.3 VERGUNNINGSGEBRUIKE

'n Vergunningsgebruik, soos omskryf in Deel III, mag slegs met die Raad se vooraf-toestemming uitgevoer word.

3.4 *AD HOC* ONTWIKKELINGSREËLS

3.4.1 Waar die ontwikkelingsreëls vir 'n sone nie in detail gespesifiseer is nie en dit gestel word dat die ontwikkelingsreëls deur die Raad bepaal sal word, moet aan die volgende voorwaardes voldoen word voor die Raad die ontwikkelingsreëls goedkeur.

(a) Die voorgestelde ontwikkelingsreëls moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(b) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

3.4.2 Die Munisipale Bestuurder moet onverwyld die ontwikkelingsreëls wat goedgekeur is in die register aanbring.

3.5 ONTOELAATBARE GEBRUIKE

Enige gebruik wat nie as 'n primêre of as vergunningsgebruik vir 'n bepaalde sone gelys word nie, sal nie in die betrokke sone toegelaat word nie, tensy die teendeel in die Beplanningswet of hierdie regulasies gestipuleer word.

3.6 SPESIALE GEBRUIKE

3.6.1 As die Raad 'n aansoek ontvang vir 'n gebruik waarvoor hierdie regulasies nie voorsiening maak nie, mag dit as spesiale gebruik geklassifiseer word, onderworpe aan die voorwaardes gestel in Hoofstuk 15.

3.6.2 Alle aansoeke om 'n spesiale gebruik word as vergunningsgebruike kragtens hierdie regulasies beskou.

3.7 TYDELIKE GEBRUIKSREGTE

3.7.1 Die Raad mag by geleentheid die gebruik van grond vir tydelike geleenthede soos die hou van handwerk-markte, sirkusse, godsdienstige byeenkomste, film-opnames of ander buitelug-bedrywighede toestaan, al strook sodanige gebruike nie met die sonering van die betrokke grond nie, op voorwaarde dat sodanige tydelike gebruik volgens die mening van die Raad nie 'n negatiewe impak op die omliggende gebiede of op die natuurlike omgewing of kulturele erfenis sal hê nie.

3.7.2 Die Raad kan, indien hy dit nodig ag, vereis dat die aansoek geadverteer word.

3.7.3 Verlof kragtens artikel3.6.1 sal onderworpe wees aan enige voorwaardes wat die Raad mag stel, insluitende (maar nie uitsluitlik nie) die volgende:

(a) dat die aansoeker parkering en toilet-fasiliteite tot bevrediging van die Raad sal voorsien;

(b) dat sodanige tydelike bedrywighede nie ononderbroke vir langer as sewe dae voortgaan nie;

(c) dat sodanige goedkeuring skriftelik teruggetrek mag word, indien enige van die voorwaardes vir goedkeuring nie deur die applikant uitgevoer word nie, of as dit tot openbare rusversteuring sou lei.

3.8 AFWYKENDE GEBRUIKE

3.8.1 'n Afwykende gebruik wat reeds bestaan wanneer hierdie regulasies van krag word, sal nie as 'n misdryf kragtens die regulasies beskou word nie.

3.8.2 'n Afwykende gebruik mag voortgesit word solank as wat dit andersins wettig is, onderhewig aan die volgende voorbehoude:

(a) As sodanige gebruik om watter rede ookal vir langer as ses opeenvolgende maande gestaak word, moet enige verdere gebruik van die grond voldoen aan die vereistes van hierdie regulasies, met of sonder afwykings.

(b) Onderhewig aan (a) hierbo, moet enige nuwe gebruik of struktuur strook met die voorwaardes vir grondgebruike en die ontwikkelingsreëls wat in hierdie regulasies voorgeskryf word.

3.8.3 As 'n bestaande gebou wat 'n afwykende gebruik behels, vernietig of beskadig word, tot dié mate dat 'n groot deel van die gebou gesloop moet word, mag die Raad verlof gee vir die herbou van sodanige struktuur, onderhewig aan voorwaardes.

3.8.4 Nieteenstaande enige ander voorskrifte van hierdie regulasies, mag 'n gebou, struktuur of perseel wat as 'n Graad I erfenishulpbron by die Suid-Afrikaanse Erfenis Hulpbron-Agentskap geregistreer is, of Graad II erfenishulpbron wat by Erfenis Wes-Kaap geregistreer is, gerestoureer, herbou of uitgebrei word kragtens 'n permit wat deur die relevante een van die twee instansies uitgereik is.

3.9 OORLEGSONES

3.9.1 Die Raad kan 'n Oorlegsone aanvaar of wysig ooreenkomstig die voorskrifte van Hoofstuk 15.

3.9.2 Oorlegsones sal geskep word deur die wysiging van die soneringskema regulasies in gevolge artikel 9 van die Grondgebruik Ordonnansie , 1985 (Ord. 15 van 1985).

3.9.3 Die Raad moet 'n oorlegsone minstes 10 jaar na die aanvaarding daarvan hersien.

SAMEVATTING VAN GEBRUIKSONES EN ONTWIKKELINGSREËLS

Tabel A hiernaas is 'n samevatting van die sones en ontwikkelingsreëls wat in hierdie regulasies vervat word. Hierdie tabel word voorsien om naslaan te vergemaklik en sal moontlik nie alle voorwaardes wat op 'n spesifieke sone betrekking het, bevat nie. Gedetailleerde ontwikkelingsreëls word in Deel III van hierdie regulasies vervat en waar Tabel A en Deel III moontlik verskil, sal die voorwaardes in Deel III van krag wees.

TABEL A: OPSOMMING VAN GEBRUIKSONES EN VOORWAARDES VAN ONTWIKKELING*

ENKELWONING SONES (HOOFSTUK 5)

SONE	VLOER-FAKTOR	DEKKING	HOOG-TE	BOULYN STRAAT	BOULYN KANT	BOULYN AGTER	TERUG-SET	PARKE-RING	ANDER VOORWAARDES*
ENKELWONINGSONE 1: WOONHUISE (SR1) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Woonhuis, skakelhuise, ryhuise, gastekamers, verhuur van kamers, tuisbedryf. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Tweede woning of dubbelwoonhuis, dagsorgsentrum, huiswinkel, huistaverne.	Geen	Erf oppervlakte < 300 m^2 70% 300–500 m^2 60% 500-1000 m^2 50% > 1000 m^2 40% of 500 m^2 (kleinste van).	2 verdie-pings	Erf oppervlakte: < 300 m^2 2 m 300 – 1000 m^2 3 m > 1000 m^2: 4 m	Ry- & skakelhuise: 0 & 1,5 m Ander: Erf wydte: < 20 m 1,5 m > 20 m 2,0 m, of 3,0 m as munisi-pale riool op grens is.	2 m, of 3 m as midblok riool op erf is.	Geen	Erf oppervlakte: < 300 m^2 : 1 plek > 300 m^2 : 2 plekke	Enkelwoning en groepbehuising. Publieke oopruimte. Standaarde vir onderverdeling en digtheid. Tweede / dubbele woning. Tuisbedryf, professionele praktyk. Gastekamers / huurders. Dagsorgsentrum. Huiswinkel. Huistaverne.
ENKELWONINGSONE 2: LANDGOED-BEHUISING (SR2) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Woonhuis, aftree-oord, groepbehuising, privaat oopruimte, natuurbewaring. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Restaurant, hotel, vergaderplek, vakansie akkommodasie, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.									Die Raad bepaal die voor-waardes van ontwikkeling. Adverteer soos bepaal in artikel3.4.
ENKELWONINGSONE 3: OPGRADEERBARE BEHUISING (SR3) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Woonhuis, skakelhuise, ry-huise, tweede woning of dubbelwoonhuis, tuisbedryf, verhuur van kamers, gastekamers, huiswinkel. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Dagsorgsentrum, plek van onderrig, huistaverne & sosiale, opvoedkundige, godsdienstige, beroeps- en sake gebruike.	Geen	80%	2 verdie-pings	1 m	1,0 m of 3,0 m as munisi-pale riool op grens is. Of nul, net op een kant, indien eienaars instem, en met toestemming van Raad,.	1,0 m, of 3,0 m as mid-blok riool op erf is. Of nul indien eienaars instem, as kantboulyne voor-sien word, en met toestemming van Raad,	Geen	1 plek indien verlang.	Sosiale, opvoedkundige, gods-dienstige en sake gebruike. Motorhuise en afdakke. Parkering en toegang. Boulyne

* "Ander voorwaardes" verwys na voorwaardes wat nie in Tabel A aangegee word nie, maar elders in die Regulasies voorgeskryf word.

ALGEMENE WOONSONES (HOOFSTUK 6)

SONE	VLOER-FAKTOR	DEK-KING	HOOG-TE	BOULYN STRAAT	BOULYN KANT	BOULYN AGTER	TERUG-SET	PARKE-RING	ANDER VOORWAARDES*
ALGEMENE WOONSONE 1: GROEPBEHUISING (GR1) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Op groepperseel: groepbehuising, aftree-oord, woonhuis. Op groeperf: groephuis, tuisbedryf. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Op groepbehuising perseel: dakgeplaasde en vrystaande basis-telekommunikasie-stasie.	Geen	60% op groeperf	2 ver-diepings	Eksterne strate: 3,0 m (5,0 m op verklaarde pad). Interne strate: 0,0 m; 4,5 m voor motorhuis.	0,0 m; 3,0 m langs ander groepbehuisingper-seel of ander sone.	0,0 m; 3,0 m langs ander groepbehuisingper-seel of ander sone.	6,5 m op eksterne paaie.	2 plekke per woning: waarvan 25% vir besoekers.	Beginsels van ontwerp. Gemeenskaplike oopruimte. Digtheid. Dienswerf. Wydte van interne strate. Maksimum grote van groepbehuising-perseel. Landskapering. Perseel ontwikkelingsplan. Eienaarsvereniging. Tuisbedryf / professionele gebruik.
ALGEMENE WOONSONE 2: DORPSHUISE (GR2) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Op dorpshuise-perseel: dorpshuise, aftree-oord, woonhuis. Op dorpshuis-erwe: dorpshuis, tuisbedryf. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Op dorpshuis- perseel: woonstelle, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	Geen	65% op groeperf	3 ver-diepings	Eksterne strate: 3,0 m (5,0 m op verklaarde pad). Interne strate: 0,0 m, 4,5 m voor motorhuis.	0,0 m; 3,0 m langs ander dorpsbehuising-perseel of ander sone.	0,0 m; 3,0 m langs ander dorpsbehuising-perseel of ander sone.	6,5 m op eksterne strate.	2 plekke per woning: waarvan 25% vir besoekers.	Beginsels van ontwerp. Gemeenskaplike oopruimte. Digtheid. Dienswerf. Wydte van interne strate. Maksimum grote van dorpsbehuising-perseel. Landskapering. Perseel ontwikkelingsplan. Eienaarsvereniging. Woonstelle. Tuisbedryf/professionele gebruik.
ALGEMENE WOONSONE 3: BLOKKE WOONSTELLE (GR3) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Woonstelle, woongebou, gastehuis, groep-behuising, dorpshuise, aftree-oord, woonhuis. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Hotel, inrigting, plek van onderrig, vergaderplek, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie. In woonstelle: tuisbedryf.	1,6	40%	4 ver-diepings	5 m	1 - 3 verdiepings: 4,5 m. 4de verdieping: 6,0 m.	1 - 3 verdiepings: 4,5 m. 4de verdieping: 6,0 m.	6,5 m	1,75 plekke per woonstel waarvan 15% vir besoekers.	Gemeenskaplike oopruimte. Dienswerf. Groepbehuising / dorpsbehuising Inrigting, plek van onderrig, vergaderplek. Tuisbedryf / professionele praktyk.
ALGEMENE WOONSONE 4: GASTEHUIS (GR4) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Gastehuis, woonhuis. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Woongebou, woonstelle, konferensiesentrum.	1,0	50%	2 ver-diepings	4,0 m	3,0 m	3,0 m	6,5 m indien meer as 10 kamers.	1 plek per kamer, plus 2 plekke.	Voorskrifte vir die bedryf van 'n gastehuis. Ontwikkelingsplan vir die perseel.

* "Ander voorwaardes" verwys na voorwaardes wat nie in Tabel A aangegee word nie, maar elders in die Regulasies voorgeskryf word.

SAKESONES (HOOFSTUK 7)

SONE	VLOER-FAKTOR	DEKKING	HOOG-TE	BOULYN STRAAT	BOULYN KANT	BOULYN AGTER	TERUG-SET	PARKE-RING	ANDER VOORWAARDES*
SAKESONE 1: LAE INTENSITEIT SAKE (B1) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Sakeperseel, kantore, woonstelle en woongeboue bo die grondverdieping, publieke parkering, woonhuis. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Restaurant, drankwinkel, diensbedryf, vermaaklikheidsplek, vergaderplek, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	1,8	80% vir 1ste verdieping. 50% bo 1ste verdieping	3 ver-diepings	0,0 m, of terugset. 5,0 m op verklaarde pad.	0,0 m: 1ste verdieping. 3,0 m op grens met residensiële sones. Ander verdiepings: 4,5 m.	0,0 m: 1ste verdieping. 3,0 m op grens met residensiële sones. Ander verdiepings: 4,5 m.	6,5 m	1 plek per 25 m² bruto vloer-oppervlakte.	Laaigeriewe. Oorskryding deur veranda of balkon. Straathoeke. Afskerming. Ontwikkelingsplan vir die perseel.
SAKESONE 2: HOË INTENSITEIT SAKE (B2) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Sakeperseel, kantore, diensbedryf, restaurant, woonstelle & woongebou bo grondverdieping, publieke parkering. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Nywerheidskorwe, ligte nywerheid, gelisensieerde hotel, drankwinkel, begrafnisonderneming, diensstasie, inrigting, vergaderplek, onderrigplek, vermaaklikheidsplek, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasie-stasie. Woonstelle en woongeboue op die grondvloer.	2,3	80% vir 1ste verdieping. 50% bo die 1ste verdieping	4 ver-diepings	0,0 m, of terugset. 5,0 m op verklaarde pad.	0,0 m 1ste verdieping; 3,0 m op grens met residensiële sones. Ander vloere: 0,0 m vir eerste 15 m van straatgrens, dan 4,5 m vir 2de & 3de verdiepings; 6,0 m vir 4de verdieping.	0,0 m 1ste verdieping; 3,0 m op grens met residensiële sones. Ander vloere: 4,5 m vir 2de & 3de ver-diepings; 6,0 m vir 4de verdieping.	8,0 m	1 plek per 25 m² bruto vloer-oppervlakte.	Laaigeriewe. Oorskryding deur veranda of balkon. Straathoeke. Oorskrydings oor die straatgrens. Wandelgang langs die straatgrens Afskerming. Ontwikkelingsplan vir die perseel. Kantoorpark of nywerheidskorf. Woonstelle en woongebou op die grondvloer.
SAKESONE 3 DIENSSTASIE (B3) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Diensstasie **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Openbare garage, winkels, kantore, restaurant, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	1,6	80%	2 verdie-pings en 8,0 m	5,0 m of terugset.	1ste verdieping: 0,0 m, maar op woonsones: 3 m. 2de verdieping: 4,5 m.	1ste verdieping: 0,0 m, maar op woonsones: 3 m. 2de verdieping: 4,5 m.	8,0 m	4 plekke per herstel- & wasplek, + 1 plek per 50 m² bruto vloer-oppervlakte.	Vereistes vir toegang tot perseel. Afskerming. Alternatiewe ontwikkelingsreëls.

* "Ander voorwaardes" verwys na voorwaardes wat nie in Tabel A aangegee word nie, maar elders in die Regulasies voorgeskryf word.

NYWERHEIDSONES (HOOFSTUK 8)

SONE	VLOER-FAKTOR	DEK-KING	HOOG-TE	BOULYN STRAAT	BOULYN KANT	BOULYN AGTER	TERUG-SET	PARKE-RING	ANDER VOORWAARDES
NYWERHEIDSONE 1: LIGTE NYWERHEID: (IND1) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Diensbedryf, nywerheidskorf, pakhuis, restaurant, diensstasie, publieke parkering. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Openbare garage, winkels, drankwinkel, kantore, volwasse volmaak, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	1,6	80%	2 ver-diepings	5,0 m van grens of van terugset.	0,0 m met brand-muur, anders: 3 m. Op ander sones: 1ste verdieping: 3,0 m, 2de verdieping: 4,5 m.	3 m. Op ander sones: 2de verdieping: 4,5 m.	8,0 m	1 plek per 50 m² bruto vloer-oppervlakte.	Bykomende gebruiksregte. Grensmure. Laaiplekke. Afskerming. Omgewingsimpak. Ontwikkelingsplan vir die perseel. Gevaarlike materiaal. Nywerheidskorf. Diensstasie.
NYWERHEIDSONE 2: ALGEMENE NYWERHEID (IND2) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Nywerheid, diensbedryf, pakhuis, skrootwerf, ver-voergebruik, nywerheidskorf, diensstasie, openbare garage, begrafnisonderneming, restaurant, publieke parkering. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Winkel, drankwinkel, plek van onderrig, vergader-plek, volwasse volmaak, stortingsterrein, slagpale, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	2,4	80	10 m of soos met die Raad ooreen-gekom.	5,0 m van grens of van terugset.	0,0 m met brand-muur, anders: 3 m. Op ander sones: 1ste verdieping:: 3,0 m 2 & 3de verdiepings: 4,5 m.	3 m. Op ander sones: 2de & 3de verdiepings: 4,5 m.	8,0 m	1 plek per 50 m² bruto vloer-oppervlakte.	Bykomende gebruiksregte. Grensmure. Laaiplekke. Afskerming. Gevaarlike materiaal. Omgewingsimpak. Ontwikkelingsplan Nywerheidskorf. Diensstasie.
NYWERHEIDSONE 3: HINDERBEDRYF (IND3) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Hinderbedryf, risikobedryf, krematorium, slagpale, brandstof-opslagplek. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Nywerheid, diensbedryf, pakhuis, skrootwerf, ver-voergebruik, winkel, diensstasie, openbare garage, nywerheidskorf, stortingsterrein, publieke parkering, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	2,4	80%	10 m, of soos met Raad ooreenge-kom.	5,0 m van grens of van terugset.	10 m	10 m	8,0 m	1 plek per 50 m² bruto vloer-oppervlakte.	Bykomende gebruiksregte. Omgewingsimpak. Grensmure. Laaiplekke. Afskerming. Ontwikkelingsplan vir die perseel. Diensstasie.
NYWERHEIDSONE 4: MYNBOU (IND4) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Mynbou **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Nywerheid, hinderbedryf, risikobedryf, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.									Vereistes vir aansoek. Ontwikkelingsplan vir die perseel. Bedryfsvereistes.

GEMEENSKAPSONES (HOOFSTUK 9)

SONE	VLOER-FAKTOR	DEK-KING	HOOGTE	BOULYN STRAAT	BOULYN KANT	BOULYN AGTER	TERUG-SET	PARKERING	ANDER VOORWAARDES*
GEMEENSKAPSONE 1: OPVOEDKUNDIG (C1) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Plek van onderrig. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Konferensiesentrum, vergaderplek, plek van aanbidding, inrigting, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	1,5	50%	3 verdiepings	10,0 m	10,0 m	10 m	8,0 m	Skole: 2 plekke per klaskamer. Ander onderrigplek: 1 plek per klas-kamer en kantoor, + 1 plek per 10 leerders.	Bykomende gebruiksregte. Ontwikkelingsplan vir die perseel.
GEMEENSKAPSONE 2: PLEK VAN AANBIDDING (C2) **PRIMÊRE GEBRUIK** Plek van aanbidding, woning vir godsdienstige leier. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Kolumbarium, plek van onderrig, vergaderplek, inrigting, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	1,2	60	2 vloere of 10 m, of soos met Raad ooreengekom Woonhuis: soos vir SR1.	10,0 m Woonhuis: soos vir SR1	10,0 m. Woonhuis: soos vir SR1.	10,0 m. Woonhuis: soos vir SR1.	6,5 m	1 plek per 8 sitplekke.	Bykomende gebruiksregte. Ontwikkelingsplan vir die perseel. Uitsondering vir klein gemeentes.
GEMEENSKAPSONE 3: INRIGTING & HOSPITAAL (C3) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Inrigting, hospitaal, kliniek. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Vergaderplek, plek van onderrig, woongebou, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	1,2	60%	2 verdiepings.	10,0 m	10,0 m	10,0 m	8,0 m	Hospitaal: 1 plek per bed. Kliniek/spreekkamers: 4 plekke per spreek-kamer.	Ontwikkelingsplan vir die perseel.

* "Ander voorwaardes" verwys na voorwaardes wat nie in Tabel A aangegee word nie, maar elders in die Regulasies voorgeskryf word.

OWERHEIDSONE (HOOFSTUK 10)

SONE	VOORSKRIFTE
OWERHEIDSONE (AU) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Owerheidsgebruik, nutsdienste, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Enige gebruik wat die Raad bepaal.	Gebruike moet versoenbaar wees met die tipe gebruike in die omgewing. Adverteer van voorstelle.

VERVOERSONES (HOOFSTUK 11)

SONE	VOORSKRIFTE
VERVOERGEBRUIK 1: **VERVOERGEBRUIK (TR1)** **PRIMÊRE GEBRUIKE** Vervoergebruik, publieke parkering. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Winkels, kantore, restaurant, drankwinkel, nywerheid, diensbedryf, diensstasie, openbare garage, vergaderplek, vermaaklikheidsplek, inrigting, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie	Die Raad bepaal die voorwaardes van ontwikkeling, onderhewig aan artikel16.5.
VERVOERGEBRUIK 2: **PAD (TR2)** **PRIMÊRE GEBRUIKE** Publieke straat, privaat straat, publieke parkering, private parking. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Die Raad besluit.	Bykomende gebruiksregte. Straatsmouse toegelaat. Konstruksie en aflaai van materiaal. Lugregte. Voorgestelde publieke strate, straatverbreding, en sluit van strate onderhewig aan artikel16.6.
VERVOERGEBRUIK 3: **PARKERING (TR3)** **PRIMÊRE GEBRUIKE** Publiek parkering, privaat parkering. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Winkel, diensstasie, openbare garage, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	Die Raad bepaal die voorwaardes van ontwikkeling, onderhewig aan artikel10.3.
VERVOERGEBRUIK 4: **SPOORWEË (TR4)** **PRIMÊRE GEBRUIKE** Spoorlyn, spoorwegstasie en gepaardgaande gebruike, publieke parkering. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Winkels, werkwinkels, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	Die Raad bepaal die voorwaardes van ontwikkeling, onderhewig aan artikel10.3..

NATUURBEWARING EN OOPRUIMTE SONES (HOOFSTUK 12)

SONE	ANDER VOORWAARDES*
BEWARINGSONE 1: WILDERNISGEBIED (CON1) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Bewaring van 'n wildernisgebied. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Geen.	Die Raad mag die instel van 'n bestuursagentskap vereis. Omgewingsbestuursplan. Adverteer ontwikkelingsvoorwaardes soos vir 'n hersonering
BEWARINGSONE 2: STATUTÊRE BEWARING (CON2) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Wetlik ingestelde natuurbewaring. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Vakansie akkommodasie, toeriste fasiliteite, 4x4 pad, bestuurfasiliteite, volhoubare gebruik van bronne, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	Omgewingsbestuursplan. Die Raad mag goedkeuring van die Natuur-bewaringsraad vir omgewingsbestuursplan vereis. Adverteer ontwikkelingsvoorwaardes soos vir 'n hersonering.
BEWARINGSONE 3: NIE STATUTÊRE BEWARING (CON3) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Natuurbewaring, volhoubare gebruik van bronne. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Toeriste fasiliteite, 4x4 pad, bestuurfasiliteite, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	Die Raad mag die instel van 'n bestuursagentskap vereis. Omgewingsbestuursplan. Adverteer ontwikkelingsvoorwaardes soos vir 'n hersonering.
OOPRUIMTE SONE 1: PUBLIEKE OOPRUIMTE (OS1) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Publieke oopruimte. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Die Raad bepaal.	Die Raad mag die instel van 'n bestuursagentskap vereis. Die Raad bepaal die ontwikkelingsvoorwaardes. Adverteer ontwikkelingsvoorwaardes soos vir 'n hersonering.
OOPRUIMTE SONE 2: PRIVAAT OOPRUIMTE (OS2) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Privaat oopruimte. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Sportgronde; die Raad bepaal.	Die Raad mag die instel van 'n bestuursagentskap vereis. Die Raad bepaal die ontwikkelingsvoorwaardes. Adverteer ontwikkelingsvoorwaardes soos vir 'n hersonering.
OOPRUIMTE SONE 3: BEGRAAFPLAAS (OS3) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Begraafplaas, kolumbarium. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Krematorium, plek van aanbidding, begrafnisonderneming, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	Die Raad bepaal die ontwikkelingsvoorwaardes. Adverteer ontwikkelingsvoorwaardes soos vir 'n hersonering.

* "Ander voorwaardes" verwys na voorwaardes wat nie in Tabel A aangegee word nie, maar elders in die Regulasies voorgeskryf word.

OORDSONE: VAKANSIE-AKKOMMODASIE (HOOFSTUK 13)

SONE	ANDER VOORWAARDES
OORDSONE (REZ): VAKANSIE-AKKOMMODASIE **PRIMÊRE GEBRUIKE** Vakansie-akkommodasie, natuurbewaring, privaat oopruimte **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Toeriste fasiliteite, konferensiesentrum, hotel, landgoed-behuising, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie	Die Raad bepaal die voorwaardes van ontwikkeling, onderworpe aan artikel3.4. Ontwikkelingsplan vir die perseel.

LANDBOU & LANDELIKE SONES (HOOFSTUK 14)

SONE	HOOGTE	BOULYNE			ANDER VOORWAARDES
		STRAAT	KANT	AGTER	
LANDBOUSONE 1: LANDBOU (AGR1) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Landbou, woonhuis, gastekamers, huisvesting van loseerders, tuisbedryf. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Tweede woning of dubbelwoonhuis, addisionele wooneenheid, gastehuis, toeriste-geriewe, plaasstal, plaaswinkel, akwakultuur, intensiewe boerdery met diere, intensiewe plantverbouing, kwekery, ryskool, 4x4 pad, kommersiële hondehokke, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	Huis 2 vloere; ander geboue 10 m, of soos die Raad bepaal.	30,0 m	30,0 m	30,0 m	Maksimum grootte van addisionele wonings, plaasstal en plaaswinkel. Minimum grootte van onderverdelings. Ontwikkelingsplan. Gastekamers en huurkamers. Tuisbedryf.
LANDBOUSONE 2: LANDBOUNYWERHEID (AGR2) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Landbounywerheid. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Toeriste-geriewe, plaasstal, slagpale, woonhuis, behuising vir werknemers, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.	Soos deur die Raad bepaal, volgens bedryfs-behoeftes.	30,0 m van publieke straatgrens.	30,0 m van plaasgrens.	30,0 m van plaasgrens.	Identifiseer van sone area. Dekking: 80%. Ontwikkelingsplan. Parkering: 1 plek per 100 m^2 bruto vloeroppervlakte.
LANDELIKE SONE 1: KLEINHOEWES (RU1) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Landbou, woonhuis, gastekamers, verhuur van kamers, tuisbedryf **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Tweede woning of dubbelwoonhuis, toeriste geriewe, ryskool, kwekery, intensiewe tuinbou, intensiewe diere boerdery, kommersiële hondehokke, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie	2 verdiepings	10,0 m	10,0 m	10,0 m	Minimum grootte van nuwe kleinhoewes: 3 ha. Dekking: alle geboue 500 m^2. Ontwikkelingsplan vir die perseel. Parkering tot bevrediging van Raad.
LANDELIKE SONE 2: LANDELIKE GEHUGGIE (RU2) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Huisvesting vir landelike werknemers. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Dagsorgsentrum, vergaderplek, kliniek, winkels, huiswinkel, huistaverne, plaaswinkel.					Raad bepaal die voorwaardes van ontwikkeling – adverteer soos vir hersonering. Voorsiening van dienste. Ontwikkelingsplan.

SPESIALE SONES (HOOFSTUK 15)

SONE	VOORSKRIFTE
ONBEPAALDE SONE (UN) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Gebruike wat voor 1 Julie 1986 bestaan het. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Geen.	Geen nuwe ontwikkeling.
SPESIALE SONE (SP) **PRIMÊRE GEBRUIKE** Spesiale gebruik. **VERGUNNINGSGEBRUIKE** Die Raad bepaal.	Die Raad bepaal die voorwaardes van ontwikkeling. Adverteer ontwikkelingsreëls vir publieke kommentaar.
ONDERVERDELINGSGEBIED (SA)	

DEEL II
ONTWIKKELINGSBEPLANNING EN IMPAKSTUDIES

Deel II gee bykomende voorskrifte wat die Raad help om die omgewing te bestuur op munisipale vlak met behulp van die sisteem vir ontwikkelingsbeplanning. Dit onderstreep die vereistes vir pro-aktiewe ontwikkelingsbeplanning en die noodsaaklikheid om alle relevante inligting voor goedkeuring van aansoeke te oorweeg, veral vir aktiwiteite wat moontlik 'n negatiewe uitwerking op die omgewing mag hê.

HOOFSTUK 4
GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING, OMGEWINGSBESTUUR & -IMPAKSTUDIES

BELEID

- *Omgewingsbestuur gaan om die mens en sy welvaart, en sy afhanklikheid van die natuurlike omgewing, want die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur stel dit dat: "Omgewingsbestuur moet mense en hul behoeftes vooropstel, en hul fisiese, sielkundige, ontwikkelings-, kulturele en maatskaplike belange billik dien" (Artikel 2(2)). Die Wet op Omgewingsbewaring dui op die wye siening van "Omgewing", want dit word gedefinieer as "die gesamentlike omliggende voorwerpe, omstandighede en invloede wat die lewe en gewoontes van mense en enige ander organisme of versameling van organismes beïnvloed". Die doel van omgewingsbestuur kan gestel word as om volhoubare ontwikkeling te bevorder, veral ontwikkeling wat die welvaart van die armer deel van die bevolking sal verbeter. Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning is 'n belangrike instrument in omgewingsbestuur.*
- *Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning koppel en koördineer die onderskeie sfere wat die werking van plaaslike bestuur beïnvloed. Dit is 'n deelnemende benadering, met die doel om ekonomiese, sektorale, ruimtelike, sosiale, institusionele, omgewings- en fiskale strategieë te integreer om daardeur die beste toebedeling van skaars hulpbronne tussen sektore, en geografiese areas en vir die hele bevolking te bevorder.*
- *Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan is die hoofmiddel waarmee die Munisipaliteit sy ontwikkelings- en bewaringsmandaat kan uitvoer. Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan moet 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk insluit. Bio-streekbeplanning is besonder geskik vir die beplanning van landelike en natuurgebiede buite beboude gebiede.*
- *Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk is 'n riglynplan wat die Raad se besluite oor ontwikkeling en bewaring moet lei. Die fyner besonderhede van die administrasie van ontwikkeling, grondgebruik-verandering en bewaring word bestuur deur middel van die soneringskema, dit is hierdie regulasies. Hierin word die grondgebruik, en regte vir ontwikkeling, van elke grondeenheid bepaal. Die soneringskema en sy implementering moet dus strook met die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, en dit uitvoer.*
- *Die soneringskema moet nie uitsluitlik beheer georiënteer of reaktief wees nie, maar moet 'n pro-aktiewe element insluit, wat aandui wat aanneemlik is beide vir ontwikkeling en vir bewaring. Behalwe die voorsiening van verskillende sones, skep die soneringskema ook meganismes waarmee die strategieë wat in die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk aangedui word, uitgevoer kan word.*
- *Omgewingsimpakanalises word gedoen om die omvang en uitwerking van voorgestelde projekte op die natuurlike, die bio-fisiese, stedelike en sosio-ekonomiese omgewing te identifiseer, te voorspel en te evalueer, voor die neem van belangrike besluite. Dit behels 'n studie van die gevolge vir die omgewing van 'n voorgestelde aksie. Die doel van omgewingsimpakanalise is:*
  - *om besluitneming te vergemaklik,*
  - *om te help met die ontwerp van ontwikkelingsprojekte, en*
  - *om negatiewe impakte op die omgewing te verminder, en die positiewe impakte te maksimeer.*
- *Omgewingsimpakanalises mag kragtens nasionale wetgewing verplig word maar dit mag ook deur die Raad vereis word waar die Raad meen dat 'n voorgestelde grondgebruik of aksie moontlik 'n beduidende impak op die omgewing sal hê. Hierdie regulasies skep dus 'n middel en prosedure waarmee die Raad 'n omgewingsimpakanalise kan vereis en bestuur in gevalle waar geen ander wetgewing daarvoor voorsiening maak nie.*

PROSEDURES

4.1 INTEGRASIE VAN ONTWIKKELINGSBEPLANNING EN SONERING

4.1.1 Die Raad moet pro-aktief ontwikkelings-georiënteerde beplanning onderneem volgens die vereistes van nasionale en provinsiale wetgewing, gebaseer op die beginsels van die bevordering van volhoubare ontwikkeling.

4.1.2 die Raad moet oor tyd al sy ontwikkelingsbeplanning integreer en sodoende poog om alle onnodige duplisering van beheer in die munisipale administrasie uit te skakel.

4.2 OORWEGING VAN DIE IMPAK AN AKTIWITEITE

Die Raad moet, om uitvoering te gee aan die doel van geïntegreerde omgewingsbestuur soos deur nasionale en provinsiale wetgewing voorgeskryf, aktiwiteite wat die omgewing beduidend kan raak ondersoek, voordat enige verlof kragtens die Beplanningswet toegestaan word.

4.3 ANALISE VAN OMGEWINGSIMPAK

4.3.1 As die Raad besluit dat 'n voorgestelde grondgebruik moontlik 'n beduidende impak op die vermoëns van die munisipale dienste of die bio-fisiese omgewing sal hê, of 'n openbare hindernis sal veroorsaak, en daar nie in ander wetgewing ander maatreëls voorgeskryf word nie, mag die Raad vereis dat 'n impakanalise tot sy bevrediging uitgevoer word.

4.3.2 As 'n impakanalise vereis word kragtens artikel4.3.1, moet die aansoeker:

(a) op eie koste 'n onafhanklike konsultant aanstel wat moet voldoen aan die relevante vereistes vir impakevaluering van hierdie regulasies;

(b) verseker dat die konsultant geen geldelike belang het by die voorgestelde projek nie, behalwe in die uitvoer van sy professionele opdrag;

(c) verseker dat die konsultant die nodige kundigheid het om alle voorgeskrewe take volgens die vereistes van hierdie artikelte kan uitvoer;

(d) verseker dat die konsultant die Raad voorsien van alle prosedures, onderliggende data, verslae en onderhoude met belanghebbendes, en vir die Raad geleentheid skep om dit te ondersoek, ongeag of sodanige inligting deel uitmaak van die verslag wat kragtens hierdie artikelvereis word of nie; en

(e) verantwoordelikheid dra vir openbare konsultering, om te verseker dat alle belanghebbendes, insluitend staatsorgane onder wie se beheer enige aspek van die voorgestelde bedrywigheid moontlik val, geleentheid het om deel te neem aan die prosesse wat in hierdie artikelvoorgeskryf word.

4.3.3 Die Munisipale Bestuurder moet:

(a) verseker dat die analises en besluite wat kragtens hierdie artikelvereis word effektief en binne 'n redelike tydperk uitgevoer of geneem word, en dat die aansoeker onmiddellik verwittig word as daar enige oponthoud is, en dat sodanige oponthoud skriftelik aan aansoeker verduidelik word;

(b) die aansoeker voorsien van enige riglyne, sowel as enige ander inligting waaroor die Munisipale Bestuurder mag beskik, wat die aansoeker sal help om sy verpligtinge kragtens hierdie artikeluit te voer; en

(c) poog om die insette wat van die aansoeker vereis word te beperk tot 'n sinvolle minimum wat ingeligte besluitneming tot gevolg sal hê, sonder om die regte wat belanghebbendes kragtens hierdie artikelhet, te beperk.

4.3.4 Die omgewingsimpakstudie moet die volgende bevat, maar is nie daartoe beperk nie:

(a) Beskrywings van:

(i) die betrokke omgewing;

(ii) die aktiwiteite wat onderneem sal word;

(iii) elke alternatief wat in die omgewingsimpakstudie oorweeg is, en

(iv) die prosedures van publieke deelneming wat gevolg is, insluitend 'n lys van belanghebbendes en hul onderskeie kommentaar, asook enige mediaberigte oor die voorgestelde aktiwiteit;

(b) enige ander inligting wat, volgens die mening van die Munisipale Bestuurder relevant mag wees;

(c) 'n vergelykende evaluering van alternatiewe, insluitend:

(i) die omvang en belangrikheid van elke impak op die omgewing wat uitgeken is;

(ii) die moontlikheid van versagting van elke geïdentifiseerde negatiewe impak, en

(d) afleidings en aanbevelings.

4.3.5 Waar die konsultant van mening is dat van die inligting in 4.3.4 gelys nie ter sake is nie, redes gee waarom dit nie ter sake is nie.

4.3.6 Die Munisipale Bestuurder moet, binne veertien dae na ontvangs van 'n aansoek, die aansoeker skriftelik verwittig van enige aspekte, indien enige, wat verdere toeligting of dokumentasie vereis.

4.3.7 Nadat die Munisipale Bestuurder 'n omgewingsimpakstudie in ontvangs geneem het wat tot sy bevrediging uitvoering gee aan die vereistes van artikel4.3.4, moet die Raad die aansoek oorweeg en kan dan besluit om dit toe te staan of af te keur.

4.4 MUNISIPALE OPDRAGTE OOR HINDERLIKE AKTIWITEITE

4.4.1 As die Munisipale Bestuurder meen dat die algemene aangenaamheid van grond in enige sone grondig geraak word deur:

(a) enige werke, van watter aard ookal, wat onderneem is of aan die gang is,

(b) enige gebruik van enige gebou, struktuur of grond, of

(c) die toestand van enige gebou, struktuur of grond,

mag die Munisipale Bestuurder kennis gee aan die eienaar of okkupeerder van die grond waarop die ongewenste werke, gebruike of toestande voorkom om binne 'n bepaalde tydperk op te tree, om sodanige ongewenste optrede, gebruik of toestand reg te stel.

4.4.2 As tuinafval, ander afval, bourommel, skrootyster, verlate of onbruikbare motorvoertuie op grond opgegaar word op so 'n wyse dat dit na die mening van die Munisipale Bestuurder:
(a) 'n brandgevaar skep;
(b) die openbare veiligheid bedreig, of
(c) onooglik of afstootlik lyk,
mag die Munisipale Bestuurder die eienaar of okkupeerder kennis gee dat die materiaal binne 'n vasgestelde tyd verwyder moet word.

4.4.3 As die eienaar of okkupeerder versuim om die opdragte van 'n kennisgewing soos beskryf in 4.4.1. en 4.4.2 uit te voer, mag die Munisipale Bestuurder die nodige stappe doen om sodanige opdragte te laat uitvoer teen die rekening van die eienaar of okkupeerder.

4.5 BEWARING VAN BOME

4.5.1 Waar 'n aansoek kragtens hierdie regulasies ingedien is, mag die Munisipale Bestuurder 'n plan van die betrokke grondeenheid vereis, opgestel deur 'n gekwalifiseerde landskap-argitek, waarop bewaringswaardige bome aangedui word.

4.5.2 Niemand mag enige bewaringswaardige boom wat as sodanig op 'n plan aangedui word, beskadig, afkap of verwyder sonder vooraf-geskrewe verlof van die Munisipale Bestuurder nie.

4.6 PLAN VIR OMGEWINGSBESTUUR

4.6.1 Die volgende voorwaardes is van toepassing op planne vir die bestuur van die omgewing:
(a) 'n Plan vir die bestuur van die omgewing moet inligting vervat soos omskryf in die definisie van "omgewingsbestuursplan", tensy die Raad besluit om sekere vereistes op te hef.
(b) Die Raad mag 'n omgewingsbestuursplan wat vir sy goedkeuring ingedien word, goedkeur, of veranderinge voor goedkeuring vereis, of dit afkeur.
(c) Waar die indien van 'n omgewingsbestuursplan kragtens hierdie regulasies vereis word, mag geen aansoek om onderverdeling van grond, oordrag van grond of goedkeuring van bouplanne kragtens die Nasionale Wet op Bouregulasies deur die Raad goedgekeur word alvorens 'n omgewingsbestuursplan eers goedgekeur is nie.
(d) Die grond moet in die breë ontwikkel word in ooreenstemming met die omgewingsbestuursplan soos deur die Raad goedgekeur, en tot die Raad se bevrediging.
(e) 'n Aansoek mag by die Raad ingedien word om wysiging van 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan.
(f) Die Raad moet 'n aansoek om goedkeuring of wysiging van 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan hanteer op 'n wyse wat strook met sy beleid van deursigtigheid, openbare deelname en administrasie van sodanige aansoeke.
(g) Met die goedkeur van 'n omgewingsbestuursplan of 'n aanpassing van 'n omgewingsbestuursplan mag die Raad voorwaardes vir goedkeuring neerlê.

DEEL III
SOORTE SONES EN ONTWIKKELINGSREËLS

Deel III beskryf die verskillende soorte sones en die ontwikkelingsreëls wat op elke sone van toepassing is, insluitend primêre en vergunningsgebruike.

HOOFSTUK 5:
ENKELWONINGSONES

BELEID

Die volgende algemene beleidsrigtings en –beginsels is van toepassing op enkelwoningsones tensy sodanige beleidsrigtings deur 'n goedgekeurde struktuurplan of ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vervang word.

(i) Enkelwoningsones verskaf ruimte vir enkel-gesin huise van verskillende digthede, en het ten doel om 'n aangename karakter van woongebiede te verseker. Die algemene doel van enkelwoningsones is om 'n gesonde, veilige en aangename woon-omgewing te voorsien en om die bestendigheid van woonbuurtes te verseker deur die aard van die buurt te bewaar. Daar is egter beheerde geleenthede vir tuisbedrywe en, onderhewig aan goedkeuring deur die Raad, ontwikkeling van lae digtheid gemengde gebruike wat versoenbaar is met woongebruike.

(ii) Geleenthede word in Enkelwoon-sone 2 geskep vir innoverende ontwerpe en voorskrifte vir ontwikkelingsbestuur wat eie is aan 'n bepaalde plek, om verskille in lewenswyse te reflekteer, soos residensiële gholf-oorde en perdry-oorde.

(iii) Daar word in Enkelwoningsone 3 voorsiening gemaak vir informele behuising. Hier word bou- en beplanningstandaarde verslap, maar die uiteindelike doel moet wees om sodanige gebiede so gou doenlik op te gradeer na 'n aanvaarde standaard. Sodra 'n aanvaarde standaard bereik word, behoort die betrokkegrond hersoneer te word na Enkelwoningsone 1.

5.1 ENKELWONINGSONE 1: WOONHUISE (SR1)

Doel

Die doel van Enkelwoningsone 1: Woonhuise is om te voorsien in woonbuurt-ontwikkeling waar 'n huis per gesin oorheersend is, waar elke woning op sy eie erf staan met eie privaat oopruimte. Beperkte werk- en bykomende woongeleenthede is moontlik as primêre of vergunningsgebruike, op voorwaarde dat die oorheersende gebruik van die grond residensieel bly en sodanige vergunningsgebruike geen nadelige gevolge vir die gehalte en aard van die omliggende woonomgewing inhou nie.

Waar erwe klein is, veral by ontwikkelings bedoel vir hoër inkomstegroepe, moet groepbehuising oorweeg word, eerder as enkelwoning. Omdat groepbehuising meer beheer oor ontwerp gee, in dus meer geskik is vir hoër digtheid ontwikkeling as enkelwoning.

Skakelhuise en veral ryhuise is hoofsaaklik bedoel vir bekostigbare behuising.

Gebruik van grond

5.1.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: woonhuis, skakelhuise, ryhuise, verhuur van kamers, gastekamers, tuisbedryf.

(b) **Vergunningsgebruike**: tweede woning of dubbelwoonhuis, dagsorgsentrum, huiswinkel, huistaverne.

Voorwaardes van ontwikkeling

5.1.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) **Dekking**: Die maksimum-dekking word volgens onderstaande tabel bereken:

Netto erf-oppervlakte	Maksimum dekking
Erf 300 m² en kleiner	70%
Groter as 300 m² tot en met 500 m²	60%
Groter as 500 m² tot en met 1 000 m²	50%
Groter as 1 000 m²	500 m² of 40%, wat ookal kleiner is

(b) **Hoogte**

(i) Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie, met die voorbehoud dat, waar die helling van die grond steiler as 1 in 5 is, die hoogte kragtens artikel(ii) hieronder aangepas kan word.

(ii) Waar die hoogte kragtens hierdie artikelbepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale hoogte bo grondvlak oorskry nie van 6,0 m vir 'n platdak-gebou, of 8,0 m vir 'n skuins- of staandak-gebou, met die voorbehoud dat, by 'n skuins- of staandak-gebou slegs die dakstruktuur die hoogte van 6,0 m mag oorskry.

(c) **Boulyne**

Die volgende boulyne is van toepassing, onderworpe aan artikel16.2:

(i) Straatboulyn:

Netto erf oppervlakte	Straatboulyn
Erf 300 m² en kleiner	2,0 m
Groter as 300 m² tot en met 1 000 m²	3,0 m
Groter as 1 000 m²	4,0 m

(ii) Kantboulyne:

Gemiddelde breedte van 'n erf	Kantboulyn
Skakelhuis en ry-huise (van enige breedte erf)	0,0 m, en 1,5 m vir die kan-te wat nie geskakel is nie.
20 m of smaller	1,5 m
Meer as 20 m	2,0 m

Behalwe waar daar 'n munisipale riool langs 'n erf se grens loop, in welke geval dit die kantboulyn 3,0 m is.

(iii) Agterste boulyn: 2,0 m, tensy daar 'n midblok riool op die erf parallel met die agterste grens loop, in welke geval dit 3,0 m is.

(d) Plasing van deure en vensters
Enige deel van 'n gebou, met vensters of deure wat direk op 'n kant- of agtergrens uitkyk, moet minstens 1,5 m weg van sodanige grens wees. Die gedeelte van die gebou wat volgens hierdie reël teruggesit moet word, moet minstens 3,0 m lank wees, insluitende die deure of vensters.

(e) Motorhuise en -afdakke
Motorhuise en –afdakke mag binne boulyne opgerig word onder omstandighede soos omskryf in artikel16.2.

(f) Parkering en toegang
Parkering en toegang daartoe moet op die erf voorsien word soos omskryf in artikel17.1.

Enkelwoning en groepbehuising, dorpshuise en woonstelle

5.1.3 Waar aansoek gedoen word vir 'n Enkelwoningsone 1 ontwikkeling, en die woonerwe waarvoor aansoek gedoen word is gemiddeld kleiner as 400 m^2, kan die Raad besluit, as die Raad dit in die beste belang van die gemeenskap ag, dat die ontwikkeling as Algemene woonsone 1, 2 of 3 (groepbehuising, dorpshuise of woonstelle) ontwikkel moet word. In so 'n geval moet aansoek gedoen word vir hersonering na die Algemene woonsone wat die Raad die geskikste ag.

Voorsiening van publieke oopruimte

5.1.4 By die ontwikkeling van 'n nuwe Enkelwoningsone 1 moet minstens 5% van die bruto oppervlakte van die gebied wat vir Enkelwoningsone 1 aangewend word as publieke oopruimte gereserveer word.

Standaarde vir onderverdeling en digtheid

5.1.5 Die volgende voorskrifte vir onderverdeling en digtheid is van krag:

(a) Minimum oppervlakte vir onderverdeling
(i) Die soneringskaart mag gebiede binne hierdie sone aandui waar 'n minimum erfgrootte voorgeskryf word.
(ii) Waar 'n minimum standaard vir onderverdeling voorgeskryf word kragtens (a)(i) hierbo, mag die netto erfgrootte van die erwe wat deur sodanige onderverdeling tot stand kom, of van enige restant wat ook as Enkelwoningsone 1 gesoneer word, nie kleiner wees as die gespesifiseerde minimum-grootte nie.

(b) Maksimum digtheid
(i) Die soneringskaart mag gebiede aandui binne hierdie sone waar 'n maksimum-digtheid voorgeskryf word vir 'n erf, gebied of buurt.
(ii) Waar 'n maksimum-digtheid kragtens (b)(i) hierbo voorskryf word, mag die bruto-digtheid van ontwikkeling op die erf, gebied of buurt nie die maksimum-digtheid oorskry nie.

Tweede woning, dubbelwoonhuis

5.1.6 Waar die Raad verlof toestaan vir 'n tweede woning of dubbelwoonhuis, mag die Raad die volgende voorwaardes oplê, maar word nie daartoe beperk nie:
(a) Totale vloeroppervlakte van 'n tweede woning mag nie 120 m^2 oorskry nie, maar die totale vloeroppervlakte van 'n wooneenheid in 'n dubbelwoonhuis word nie hiertoe beperk nie.
(b) By 'n tweede woning moet die argitektoniese styl, buite-materiale en -afwerking aanpas by die bestaande hoof woning.
(c) 'n Tweede woning mag slegs enkelverdieping wees.

(d) Beide wooneenhede in 'n dubbelwoonhuis moet so ontwerp word dat die twee saam die indruk skep van een groot woonhuis. Beide eenhede mag 'n grondvloer hê, of die een kan die grondverdieping en een die tweede verdieping beslaan.

(e) Die Raad mag vir bepaalde buurtes voorwaardes voorskryf van minimum erfgroottes vir onderverdelings en maksimum digtheid, as 'n vereiste vir die toestaan van verlof vir 'n tweede woning of 'n dubbelwoonhuis.

(f) Parkering en toegang daartoe moet op die erf voorsien word soos omskryf in artikel17.1.

Tuisbedryf of professionele praktyk

5.1.7 Die volgende voorwaardes, of enige ander voorwaardes wat die Raad mag nodig ag, geld waar dele van 'n woonhuis of wooneenheid vir 'n tuisbedryf of professionele praktyk gebruik word:

(a) Die oorheersende gebruik van die woonhuis of wooneenheid moet die huisvesting vir woondoeleindes van 'n enkele gesin wees.

(b) Geen gedeelte van sodanige woning, en geen tuisbedryf, mag gebruik word vir 'n hinderbedryf, risikobedryf of verkoop van alkoholiese drank nie.

(c) Geen goedere mag in die openbaar te koop ten toon gestel word nie en geen uiterlike tekens van die tuisbedryf mag van die straat af sigbaar wees nie, behalwe vir 'n advertensie in ooreenstemming met artikel(d) hieronder.

(d) Geen advertensie behalwe 'n enkele onverligte teken of kennisgewing, wat nie oor die straat uitsteek nie, mag vertoon word. So 'n teken mag nie groter as 0,2 m^2 in oppervlakte wees nie en mag slegs die naam, telefoonnommer en professie of nering van die okkupeerder aandui.

(e) Aktiwiteite wat met die tuisbedryf of professionele gebruik verband hou mag nie meer as 25% van die totale vloerruimte van die woning op die grond beslaan nie, of 40 m^2, wat ookal die mees beperkte voorsiening is.

(f) Geen produkte, goedere, of voorrade wat verband hou met die tuisbedryf mag buite 'n gebou op die grond gestoor word nie.

(g) Nie meer nie as altesaam vier persone mag aan die tuisbedryf deelneem nie, insluitend die okkupeerder of okkupeerders of enige assistente.

(h) In die geval van professionele gebruik mag slegs een ander persoon van dieselfde of verwante professie as die okkupeerder, daar werksaam wees.

(i) Nie meer nie as een kommersiële voertuig, van nie groter nie as 3 500 kg bruto-massa, mag vir die tuisbedryf gebruik word, met die voorbehoud dat 'n voertuig wat deur die okkupeerder uitsluitlik vir persoonlike gebruik aangehou word, nie as 'n kommersiële voertuig beskou sal word nie.

(j) Die tuisbedryf en professie mag nie buite die ure 7h30 tot 17h30, Maandag tot Vrydag, bedryf word nie, en ook nie op Sondae nie. Die bedryfsure mag verleng word na Saterdae op die diskresie van die Raad.

(k) Die bedryf van die tuisbedryf of professionele praktyk mag nie 'n publieke steurnis veroorsaak nie.

(l) Enige nuwe struktuur, of verandering aan die bestaande gebou of buitegebou, moet aanpas by die karakter van die betrokke buurt.

(m) Parkering en toegang daartoe moet op die erf voorsien word soos omskryf in artikel17.1, tot bevrediging van die Raad.

Gastekamers en huisvesting van loseerders

5.1.8 Die volgende voorwaardes geld waar kamers verhuur word aan loseerders of as gastekamers:

(a) Die grond moet steeds dien as 'n woonhuis vir die huisvesting van 'n enkele gesin.

(b) Nie meer nie as drie kamers per erf mag as slaapkamers vir betalende gaste of loseerders gebruik word nie, en nie meer as vyf gaste of loseerders mag tegelykertyd van losies of maaltye voorsien word nie.

(c) 'n Register van gaste en loseerders moet gehou word, en ingevul word as kamers verhuur word, en hierdie register moet op versoek beskikbaar wees vir inspeksie deur 'n amptenaar van die Raad.

(d) Gastekamers moet vas wees aan die woonhuis of aan die tweede woning.

(e) Gastekamers mag nie verander word in, of gebruik word as, aparte wooneenhede nie, en daar mag geen kookfasiliteite, behalwe 'n ketel, in sodanige kamers wees nie.

(f) Maaltye mag slegs aan gaste of loseerders wat in die gastekamers loseer bedien word.

(g) Geen advertensie behalwe 'n enkele onverligte teken of kennisgewing, wat nie oor die straat uitsteek nie, mag vertoon word. So 'n teken mag nie groter as 0,2 m^2 in oppervlakte wees nie.

(h) Die bedryf van gastekamers en huisvesting van loseerders mag nie 'n publieke steurnis veroorsaak nie.

(i) Parkering en toegang daartoe moet op die erf voorsien word soos omskryf in artikel 17.1, tot bevrediging van die Raad.

Dagsorgsentrum

5.1.9 Wanneer die Raad toestemming vir 'n dagsorgsentrum gee, mag die Raad die volgende voorwaardes voorskryf, maar is nie beperk daartoe nie:

(a) Nie meer nie as 20 kinders mag by die dagsorgsentrum tegelyk ingeskryf wees nie.

(b) Minstens een toilet en een handwasbak moet beskikbaar wees vir die gebruik van kinders by die dagsorgsentrum.

(c) Minimum binnenshuise en buitenshuise speelareas moet volgens die volgende tabel voorsien word:

Binnenshuise speelarea	Buitenshuis speelarea
1,8 m² per kind, waarvan nie meer as 'n derde 'n toegemaakte stoep mag wees nie.	4,5 m² per kind, wat van enige publieke straat afgekamp moet wees.

(d) Die bedryf van 'n dagsorgsentrum mag nie 'n publieke steurnis veroorsaak nie.
(e) Afstraat op- en aflaaigeriewe moet voorsien word tot bevrediging van die Raad.
(f) Parkering en toegang daartoe moet op die erf voorsien word soos omskryf in artikel 17.1, tot bevrediging van die Raad.

Huiswinkel

5.1.10 Wanneer die Raad toestemming vir 'n huiswinkel gee, mag die Raad die volgende voorwaardes voorskryf, maar is nie daartoe beperk nie:
(a) Die omvang en plasing van die winkel-deel van die woning moet duidelik op 'n plan aangedui word, en mag nie 25 m² of 50% van die vloeroppervlakte oorskry nie (met uitsluiting van 'n toilet en stoor), wat ookal die kleinste is.
(b) Benewens die huiswinkel moet daar 'n huis op die grond wees wat deur die eienaar van die huiswinkel bewoon word.
(c) Enige nuwe struktuur, of verandering aan die bestaande gebou of buitegebou, moet aanpas by die karakter van die betrokke buurt.
(d) Nie meer nie as drie persone, insluitend die bewoner van die woonhuis, mag betrokke wees by verkope op die grond.
(e) Slegs een nie-verligte naambord, van nie groter nie as 0,5 m², word toegelaat. Sodanige bord mag slegs die naam van die eienaar, die naam van die onderneming en die aard van die kleinhandelbedryf aandui.
(f) Die volgende word nie by 'n huiswinkel toegelaat nie: verkoop van alkoholiese drank, stoor van of verkoop van gas en gassilinders, videospeletjies of snoekertafels.
(g) Bedryfsure mag nie die tydperk tussen 6h30 en 21h00 oorskry nie.
(h) Die bedryf van 'n huiswinkel mag nie 'n publieke steurnis veroorsaak nie.
(i) Parkering en toegang daartoe moet op die erf voorsien word soos omskryf in artikel 17.1, tot bevrediging van die Raad.
(j) Verlof om 'n huiswinkel te bedryf word aan 'n bepaalde ondernemer wat van 'n bepaalde grondeenheid handel dryf toegestaan, en dit is nie oordraagbaar nie.

Huistaverne

5.1.11 Wanneer die Raad toestemming vir 'n huistaverne gee, mag die Raad die volgende voorwaardes voorskryf, maar is nie daartoe beperk nie:
(a) Die omvang en plasing van die deel van die woning wat as huistaverne benut sal word moet duidelik op 'n plan aangedui word, en mag nie 25 m² of 50% van die vloeroppervlakte oorskry nie (met uitsluiting van 'n toilet en stoor), wat ookal die kleinste is.
(b) Benewens die huistaverne, moet die grond 'n wooneenheid bevat wat deur die eienaar van die huistaverne bewoon moet word.
(c) Die raad mag die maksimum-aantal klante beperk, asook die tye wat die taverne oop mag wees, en die aantal personeel van die taverne.
(d) Die Raad mag strukturele veranderinge vir brand- of gesondheidsredes vereis, om te verseker dat die bedryf van die huistaverne 'n minimale impak op omliggende grond sal hê.
(e) Die volgende gebruike word nie by 'n huistaverne toegelaat nie: video-speletjies, vermaaklikheidslokaal, diskoteek.
(f) Die eienaar van 'n huistaverne word verplig om 'n dranklisensie kragtens die betrokke wetgewing te bekom. Indien die dranklisensie teruggetrek of opgeskort sou word, sal die Raad se verlof vir die bedryf van 'n huistaverne outomaties verval.
(g) Slegs een nie-verligte naambord, van nie groter nie as 0,5 m², word toegelaat. Sodanige bord mag slegs die naam van die eienaar, die naam van die onderneming en die aard van die kleinhandel bedryf aandui.
(h) Die bedryf van 'n huistaverne mag nie 'n publieke steurnis veroorsaak nie.
(i) Parkering en toegang daartoe moet op die erf voorsien word soos omskryf in artikel 17.1, of soos deur die Raad bepaal.
(j) Verlof om 'n huistaverne te bedryf word toegestaan aan 'n bepaalde ondernemer wat die saak op 'n bepaalde grondeenheid bedryf, en dit is nie oordraagbaar nie.

5.2 ENKELWONINGSONE 2: LANDGOED-BEHUISING (SR2)

Doel

Die doel van die Enkelwoning 2: Landgoed-behuising is om 'n hoë mate van soepelheid aan lae tot mediumdigtheid woongebiede met 'n eiesoortige aard en ontwerp te gee. Dit sluit 'n kenmerkende fasiliteit in, soos 'n gholfbaan, perdry fasiliteite, of 'n spesifieke intensiewe landboubedryf, of natuurbewaring. Dit is geskik vir woongebiede wat onder beheer van 'n eienaarsvereniging staan, met toegangsbeheer en gekoördineerde ontwerp-vereistes. Voorbeelde is golf-oorde, ruitery-oorde, 'n wingerd-landgoed of 'n omgewingsbewaring-landgoed. Hierdie sone sluit nie vakansie-oorde in nie.

Gebruik van grond

5.2.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: woonhuise, aftreedorp, groepbehuising, privaat oopruimte, natuurbewaring.

(b) **Vergunningsgebruike**: restaurant, hotel, vergaderplek, vakansie-akkommodasie, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

5.2.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Die Raad mag, onderworpe aan die voorwaardes gestel in artikel 3.4, voorwaardes stel vir die gebruik van geboue en grond, digtheid, hoogte, dekking, uitleg, ontwerp van geboue, oopruimte, landskap-uitleg, parkering, toegang, en bestuur van die natuurlike omgewing.

(b) Aansoekers moet die volgende aansoeke indien en die Raad se goedkeuring daarvoor kry:
(i) 'n plan vir die ontwikkeling van die perseel, kragtens artikel 16.5;
(ii) 'n grondwet van 'n eienaarsvereniging soos bedoel in die Beplanningswet;
(iii) argitektoniese riglyne en 'n stelsel vir argitektoniese beheer, en
(iv) 'n plan vir die bestuur van die natuurlike omgewing kragtens artikel 4.6.

(c) Die erf moet ontwikkel word:
(i) volgens die terreinontwikkelingsplan, argitektoniese riglyne en plan vir die bestuur van die natuurlike omgewing soos dit deur die Raad goedgekeur is, en
(ii) tot bevrediging van die Raad.

5.3 ENKELWONINGSONE 3: OPGRADEERBARE BEHUISING (SR3)

Doel

Die doel van Enkelwoningsone 3: Opgradeerbare behuising is om vir die opgradering van informele vestiging na formele vestiging, en die opgradeerbaarheid van huise, voorsiening te maak. Met in agneming van die werklikhede van arm gemeenskappe, is die voorwaardes van ontwikkeling nie beperkend nie en die skep van plaaslike werksgeleenthede word binne hierdie sone aangemoedig. Waar sodanige gebied volgens die Raad se mening toepaslik opgegradeer is, word voorsien dat hierdie sone na Enkelwoningsone 1 of 'n ander sone hersoneer kan word.

Gebruik van grond

5.3.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike:** woonhuis, skakelhuise, ryhuise, tweede woning of dubbelwoonhuis, tuisbedryf, verhuur van kamers, gastekamers, huiswinkel .

(b) **Vergunningsgebruike**: dagsorgsentrum, plek van onderrig, huistaverne.

5.3.2 Benewens die gebruike in 5.3.1 gelys, word die volgende bykomende gebruike in hierdie sone toegelaat. Die okkupeerder van enige woonhuis, tweede woning, dubbelwoonhuis of skuiling mag sodanige eenheid gebruik vir sosiale, opvoedkundige godsdienstige gebruike, beroepsbeoefening of sakedoeleindes, onderhewig aan die volgende voorwaardes :
(a) die oorheersende gebruik van die grond moet residensieel bly, en
(b) die betrokke gebruik mag nie afbreuk doen aan die aangenaamheid van die buurt nie.

Voorwaardes van ontwikkeling

5.3.3 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) **Dekking:** Maksimum dekking is 80 %.

(b) **Hoogte:** Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie.

(c) Boulyne:

Die volgende boulyne is van toepassing, onderworpe aan artikel16.2, behalwe dat die afstand wat 'n muur van 'n sy- of agtergrens moet wees om vensters en deure te kan bevat, soos bepaal in artikel16.2.1(c)(i), verminder word van 1,5 m na 1,0 m vir hierdie sone:

(i) Die straatboulyn is 1,0 m.

(ii) Die kantboulyn is 1,0 m, behalwe waar daar 'n munisipale riool langs 'n erf se sygrens loop, of beplan word, in welke geval die Raad op 'n 3,0 m kantboulyn kan aandring, en behalwe verder dat:
- (aa) waar beide eienaars van twee naasliggende erwe daartoe instem, kan die kantboulyn op beide erwe, met die toestemming van die Raad, nul wees op die gemeenskaplike grens, op voorwaarde dat die boulyne op die ander sygrens van elk van die twee erwe minstens 1,0 m moet wees, en
- (bb) dat sodanige nul kantboulyn alleen toegepas kan word as daar nie 'n munisipale riool op die betrokke sygrens is nie.

(iii) Die agterste boulyn is 1,0 m, behalwe waar daar 'n munisipale riool langs 'n erf se agterste grens loop, of beplan word, in welke geval die agterste boulyn 3,0 m is, en behalwe verder dat:
- (aa) Waar beide eienaars van twee erwe met 'n gemeenskaplike agtergrens daartoe instem, kan die agterste boulyn op beide erwe, met die toestemming van die Raad, nul wees op die gemeenskaplike grens, op voorwaarde dat die boulyne op die sygrense van elk van die twee erwe minstens 1,0 m moet wees, en
- (bb) dat sodanige nul agterste boulyn alleen toegepas kan word as daar nie 'n munisipale riool op die betrokke agterste grens is nie.

(d) Motorhuise en -afdakke

Motorhuise en –afdakke mag binne die boulyn opgerig word onder omstandighede soos vervat in artikel16.2.

(e) Parkering en toegang

(i) Parkering moet op die grondeenheid volgens onderstaande tabel voorsien word:

Gebruik van grond of gebou	Parkeerstandaard
Skuiling	Geen parkering word vereis nie.
Woonhuis, dubbel woonhuis, tweede woning, tuisbedryf, gastekamers, huurkamers.	Een parkeerplek mits die Raad dit verlang.
Plek van onderrig, plek van aanbidding, gastehuis, huiswinkel, huistaverne.	Soos deur die Raad vereis

(ii) Erwe in hierdie sone is, behalwe vir 'n huistaverne, vrygestel van die vereistes van artikel17.1, wat verband hou met parkering en toegang.

HOOFSTUK 6:
ALGEMENE WOON- & AKKOMMODASIE SONES

BELEID

Die volgende breë beleid en beginsels geld in die algemene woonsone tensy hierdie beleid en beginsels opgehef word deur 'n goedgekeurde struktuurplan of ruimtelike ontwikkelingsraamwerk:

(i) Die ontwikkeling van 'n hoër digtheid bewoning teen 'n verskeidenheid van digthede moet aangemoedig word om die druk van stedelike groei beter te kan bestuur en om stedelike ylverspreiding teen te werk.

(ii) Genoegsame publieke oopruimte moet in hoër-digtheid residensiële ontwikkelings voorsien word.

(iii) Binne die algemene woonsones is daar beheerde geleenthede vir tuisbedrywe en vir lae-intensiteit gemengde gebruike. Dit is egter belangrik om hierdie behoeftes op te weeg teen die noodsaaklikheid om die aard en aangenaamheid van die woongebied te beskerm.

6.1 ALGEMENE WOONSONE 1: GROEPBEHUISING (GR1)

Doel

Die doel van Algemene Woonsone 1: Groepbehuising is om medium-digtheid residensiële ontwikkeling, met 'n gekoördineerde ontwerp aan te moedig, waar spesiale aandag gegee word aan estetiek, argitektoniese vorm en die

onderlinge verband tussen elemente van die groepbehuising-skema. Dit is belangrike om hoër digthede te balanseer met geskikte oopruimtes en fasiliteite vir die gemeenskap.

Gebruik van grond

6.1.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) Primêre gebruike:

(i) Op die groepperseel is: groepbehuising, aftree-oord, woonhuis.

(ii) Op groeperwe is: groephuis, tuisbedryf.

(b) Vergunningsgebruike: op die groepperseel: dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

6.1.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing vir groepbehuising en aftree-dorpe:

(a) Beginsels van ontwerp

(i) Die beginsels soos vervat in die definisie van "groepbehuising" moet gevolg en toegepas word.

(ii) Spesiale aandag moet gewy word aan estetiek, argitektoniese koördinering, stedelike ontwerp en landskap-uitleg.

(b) Digtheid

Die maksimum-bruto digtheid is 30 wooneenhede per hektaar op 'n groepbehuising en aftree-dorp perseel, met die voorbehoud dat die Raad 'n laer digtheid mag vereis as die Raad sodanige laer digtheid noodsaaklik ag vir topografiese of beplanningsredes, of om die natuurlike omgewing te beskerm.

(c) Dekking

Die maksimum dekking op 'n groeperf is 60%.

(d) Hoogte

(i) Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie, met die voorbehoud dat, waar die helling van die grond steiler as 1 in 5 is, die hoogte kragtens artikel(ii) hieronder aangepas kan word.

(ii) Waar die hoogte kragtens hierdie artikelbepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale hoogte bo grondvlak oorskry nie van 6,0 m vir 'n platdak-gebou, of 8,0 m vir 'n skuins- of staandak-gebou, met die voorbehoud dat, by 'n skuins- of staandak-gebou slegs die dakstruktuur die hoogte van 6,0 m mag oorskry.

(e) Oopruimte

(i) Elke wooneenheid moet toegang tot publieke of gemeenskaplike oopruimte op die groepperseel hê, paaie, dienswerwe en parkeerareas uitgesluit.

(ii) Die gemeenskaplike oopruimtes moet in totaal minstens 200 m^2 groot wees, of 10% van die bruto oppervlakte van die groepperseel, wat ook al die grootste is.

(iii) Die vorm en ligging moet van die gemeenskaplike oopruimte moet van so 'n aard wees, dat dit geleentheid sal bied vir ontspanningsgebruik deur inwoners.

(f) Gemeenskaplike dienswerf

(i) In elke groepperseel moet 'n gemeenskaplike dienswerf voorsien word, tot bevrediging van die Raad, van voldoende oppervlakte vir die tydelike berging van huishoudelike afval.

(ii) Die dienswerf moet so geleë wees dat afval maklik verwyder kan word.

(iii) Die dienswerf moet van die straat afgeskerm word met 'n muur of mure van 1,8 m hoogte.

(g) Terugset

(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens van 'n eksterne straat of strate waaraan die groepbehuising-perseel grens, 6,5 m van die middellyn van sodanige straat of strate teruggesit word, as die straat smaller as 13 m is.

(ii) Die voorskrifte vervat in artikel 16.2.4 geld.

(h) Boulyne

Die volgende boulyne is van toepassing, onderworpe aan artikel 16.2:

(i) Die straatboulyn op eksterne strate waaraan die groepbehuising-perseel grens, is 3,0 m, onderhewig aan die terugset-voorskrif van (g)(i) hierbo, behalwe waar die straat 'n verklaarde pad is, in welke geval dit 5,0 m is.

(ii) Straatboulyne op strate in die groepbehuising-perseel kan nul wees, behalwe dat alle motorhuise minstens 4,5 m teruggesit moet wees, om veilige parkering en verkeersvloei te verseker.

(iii) Agterste en kantboulyne mag nul wees tensy die Raad 'n boulyn vir brandweer-doeleindes vereis, of waar 'n groepbehuising-perseel aan 'n ander sone of 'n ander groepbehuising perseel grens, in welke geval die kant- en agterste boulyne 3,0 m moet wees.

(i) Parkering en toegang

(i) Parkering en toegang daartoe moet kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(ii) Die vereiste parkering mag voorsien word by elke groephuis of, gedeeltelik of in geheel, op 'n gemeenskaplike parkeerarea.

(j) Breedte van interne paaie

(i) Die minimum breedte van 'n padreserwe in die groepbehuising-perseel is 8,0 m, met die voorbehoud dat die Raad 'n breër padreserwe mag vereis waar dit meen dat die verkeersvolume of lengte van die pad sodanige breedte regverdig.

(ii) By doodloopstrate moet voorsiening gemaak word vir die omdraai van voertuie, soos bepaal in artikel 17.2.

(k) Maksimum grootte van groepbehuising-perseel

Groepbehuising-persele moet verkieslik nie groter as twee hektaar wees nie om te verseker dat ontwikkelinge esteties aantreklik is. Die Raad kan groter ontwikkelings oorweeg indien die aansoeker, tot bevrediging van die Raad, die ontwikkeling in esteties aanvaarbare groottes verdeel.

Ontwikkelingsplan vir die perseel

6.1.3 'n Ontwikkelingsplan vir die voorgestelde groephuis-skema moet ingedien word tot bevrediging van die Raad en goedkeuring is onderworpe aan die voorskrifte van artikel16.5.

Eienaarsvereniging

6.1.4 Die Raad kan vereis dat 'n eienaarsvereniging ingestel word soos voorgeskryf in die Beplanningswet.

Tuisbedryf en professionele gebruik

6.1.5 Die voorwaardes vervat in artikel 5.1.7 geld vir tuisbedryf en professionele gebruik in hierdie sone, behalwe dat die geskrewe toestemming van die betrokke eienaarsvereniging ook verkry moet word.

6.2 ALGEMENE WOONSONE 2: DORPSHUISE (GR2)

Doel

Die doel van die Algemene Woonsone 2: Dorpshuise is om residensiële ontwikkeling aan te moedig wat digter is as dié van Algemene Woonsone 1, terwyl dit nog steeds klem lê op koördinering van ontwerp en 'n beperkte hoogte het. Hierdie sone het besondere vereistes vir plasing, soos nabyheid aan publieke vervoer en geriewe. Dit moet nie lukraak geplaas word sonder inagneming van die beskikbaarheid van oopruimte en gemeenskapsgeriewe nie.

Gebruik van grond

6.2.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) Primêre gebruike:

(i) Op die dorpshuis-perseel is: dorpshuise, aftree-dorp, woonhuis.

(ii) Op dorpshuis-erwe is: dorpshuis, tuisbedryf.

(b) Vergunningsgebruike: op dorpshuis-perseel: woonstelle, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

6.2.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing vir dorpshuis-skemas en aftree-dorpe:

(a) Beginsels van ontwerp

(i) Die beginsels soos vervat in die definisie van "dorpsbehuising" moet gevolg en geïmplementeer word.

(ii) Spesiale aandag moet gewy word aan estetiek, argitektoniese koördinering, stedelike ontwerp en landskap-uitleg.

(b) Digtheid

Die maksimum-bruto digtheid is 50 wooneenhede per hektaar op 'n dorpshuis-perseel, met die voorbehoud dat die Raad 'n laer digtheid mag vereis as die Raad sodanige laer digtheid noodsaaklik ag vir topografiese of beplanningsredes, of om die natuurlike omgewing te beskerm.

(c) Dekking

Die maksimum dekking op 'n dorpshuis-erf is 65%.

(d) Hoogte

(i) Geen gebou mag 'n hoogte van drie verdiepings oorskry nie, met die voorbehoud dat, waar die helling van die grond steiler is as 1 in 5, die hoogte kragtens artikel(ii) hieronder aangepas kan word.

(ii) Waar die hoogte kragtens hierdie artikelbepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale hoogte bo grondvlak oorskry nie van 9,0 m vir 'n platdak-gebou, of 11,0 m vir 'n skuins- of staandak-gebou, met die voorbehoud dat, by 'n skuins- of staandak-gebou, slegs die dakstruktuur die hoogte van 9,0 m mag oorskry.

(e) Oopruimte

(i) Elke wooneenheid moet toegang tot publieke of gemeenskaplike oopruimte op die dorpshuis-perseel hê, paaie, dienswerwe en parkeerareas uitgesluit.

(ii) Die gemeenskaplike oopruimte moet in totaal minstens 200 m^2 groot wees, of 10% van die bruto oppervlakte van die dorpshuis-perseel, wat ook al die grootste is.

(iii) Die vorm en ligging moet van die gemeenskaplike oopruimte moet van so 'n aard wees, dat dit geleentheid sal bied vir ontspanningsgebruik deur inwoners.

(f) Gemeenskaplike dienswerf

(i) In elke dorpshuis-perseel moet 'n gemeenskaplike dienswerf voorsien word, tot bevrediging van die Raad, van voldoende oppervlakte vir die tydelike berging van huishoudelike afval.

(ii) Die dienswerf moet so geleë wees dat afval maklik verwyder kan word.

(iii) Die dienswerf moet afgeskerm word van die straat met 'n muur of mure van 1,8 m hoogte.

(g) Terugset

(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens van 'n eksterne straat of strate waaraan die dorpshuis-perseel grens, 6,5 m van die middellyn van sodanige straat of strate teruggesit word, as die straat smaller as 13 m is.

(ii) Die voorskrifte vervat in artikel 16.2.4 geld.

(h) Boulyne

Die volgende boulyne is van toepassing, onderworpe aan artikel16.2:

(i) Die straatboulyn op eksterne strate waaraan die dorpshuis-perseel grens, is 3,0 m, onderhewig aan die terugset-voorskrif van (g)(i) hierbo, behalwe waar die straat 'n verklaarde pad is, in welke geval dit 5,0 m is.

(ii) Straatboulyne op strate in die dorpshuis-perseel kan nul wees, behalwe dat alle motorhuise minstens 4,5 m teruggesit moet wees, om veilige parkering en verkeersvloei te verseker.

(iii) Agterste en kantboulyne mag nul wees tensy die Raad 'n boulyn vir brandweer-doeleindes vereis, of waar 'n dorpshuis-perseel aan 'n ander sone of 'n ander dorpshuis-perseel grens, in welke geval die kant- en agterste boulyne 3,0 m moet wees.

(i) Parkering en toegang

(i) Parkering en toegang daartoe moet kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(ii) Die vereiste parkering mag voorsien word by elke groephuis of, gedeeltelik of in geheel, op 'n gemeenskaplik parkeerarea.

(j) Breedte van interne paaie

(i) Die minimum breedte van 'n padreserwe in die dorpshuis-perseel is 8 m, met die voorbehoud dat die Raad 'n breër padreserwe mag vereis waar dit meen dat die verkeersvolume of lengte van die pad sodanige breedte regverdig.

(ii) By doodloopstrate moet voorsiening gemaak word vir die omdraai van voertuie, soos bepaal in artike17.2.

(k) Maksimum grootte van dorpsbehuising-perseel

Dorpsbehuising-persele moet verkieslik nie groter as twee hektaar wees nie om te verseker dat ontwikkelinge esteties aantreklik is. Die Raad kan groter ontwikkelings oorweeg indien die aansoeker, tot bevrediging van die Raad, die ontwikkeling in esteties aanvaarbare groottes verdeel.

Ontwikkelingsplan vir die perseel

6.2.3 'n Ontwikkelingsplan vir die voorgestelde dorpshuis-skema moet ingedien word tot bevrediging van die Raad en goedkeuring is onderworpe aan vir voorskrifte van artikel 16.5.

Eienaarsvereniging

6.2.4 Die Raad kan vereis dat 'n eienaarsvereniging ingestel word soos voorgeskryf in die Beplanningswet.

Voorwaardes vir die bou van woonstelle

6.2.5 Die Raad mag sy toestemming gee vir woonstelle as deel van 'n dorpshuis-skema, met die voorbehoud dat die woonstelle nie 'n hoogte van drie verdiepings oorskry nie, en ook nie die digtheidsvereiste oorskry nie, en dat die ontwerpbeginsels soos vervat in die definisie van dorpsbehuising ook op die woonstelle toegepas word.

Tuisbedryf en professionele gebruik

6.2.6 Die voorwaardes vervat in artikel5.1.7 geld vir tuisbedryf en professionele gebruik in hierdie sone, behalwe dat die geskrewe toestemming van die betrokke eienaarsvereniging ook verkry moet word.

6.3 ALGEMENE WOONSONE 3: WOONSTELBLOKKE (GR3)

Doel

Die doel van Algemene Woonsone 3: Woonstelblokke is om hoër-digtheid residensiële ontwikkeling te bevorder. Die oorheersende gebruik binne hierdie sone is residensieel, maar beperkte ontwikkeling van gemengde gebruike mag met die Raad se toestemming gedoen word. Hierdie sone het besondere vereistes vir ligging, soos nabyheid aan vervoer en geriewe en dit moet nie lukraak geplaas word sonder behoorlike inagneming van die beskikbaarheid van oopruimte en gemeenskapsfasiliteite nie .

Gebruik van grond

6.3.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: woonstelle, woongebou, gastehuis, groepbehuising, dorpshuise, aftree-dorp, woonhuis.

(b) **Vergunningsgebruike**:
(i) op die perseel is: hotel, inrigting, plek van onderrig, vergaderplek, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie;
(ii) in wooneenhede in woonstelblok is: tuisbedryf.

Voorwaardes van ontwikkeling

6.3.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing vir woonstelle, en vir woongeboue en hotelle in die Algemene Woonsone 3:

(a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor mag nie 1,6 oorskry nie.

(b) **Dekking**
Maksimum-dekking is 40%.

(c) **Hoogte**
Geen gebou mag 'n hoogte van vier verdiepings oorskry nie.

(d) **Terugset**
(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens of grense van die erf minstens 6,5 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die straat smaller as 13 m is.
(ii) Die voorskrifte vervat in artikel16.2.4 geld.

(e) **Boulyne**
Die volgende boulyne is van toepassing, onderworpe aan artikel16.2:
(i) Die straatboulyn is 5,0 m, onderhewig aan die terugset-voorskrif (d)(i) hierbo.
(ii) Die kant-en agterste boulyne vir die verskillende verdiepings wissel volgens die betrokke verdieping, en word bepaal volgens die tabel hieronder:

Verdieping van die gebou	Kant- en agterste boulyn van die verdieping
Derde verdieping en laer	4,5 m
Vierde verdieping	6,0 m

(f) **Oopruimte**
(i) Elke wooneenheid in 'n woonstelblok, woongebou of hotel in hierdie sone moet toegang tot publieke of gemeenskaplike oopruimte op die perseel hê, wat privaat en gemeenskaplike oopruimte mag insluit, maar paaie, dienswerwe en parkeerareas uitsluit.
(ii) Die gesamentlike oopruimte moet 'n minimum van 10% van die bruto-erfoppervlakte beslaan, en sodanige buitelug leefarea moet 'n redelike vorm en ligging hê sodat dit geleentheid sal bied vir ontspanningsgebruik deur inwoners. Dit mag oop binnehowe binne die kompleks insluit.

(g) **Gemeenskaplike dienswerf**
(i) In elke perseel moet 'n gemeenskaplike dienswerf voorsien word, tot bevrediging van die Raad, van voldoende oppervlakte vir die tydelike berging van huishoudelike afval.
(ii) Die dienswerf moet so geleë wees dat afval maklik verwyder kan word.
(iii) Die dienswerf moet afgeskerm word van die straat met 'n muur of mure van 1,8 m hoogte.

(h) Parkering en toegang
Parkering en toegang daartoe moet op die perseel kragtens artikel17.1 voorsien word.

Ontwikkelingsplan vir die perseel

6.3.3 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel16.5, vereis.

Groepbehuising en dorpsbehuising

6.3.4 Die ontwikkelingsreëls wat geld vir groepbehuising in Algemene Woonsone 1 en dorpsbehuising en Algemene Woonsone 2 geld ook vir groepbehuising en dorpsbehuising in hierdie sone.

Inrigting, plek van onderrig, vergaderplek

6.3.5 Die ontwikkelingsreëls wat geld vir 'n inrigting, plek van onderrig en 'n vergaderplek in Gemeenskapsones 1 en 3 geld ook vir hierdie sone. Maar in gevalle waar die inrigting, plek van onderrig of vergaderplek binne 'n gebou is wat ook as woonstelle of 'n woongebou gebruik word, dan geld die vereistes vir dekking, hoogte van gebou en boulyne van woonstelle of woongebou.

Hotel

6.3.6 As 'n vergunning verleen word om 'n hotel in hierdie sone te bou, geld die ontwikkelingsreëls van hierdie sone.

Tuisbedrywe en professionele gebruik

6.3.7 Die Raad mag goedkeuring vir 'n tuisbedryf of professionele gebruik in hierdie sone gee, met die voorbehoud dat:
(a) geen aansoek om goedkeuring oorweeg sal word tensy die aansoeker vooraf die geskrewe toestemming van die betrokke eienaarsvereniging, of eienaar van die blok woonstelle, verkry het nie, en
(b) as die Raad sy toestemming gee, mag die Raad voorwaardes stel wat sal insluit, of selfs meer beperkend wees as, die voorwaardes vervat in 5.1.7.

6.4 ALGEMENE WOONSONE 4: GASTEHUIS (GR4)

Doel

Die doel van Algemene Woonsone 4: Gastehuis is om voorsiening te maak vir toeriste akkommodasie in 'n huislike atmosfeer.

Gebruik van grond

6.4.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) Primêre gebruike: gastehuis, woonhuis.

(b) Vergunningsgebruike: woongebou, woonstelle, konferensiesentrum.

Voorwaardes van ontwikkeling

6.4.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Vloerfaktor
Die vloerfaktor mag nie 1,0 oorskry nie.

(b) Dekking
Die maksimum-dekking is 50%.

(c) Hoogte
Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie.

(d) Terugset
(i) Waar 'n gastehuis 10 of meer verhuurbare kamers het, mag die Raad vereis dat die straatgrens of grense van die erf minstens 6,5 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die straat of strate smaller as 13 m is.
(ii) Die voorskrifte vervat in artikel16.2.4 geld.

(e) Boulyne
Onderhewig aan artikel16.2 is die boulyne soos volg:
(i) Straatboulyn: 4,0 m.
(ii) Kantboulyne: 3,0 m.
(iii) Agterste boulyn: 3,0 m.

(f) Parkering en toegang
Parkering en toegang moet op die perseel kragtens artikel 17.1 voorsien word.

Reëls vir die bedryf van 'n gastehuis

6.4.3 Die Raad mag die volgende voorwaardes voorskryf vir die bedryf van 'n gastehuis, maar is nie beperk daartoe nie:

(a) Nie meer nie as sestien kamers per erf mag as kamers vir betalende gaste gebruik word nie.

(b) 'n Register van gaste en loseerders moet gehou word, en ingevul word as kamers verhuur word, en hierdie register moet op versoek beskikbaar wees vir inspeksie deur 'n amptenaar van die Raad.

(c) Kamers vir gaste mag nie verander word in, of gebruik word as, aparte wooneenhede nie.

(d) Maaltye mag slegs aan gaste of loseerders wat in die gastehuis loseer bedien word.

(e) Geen advertensie behalwe 'n enkele onverligte teken of kennisgewing, wat nie oor die straat uitsteek nie, mag vertoon word. So 'n teken mag nie groter as 0,5 m^2 in oppervlakte wees nie.

Ontwikkelingsplan vir die perseel

6.4.4 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

HOOFSTUK 7:
SAKESONES

BELEID

Die volgende breë beleid en beginsels geld vir sakesones, tensy hierdie beleid en beginsels vervang word deur 'n goedgekeurde struktuurplan of ruimtelike ontwikkelingsraamwerk.

(i) Die doel van die sakesones is om ruimte te bied vir 'n breë verskeidenheid ekonomiese bedrywighede, wat gemengde grondgebruike kan insluit soos residensiële en gemeenskapsfasiliteite. Die verskillende sakesones maak voorsiening vir verskillende vlakke van intensiteit van ontwikkeling.

(ii) Voorsiening word gemaak om, waar toepaslik, gedetailleerde stedelike ontwerp-kriteria aan te moedig om 'n spesifieke soort stedelike omgewing en verskeidenheid van gebruike te behaal.

(iii) Die sakesones is bedoel om aan te pas by die skaal en ontwikkelingsdigtheid van die omliggende gebied. Lae intensiteit sakesones is geskik vir plaaslike buurt-winkeltjies, terwyl hoë digtheid sakesentra, geskik vir 'n sentrale sakekern, 'n volledige spektrum van versoenbare grondgebruike moet voorsien.

(iv) Vanweë padtoegang- en ander implikasies word spesifieke sakesones voorsien vir petrol-diensstasies en die ontwikkeling wat daarmee gepaard gaan.

7.1 SAKESONE 1: LAE INTENSITEIT SAKE (B1)

Doel

Die doel van Sakesone 1: Lae Intensiteit Sake is om voorsiening te maak vir lae intensiteit en gemengde gebruik ontwikkeling wat in 'n woonbuurt se behoeftes vir daaglikse goedere en persoonlike dienste sal voorsien. Sodanige ontwikkeling moet van beperkte omvang wees en van so 'n aard dat dit binne die omliggende woongebied geïntegreer kan word, sonder om die aangenaamheid van die buurt nadelig te raak.

Gebruik van grond

7.1.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: sakeperseel, kantore, woonstelle en woongebou bo die grondverdieping, publieke parkering, woonhuis.

(b) **Vergunningsgebruike**: restaurant, drankwinkel, diensbedryf, vermaaklikheidsplek, vergaderplek, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

7.1.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor op die erf moet nie 1,8 oorskry nie.

(b) **Dekking**
Die maksimum-dekking is 80% vir die grondverdieping, en 50% vir die tweede en derde verdiepings.

(c) **Hoogte**
(i) Geen gebou mag 'n hoogte van drie verdiepings oorskry nie.

(ii) Ondanks die definisie van "verdieping" mag die grondverdieping van 'n gebou in Sakesone 1, gemeet van die grondverdieping se vloer tot by die vloeroppervlakte van die volgende vloer, 4,0 m hoog wees.

(d) Terugset

(i) Die Raad mag vereis dat alle geboue of strukture op die erf minstens 6,5 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die betrokke straat smaller as 13 m is.

(ii) Die voorwaardes vervat in artikel 16.2.4 geld.

(e) Straatboulyn

Die straatboulyn is nul, onderhewig aan:

(i) die terugset-voorskrif van (d)(i) hier bo;

(ii) 'n 5,0 m straatboulyn mag vereis word waar die straatgrens aan 'n verklaarde pad grens;

(iii) klein argitektoniese versierings of sonskerms mag verder as die straatboulyn uitsteek, op voorwaarde dat sodanige versierings of skerms bokant grondverdieping-vlak aangebring is en nie meer as 500 mm verby die straatboulyn uitsteek nie.

(f) Kant- en agterste boulyne

(i) Die kant- en agterste boulyne mag nul wees vir die grondverdieping, met die voorbehoud dat:

(aa) 'n gebou of deel van 'n gebou wat op die kant- of agterste boulyn opgerig word geen deure, vensters, lugreëling- of ander openinge in enige muur op sodanige grens het nie, tensy die Raad tevrede is dat sodanige openinge nie enige toekomstige ontwikkeling op aanliggende grond-eenhede nadelig sal raak nie, en

(bb) waar 'n Sakesone 1 grondeenheid 'n gemeenskaplike kant- of agtergrens met 'n Enkel of Algemene Woonsone het, is die kant- en agterste boulyn van die Sakesone 1 grond 3,0 m, onderworpe aan die voorskrifte van artikel 16.2.

(ii) Die kant en agterste boulyn bo die grondverdieping is 4,5 m.

(g) Oorskryding deur veranda of balkon

Die Raad mag vereis, en mag toelaat, dat 'n veranda of balkon die straatboulyn oorskry, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(i) die veranda mag nie nader as 500 mm uitsteek aan 'n vertikale vlak wat loodreg is op die voorgestelde randsteen wat die sypaadjie-grens is nie;

(ii) Geen gedeelte van 'n veranda wat uitsteek mag minder as 2,8 m bokant die grond wees nie;

(iii) die Raad mag meer beperkende voorwaardes stel oor die afmetings, ontwerp en materiaal van die veranda of balkon.

(iv) Die eienaar moet 'n oorskrydingsooreenkoms met die Raad aangaan.

(h) Straathoeke

Die Raad mag vereis dat die eienaar van 'n gebou wat opgerig gaan word by 'n straathoek wat die Raad as belangrik beskou, argitektoniese aspekte in die gebou inkorporeer wat klem plaas op die hoek en wat die belangrikheid van voetganger-beweging om die hoek beklemtoon. Sulke elemente kan insluit die afsny van die hoek van die gebou, 'n oordekte deurloop, 'n plaza of ander elemente.

(i) Parkering en toegang

(i) Parkering en toegang daartoe moet op die perseel kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(ii) Om die aangenaamheid van die straatvlak te verhoog, mag die Raad vereis dat geen parkering op die erf of binne 'n gebou nader as 10 m aan die straatgrens geleë mag wees nie.

(j) Laaigeriewe

Die Raad mag vereis dat laaigeriewe op die perseel voorsien word soos omskryf in artikel 17.3.

(k) Afskerming

Die raad mag vereis dat:

(i) enige deel van die erf wat vir die stoor of laai van goedere gebruik word, afgeskerm word met 'n geskikte baksteen- of betonmuur, of deur landskapering;

(ii) enige buitenshuise dienswerf of toerusting wat vir 'n gebou se onderhoud benodig word, hetsy op die dak, aan die kant van die gebou of op die grond, moet op geskikte wyse uit sig uit afgeskerm word, en sodanige skerm of bedekking moet argitektonies inpas by die gebou se boumateriaal, kleur, vorm en grootte, tot die Raad se bevrediging.

Ontwikkelingsplan vir die perseel

7.1.3 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

7.2 SAKESONE 2: HOË-INTENSITEIT SAKE (B2)

Doel

Die doel van Sakesone 2 is om voorsiening te maak vir gemengde gebruik ontwikkeling en hoë-intensiteit algemene sakebedrywe, om 'n breë opvanggebied te bedien.

Gebruik van grond

7.2.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: sakeperseel, kantore, diensbedryf, restaurant, woonstelle en woongebou bo die grondverdieping, publieke parkering.

(b) **Vergunningsgebruike**: nywerheidskorwe, ligte nywerheid, gelisensieerde hotel, drankwinkel, begrafnisonderneming, diensstasie, inrigting, vergaderplek, onderrigplek, vermaaklikheidsplek, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie. Woonstelle en woongeboue op die grondvloer.

Voorwaardes van ontwikkeling

7.2.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Vloerfaktor
Die vloerfaktor op die erf moet nie 2,3 oorskry nie onderhewig aan (j) hieronder.

(b) Dekking
Die maksimum dekking is 80% vir die grondvloer en 50% vir die tweede, derde en vierde verdiepings.

(c) Hoogte
(i) Geen gebou mag 'n hoogte van vier verdiepings oorskry nie.
(ii) Ondanks die definisie van "verdieping" mag die grondverdieping van 'n gebou in Sakesone 2, gemeet van die grondverdieping se vloer tot by die vloeroppervlakte van die volgende vloer, 4,0 m hoog wees.

(d) Terugset
(i) Die Raad mag vereis dat alle geboue of strukture op die erf minstens 8,0 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die betrokke straat smaller as 16 m is.
(ii) Die voorwaardes vervat in artikel 16.2.4 geld.

(e) Straatboulyn
Die straatboulyn is nul, onderhewig aan:
(i) die terugset-voorskrif (d)(i) hier bo;
(ii) 'n 5,0 m straatboulyn mag vereis word waar die straatgrens aan 'n verklaarde pad grens;
(iii) klein argitektoniese versierings of sonskerms mag verder as die straatboulyn uitsteek, op voorwaarde dat sodanige versierings of skerms bokant grondverdieping-vlak aangebring is en nie meer as 500 mm verby die straatboulyn uitsteek nie.

(f) Kant- en agterste boulyne vir die grondverdieping
Die kant-en agterste boulyne mag nul wees, met die voorbehoud dat:
(i) 'n gebou of deel van 'n gebou wat op die kant of agterste boulyn opgerig word geen deure, vensters, lugreëling- of ander openinge in enige muur op sodanige grens het nie, tensy die Raad tevrede is dat sodanige openinge nie enige toekomstige ontwikkeling op aanliggende grond-eenhede nadelig sal raak nie, en
(ii) waar die kant- of agterste boulyn van 'n Sakesone 2 grondeenheid teenaan 'n Enkel of Algemene woonsone-grondeenheid geleë is, moet die boulyn in Sakesone 2 minstens 3,0 m van die kant- en agterste grense wees, onderhewig aan artikel 16.2.

(g) Kant- en agterste boulyne vir tweede tot vierde verdiepings
(i) Die kant boulyn kan nul wees vir die eerste 15 m gemeet van die straatgrens of die terugset, wat ookal van toepassing is.
(ii) Verder van die straatgrens, is die kant boulyn, asook die agterste boulyn, vir die verskillende vloere soos aangedui in onderstaande tabel:

Verdieping van die gebou	Kant- en agterste boulyn van die vloer
Tweede en derde verdiepings	4,5 m
Vierde verdieping	6,0 m

(h) Parkering en toegang
(i) Parkering en toegang daartoe moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(ii) Om die aangenaamheid van die straatvlak te verhoog, mag die Raad vereis dat geen parkering op die erf of binne 'n gebou nader as 10 m aan die straatgrens geleë mag wees nie.

(i) Laaigeriewe

Die Raad mag vereis dat laaigeriewe op die perseel voorsien word soos omskryf in artikel 17.3.

(j) Oorskryding deur veranda of balkon

Die Raad mag vereis, en mag toelaat, dat 'n veranda of balkon die straatboulyn oorskry, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(i) Die veranda mag nie nader as 500 mm uitsteek aan 'n vertikale vlak wat loodreg is op die voorgestelde randsteen wat die sypaadjie-grens is nie.

(ii) Geen gedeelte van 'n veranda wat uitsteek mag minder as 2,8 m bokant die grond wees nie.

(iii) Die Raad mag meer beperkende voorwaardes stel oor die afmetings, ontwerp en materiaal van die veranda of balkon.

(iv) Die eienaar moet 'n oorskrydingsooreenkoms met die Raad aangaan.

(k) Oorskryding van die gebou oor straatgrens

Ondanks die straatboulyn, mag die Raad toestemming gee dat 'n gebou die straatgrens oorskry onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(i) Die oorskry-gedeelte mag tot 3,0 m oor die straat boulyn strek, maar mag nie nader as 500 mm uitsteek aan 'n vertikale vlak wat loodreg is op die voorgestelde randsteen wat die sypaadjie-grens is nie.

(ii) Die oorskry-gedeelte moet beperk word tot 'n grondverdieping plus een bykomende verdieping daarbo.

(iii) Die grondverdieping van die oorskryding, met of sonder 'n suile-gang, moet uitsluitlik gebruik word as openbare wandelgang.

(iv) Die oorskryding moet minstens tot 'n hoogte van 2,8 m bo die sypadoppervlakte onbelemmerde kopruimte bied.

(v) Die vloeroppervlakte van die bykomende vloer wat oor die grondvloer van die oorskryding toegelaat word, sal nie bereken word as deel van die maksimum-vloerarea nie.

(vi) Die eienaar moet 'n oorskrydingsooreenkoms met die Raad aangaan.

(l) Publieke wandelgang langs straatgrens

Waar dit sinvol is kan die Raad toestemming verleen dat die eienaar 'n publieke wandelgang met 'n breedte van minstens 3,0 m langs die straatgrens voorsien, en wat oop is na die publieke straat en ten alle tye toeganklik is, dan:

(i) mag die maksimum-vloeroppervlakte van die gebou met sodanige publieke wandelgang vergroot word met tweemaal die oppervlakte van die publieke wandelgang, en

(ii) mag die toelaatbare hoogte van die gebou met een bykomende verdieping vergroot word, welke verdieping minstens 7,5 m teruggesit moet wees van die sy-en agterste grense.

(m) Straathoeke

Die Raad mag vereis dat die eienaar van 'n gebou wat opgerig gaan word by 'n straathoek wat die Raad as belangrik beskou, argitektoniese aspekte in die gebou inkorporeer wat klem plaas op die hoek en wat die belangrikheid van voetganger-beweging om die hoek beklemtoon. Sulke elemente kan insluit die afsny van die hoek van die gebou, 'n oordekte deurloop, 'n plaza of ander elemente.

(n) Afskerming

Die raad mag vereis dat:

(i) enige deel van die erf wat vir die stoor of laai van goedere gebruik word, afgeskerm word met 'n geskikte baksteen- of betonmuur, of deur landskapering;

(ii) enige buitenshuise dienswerf of toerusting wat vir 'n gebou se onderhoud benodig word, hetsy op die dak, aan die kant van die gebou of op die grond, moet op geskikte wyse uit sig uit afgeskerm word, en sodanige skerm of bedekking moet argitektonies inpas by die gebou se boumateriaal, kleur, vorm en grootte, tot die Raad se bevrediging.

Ontwikkelingsplan vir die perseel

7.2.3 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

Kantoorpark of nywerheidskorf

7.2.4 Die volgende ontwikkelingsreëls geld vir 'n kantoorpark of nywerheidskorf:

(a) Die beginsels soos vervat in die betrokke definisie moet stip nagevolg en toegepas word.

(b) Spesiale aandag moet gewy word aan estetiek, argitektoniese koördinering, stedelike ontwerp en landskap-uitleg.

(c) 'n Terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van, en vir goedkeuring deur die Raad, moet kragtens artikel 16.5 ingedien word.

Woonstelle en woongeboue op grondvloer

7.2.5 Waar woonstelle of woongeboue in hierdie sone ook op die grondvloer voorsien word, geld die boulyne soos gespesifiseer in 6.3.2(e) vir Algemene Woonsone 3.

7.3 SAKESONE 3: DIENSSTASIE (B3)

Doel

Die doel van die Sakesone 3: Diensstasie, is om in stedelike gebiede voorsiening te maak vir diensstasies, motor herstelwerke en gepaardgaande bedrywe wat die potensiaal het om 'n negatiewe impak op naasliggende gebiede te kan hê, en om spesifieke vereistes voor te skryf vir die toegang van motors.

Gebruik van grond

7.3.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: diensstasie.

(b) **Vergunningsgebruike**: openbare garage, winkels, kantore, restaurant, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

7.3.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor op die erf mag nie 1,6 oorskry nie.

(b) **Dekking**
Dekking is 80%.

(c) **Hoogte**
Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie en geen struktuur, insluitend 'n teken, mag 'n hoogte van 8,0 m bo grondvlak oorskry nie.

(d) **Terugset**
(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens of grense van die erf minstens 8,0 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die straat of strate smaller as 16 m is.
(ii) Die voorskrifte vervat in artikel 16.2.4 geld.

(e) **Straatboulyn**
Die straatboulyn is 5,0 m, onderhewig aan artikel 16.2.

(f) **Kant- en agterste boulyne**
(i) Die kant- en agterste boulyne mag nul wees vir die grondverdieping, met die voorbehoud dat:
(aa) 'n gebou of deel van 'n gebou wat op die kantboulyn opgerig word geen deure, vensters, lugreëling- of ander openinge in enige muur op sodanige grens het nie, tensy die Raad tevrede is dat sodanige openinge nie enige toekomstige ontwikkeling op aanliggende grondeenhede nadelig sal raak nie, en
(bb) waar die grond 'n gemeenskaplike kantgrens met 'n Enkel of Algemene Woonsone het, is die kant- en agterste boulyn van die Sakesone 3 grondeenheid 3,0 m, onderworpe aan die voorskrifte van artikel 16.2.
(ii) Die kant en agterste boulyn bo die grondverdieping is 4,5 m.

(g) **Parkering en toegang**
(i) Parkering en toegang daartoe moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(h) **Vereistes vir toegang tot die perseel**
(i) Die totale wydte van motor toegangpaaie waar hulle die straatgrens kruis, moet nie 10 m oorskry nie.
(ii) 'n Muur minstens 100 mm breed en 200 mm hoog moet op die straatgrens tussen verskillende ingange opgerig word. Dit moet verder langs sodanige grens verleng word, tensy die grond op 'n ander wyse begrens word.
(iii) Daar mag net twee motor toegangspaaie per perseel wees, tensy die totale lengte van straatgrense 30 m oorskry, en in welke geval 'n derde toegangspad toegelaat mag word.
(iv) By die punt waar dit oor die straatgrens gaan, mag 'n motor toegangspad nie nader wees nie as:
(aa) 30 m van die kruising van 'n verklaarde pad met 'n ander pad met soortgelyke status;
(bb) 30 m van die naaste punt van 'n straatkruising waar verkeer beheer word, of daar voorgestel is dat dit beheer sal word, deur middel van 'n verkeerslig of –eiland;
(cc) 10 m van die hoek van enige ander straatkruising as wat hierbo beskryf word, of, waar die kruising afgeskuins is, 5 m van die punt af waar die afskuinsing die straatgrens ontmoet;

(dd) 1,5 m van 'n sygrens af.

(i) Afskerming
Enige gedeelte van die diensstasie wat vir die herstel van motorvoertuie gebruik word, of vir die stoor van voertuie of onderdele, leë houers soos oliedromme en kratte, of enige skroot van watter aard ookal, moet, as dit nie binnenshuis plaasvind nie, tot bevrediging van die Raad ingesluit word met 'n baksteen- of betonmuur van minstens 1,8 m hoogte.

Alternatiewe ontwikkelingsreëls

7.3.3 Die Raad mag in die plek van die ontwikkelingsreëls in 7.3.2(a) tot (i) hierbo vervat, 'n terreinontwikkelingsplan vir die perseel aanvaar, volgens die voorskrifte van artikel 16.5 opgestel, met die voorbehoud dat die terreinontwikkelingsplan besondere aandag gee aan voorwaardes vir voertuig-toegang, veiligheid by brandstofpompe en –stoorareas, afskerming van areas wat vir onbruikbare motors of stukke van motors, asook leë houers soos oliedromme of enige ander skroot, aangewend word, en die vermindering van visuele stoornis of steurnis van die bedryf van die onderneming vir aangrensende grond.

HOOFSTUK 8
NYWERHEIDSONES

BELEID

Die volgende breë beleid en beginsels geld vir nywerheidsgebiede, tensy sodanige beleid en beginsels deur 'n goedgekeurde struktuurplan of ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vervang word.

(i) Die doel van nywerheidsones is om vervaardigings- en verbandhoudende nywerhede te huisves. Sodanige bedrywe strek oor 'n breë spektrum, van ligte nywerhede tot hinderbedrywe wat moontlik 'n hoë negatiewe impak mag hê. Die verskillende sones is gebaseer op die graad van moontlike impak wat verskillende bedrywe en prosesse kan hê.

(ii) Hinderbedrywe moet tot geskikte gebiede beperk word waar risiko's geïdentifiseer en sover moontlik versag kan word.

(iii) Beperkte geleenthede vir vergunningsgebruike wat met nywerheidsgebiede verband hou, soos fabriekswinkels, word voorsien.

8.1 NYWERHEIDSONE 1: LIGTE NYWERHEID (IND1)

Doel

Die doel van Nywerheidsone 1: Ligte Nywerheid is om nywerhede en diensbedrywe te huisves wat sonder hindernis vir ander grond en die breë publiek bedryf kan word. Sulke gebruike mag langs sakegebruike geplaas word en redelik naby aan woongebiede, mits dit nie die aard of aangenaamheid van sodanige ander gebiede sal skaad nie.

Gebruik van grond

8.1.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) Primêre gebruike: Diensbedryf, nywerheidskorf, pakhuis, restaurant, diensstasie, publieke parkering.

(b) Vergunningsgebruike: Openbare garage, winkel, drankwinkel, kantore, volwasse vermaakbedryf, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

(c) Bykomende gebruiksregte wat vir grond in hierdie sone geld is:
Die bedrywer van 'n diensbedryf mag die goedere wat in die geheel of gedeeltelik op die grond vervaardig, verwerk, verpak, gemonteer of voltooi is, in die kleinhandel te koop aanbied, asook enige ander goedere waartoe die Raad mag toestem, met die voorbehoud dat:
(i) die totale vloeroppervlakte wat gewy word aan sodanige verkope nie meer as 10% sal beslaan van die totale vloeroppervlakte van al die geboue op die erf nie, en
(ii) die goedere wat in die kleinhandel te koop aangebied word wat nie op die grond vervaardig, verwerk, gemonteer of voltooi is nie, verband hou met sodanige goedere.

Voorwaardes van ontwikkeling

8.1.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Vloerfaktor
Die vloerfaktor op die erf moet nie 1,6 oorskry nie.

(b) Dekking
Maksimum-dekking is 80%.

(c) Hoogte
Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie.

(d) Terugset

(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens of grense van die erf minstens 8,0 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die straat smaller as 16 m is.

(ii) Die voorskrifte vervat in artikel 16.2.4 geld.

(e) Straatboulyn

Die straatboulyn is 5,0 m, onderhewig aan artikel 16.2.

(f) Kantboulyn

(i) Waar 'n buitemuur gebou is van 'n materiaal met een uur vuurweerstand, waar daar geen openinge in sodanige muur is nie, en die erf aan 'n ander nywerheidsone grens, word 'n 0,0 m kantboulyn toegelaat.

(ii) Wanneer die grondeenheid aangrensend is tot 'n sone wat nie 'n nywerheidsone is nie, is die kantboulyn 3,0 m vir die grondverdieping en 4,5 m vir die tweed verdieping.

(iii) In alle ander gevalle geld 'n 3,0 m kantboulyn.

(g) Agterste boulyn

(i) Geen gebou mag nader as 3,0 m aan die agterste grens opgerig word nie, onderhewig aan artikel 16.2.

(ii) Wanneer die grondeenheid aangrensend is tot 'n sone wat nie 'n nywerheidsone is nie, is die agterste boulyn 4,5 m vir die tweede verdieping.

(iii) In gevalle waar 'n gebou tot teenaan albei kantgrense strek en daar geen ander wyse van toegang tot die agterplaas van die gebou as deur die gebou is nie, moet daar ten minste een opening in die agterste buitemuur voorsien word wat toegang tot die agtergrens gee, en sodanige opening moet met outomatiese brandvaste hortjies tot die Raad se bevrediging beskerm word.

(h) Grensmure

As 'n erf 'n grens deel met 'n ander erf wat nie vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is nie, mag die Raad vereis dat 'n 1,8 m grensmuur tot sy bevrediging langs die grens opgerig word.

(i) Parkering en toegang

Parkering en toegang daartoe moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(j) Laaiplekke

Laaiplekke moet kragtens artikel 17.3 voorsien word.

(k) Afskerming

Die Raad mag vereis dat enige deel van die erf wat vir die stoor of laai van goedere gebruik word, tot die Raad se bevrediging toegekamp moet word met 'n baksteen- of beton-skermmuur.

Gevaarlike bedrywighede

8.1.3 Geen gevaarlike bedrywigheid, wat die stoor van gevaarlike materiaal op die perseel insluit, word toegelaat nie, tensy 'n risikobestuur en -voorkomingsplan deur die Raad goedgekeur is.

Ontwikkelingsplan vir die perseel

8.1.4 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

Nywerheidskorf

8.1.5 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing op 'n nywerheidskorf:

(a) Beginsels van ontwerp

(i) Die beginsels soos vervat in die definisie van nywerheidskorf moet stip gevolg en toegepas word.

(ii) Spesiale aandag moet gegee word aan estetiek, argitektoniese samehang, stedelike ontwerp en landskap-uitleg.

(b) Ontwikkelingsplan vir perseel

'n Terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van, en vir goedkeuring deur die Raad, moet kragtens artikel 16.5 ingedien word.

(c) Parkering en toegang

Parkering en toegang moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(d) Meng van kleinhandel- en nywerheidsontwikkeling

(i) Die Raad mag voorwaardes stel wat die verhouding van kleinhandel- tot vervaardigings-bedrywe beperk.

(ii) In die afwesigheid van enige voorwaardes soos omskryf in (i), mag 'n nywerheidskorf nie meer as 50% van sy totale vloeroppervlakte afstaan aan kleinhandel, winkels of daarmee-gepaardgaande gebruike nie.

Diensstasie

8.1.6 Dieselfde voorwaardes wat vir 'n diensstasie in Sakesone 3: Diensstasie geld, geld ook vir diensstasies in hierdie sone.

8.2 NYWERHEIDSONE 2: ALGEMENE NYWERHEID (IND2)

Doel

Die doel van Nywerheidsone 2 is om voorsiening te maak vir alle soorte nywerhede, uitsluitend hindernis- en risikobedrywe, om die vervaardigingsektor in die ekonomie te bevorder, en om voorsiening te maak vir ander bedrywe, wat groot ruimtes verg (kleinhandel uitgesluit) en wat normaalweg nie in ander sones tuis hoort nie, soos pakhuise, groothandel verspreiding-depots en werkwinkels.

Gebruik van grond

8.2.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: nywerheid, diensbedryf, pakhuis, skrootwerf, vervoergebruik, nywerheidskorf, diensstasie, openbare garage, begrafnisondernemer, restaurant, publieke parkering.

(b) **Vergunningsgebruike**: winkel, drankwinkel, plek van onderrig, vergaderplek, volwasse vermaakbedryf, stortingsterrein, slagpale, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

(c) **Bykomende gebruiksregte** wat vir grond in hierdie sone geld is:
Die bedrywer van 'n nywerheid of 'n diensbedryf mag die goedere wat in die geheel of gedeeltelik op die grond vervaardig, verwerk, verpak, gemonteer of voltooi is, in die kleinhandel te koop aanbied, asook enige ander goedere waartoe die Raad mag toestem, met die voorbehoud dat:
(i) die totale vloeroppervlakte wat gewy word aan sodanige verkope nie meer as 10% sal beslaan van die totale vloeroppervlakte van al die geboue op die erf nie, en
(ii) die goedere wat in die kleinhandel te koop aangebied word wat nie op die grond vervaardig, verwerk, gemonteer of voltooi is nie, verband hou met sodanige goedere.

Voorwaardes van ontwikkeling

8.2.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor op die erf moet nie 2,4 oorskry nie

(b) **Dekking**
Maksimum-dekking is 80%

(c) **Hoogte**
Die hoogtebeperking is 10,0 m bo grondvlak, met die voorbehoud dat as die goeie funksionering van 'n bedryf in hierdie sone 'n groter hoogte vereis, die Raad sodanige oorskryding van hoogte mag toestaan.

(d) **Terugset**
(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens of grense van die erf minstens 8,0 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die straat smaller as 16 m is.
(ii) Die voorskrifte vervat in artikel 16.2.4 geld.

(e) **Straatboulyn**
Die straatboulyn is 5,0 m, onderhewig aan artikel 16.2.

(f) **Kantboulyn**
(i) Waar 'n buitemuur gebou is van 'n materiaal met een uur vuurweerstand, waar daar geen openinge in sodanige muur is nie, en die erf aan 'n ander nywerheidsone grens, word 'n 0,0 m kantboulyn toegelaat.
(ii) Wanneer die grondeenheid aangrensend is tot 'n sone wat nie 'n nywerheidsone is nie, is die kantboulyn 3,0 m vir die grondverdieping en 4,5 m vir die tweed en derde verdiepings.
(iii) In alle ander gevalle geld 'n 3,0 m kantboulyn.

(g) **Agterste boulyn**
(i) Geen gebou mag nader as 3,0 m aan die agterste grens opgerig word nie, onderhewig aan artikel 16.2.
(ii) Wanneer die grondeenheid aangrensend is tot 'n sone wat nie 'n nywerheidsone is nie, is die agterste boulyn 4,5 m vir die tweed en derde verdiepings.
(iii) In gevalle waar 'n gebou tot teenaan albei kantgrense strek en daar geen ander wyse van toegang tot die agterplaas van die gebou as deur die gebou is nie, moet daar ten minste een opening in die

agterste buitemuur voorsien word wat toegang tot die agtergrens gee, en sodanige opening moet met outomatiese brandvaste hortjies tot die Raad se bevrediging beskerm word.

(h) Grensmure
As 'n erf 'n grens deel met 'n ander erf wat nie vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is nie, mag die Raad vereis dat 'n 1,8 m grensmuur tot sy bevrediging langs die grens opgerig word.

(i) Parkering en toegang
Parkering en toegang daartoe moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(j) Laaiplekke
Laaiplekke moet kragtens artikel 17.3 op die erf voorsien word.

(k) Afskerming
Die Raad mag vereis dat enige deel van die erf wat vir die stoor of laai van goedere gebruik word, tot die Raad se bevrediging toegekamp moet word met 'n baksteen- of beton-skermmuur.

Gevaarlike bedrywighede

8.2.3 Geen gevaarlike bedrywigheid, wat die stoor van gevaarlike materiaal op die perseel insluit, word toegelaat nie, tensy 'n risikobestuur en -voorkomingsplan deur die Raad goedgekeur is.

Ontwikkelingsplan vir die perseel

8.2.4 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

Nywerheidskorf

8.2.5 Dieselfde voorwaardes wat vir 'n nywerheidskorf in Nywerheidsone 1: Ligte Nywerheid geld, geld ook vir 'n nywerheidskorf in hierdie sone.

Diensstasie

8.2.6 Dieselfde voorwaardes wat vir 'n diensstasie in Sakesone 3: Diensstasie geld, geld ook vir diensstasies in hierdie sone.

8.3 NYWERHEIDSONE 3: HINDERBEDRYF (IND3)

Doel

Die doel van Nywerheidsone 3: Hinderbedryf is om voorsiening te maak vir daardie soorte nywerhede wat steurend is as gevolg van reuke, produkte, afval of enige ander hinderlike gevolge van hul bedryf, of wat 'n hoë brand- of ongevalle risiko inhou. Hinderbedrywe moet nie naby aan woongebiede geplaas word nie, en windrigtings moet in ag geneem word waar van toepassing.

Gebruik van grond

8.3.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) Primêre gebruike: hinderbedryf, risikobedryf, krematorium, slagpale, brandstof-opslagplek.

(b) Vergunningsgebruike: nywerheid, diensbedryf, pakhuis, skrootwerf, vervoergebruik, winkel, diensstasie, openbare garage, nywerheidskorf, stortingsterrein, publieke parkering, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

(c) Bykomende gebruiksregte wat vir grond in hierdie sone geld is:
Die bedrywer van 'n nywerheid, 'n diensbedryf, hinderbedryf of risikobedryf mag die goedere wat in die geheel of gedeeltelik op die grond vervaardig, verwerk, verpak, gemonteer of voltooi is, in die kleinhandel te koop aanbied, asook enige ander goedere waartoe die Raad mag toestem, met die voorbehoud dat:
(i) die totale vloeroppervlakte wat gewy word aan sodanige verkope nie meer as 10% sal beslaan van die totale vloeroppervlakte van al die geboue op die erf nie, en
(ii) die goedere wat in die kleinhandel te koop aangebied word wat nie op die grond vervaardig, verwerk, gemonteer of voltooi is nie, verband hou met sodanige goedere.

Impak op die omgewing

8.3.2 Bykomend tot die vereistes van enige ander wet oor impak op die omgewing, geld die volgende voorwaardes:
(a) Geen grond mag vir Nywerheidsone 3 gebruik word nie, tensy 'n omgewingsimpakstudie onderneem is, en tensy die Raad tevrede is met die gevolgtrekkings van sodanige impakstudie.

(b) Geen bedrywigheid, insluitend die stoor van gevaarlike stowwe op die perseel, word toegelaat sonder dat 'n risikobestuur- en –voorkomingsplan eers deur die Raad goedgekeur is nie.

Voorwaardes van ontwikkeling

8.3.3 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Vloerfaktor
Die vloerfaktor op die erf moet nie 2,4 oorskry nie

(b) Dekking
Maksimum-dekking is 80%.

(c) Hoogte
Die hoogtebeperking is 10,0 m bo grondvlak, met die voorbehoud dat as die goeie funksionering van 'n bedryf in hierdie sone 'n groter hoogte vereis, die Raad sodanige oorskryding van hoogte mag toestaan.

(d) Terugset
(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens of grense van die erf minstens 8,0 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die straat smaller as 16 m is.
(ii) Die voorskrifte vervat in artikel 16.2.4 geld.

(e) Boulyne
Die volgende boulyne is van toepassing, onderworpe aan artikel 16.2:
(i) Die straatboulyn is 5,0 m.
(ii) Die kant- en agterste boulyne is 10,0 m, of soos deur die Raad voorgeskryf.

(f) Grensmure
As 'n erf 'n grens deel met 'n ander erf wat nie vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is nie, mag die Raad vereis dat 'n 1,8 m grensmuur tot sy bevrediging langs die grens opgerig word.

(g) Parkering en toegang
Parkering en toegang moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(h) Laaiplekke
Laaiplekke moet kragtens artikel 17.3 op die erf voorsien word.

(i) Afskerming
Die Raad mag vereis dat enige deel van die erf wat vir die stoor of laai van goedere gebruik word, tot die Raad se bevrediging toegekamp moet word met 'n baksteen- of beton-skermmuur.

Ontwikkelingsplan vir die perseel

8.3.4 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

Diensstasie

8.3.5 Dieselfde voorwaardes wat vir 'n diensstasie in Sakesone 3: Diensstasie geld, geld ook vir diensstasie in hierdie sone.

8.4 NYWERHEIDSONE 4: MYNBOU (IND4)

Doel

Die doel van Nywerheidsone 4: Mynbou is om mynbou te beheer en vir 'n beperkte mate van daarmee-gepaardgaande sakebedrywighede voorsiening te maak. Hierdie sone is bedoel vir langtermyn-mynbou, in teenstelling met tydelike, korttermyn myn- of prospekteerbedrywighede.

Gebruik van grond

8.4.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) Primêre gebruike: mynbou

(b) Vergunningsgebruike: nywerheid, hinderbedryf, risikobedryf, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

8.4.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Voorskrifte vir aansoek

(i) Die eienaar moet aan nasionale en provinsiale statutêre vereistes voldoen wat van toepassing is op die mynbou, wat insluit maar nie beperk is nie tot:
(aa) die permitte en lisensies wat vereis word volgens die Wet op Minerale, en
(bb) die toestemmings of vrystellings wat deur die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur vereis word.

(ii) Enige aansoek om 'n erf na Nywerheid 4 te hersoneer moet die maatreëls uiteensit wat getref sal word om veiligheid en beskerming van die natuurlike en menslike omgewing te bevorder, insluitend maar nie beperk nie tot:
(aa) beheer van dreinering, verslikking en erosie;
(bb) bewaring van natuurlike plantegroei en die habitats van wild;
(cc) beskerming van beide oppervlakte- en grondwater;
(dd) bewaring van die bogrond;
(ee) voorsiening vir die rehabilitasie en hergebruik van die perseel;
(ff) voorsiening van klank- en sig-buffers;
(gg) voorsiening vir swaar verkeer en swaar voertuie op paaie, en
(hh) voorsien van 'n gefaseerde program van optrede en verantwoordelikhede wat met die vereistes vir rehabilitasie gepaard gaan.

(iii) In die beoordeling van 'n aansoek om nywerheidsvestiging in hierdie sone sal daar besondere aandag gegee word aan moontlike hindernis- of risikofaktore, wat nadelig kan wees vir die omliggende gebiede en mense of gemeenskappe in daardie gebiede.

(b) Ontwikkelingsplan vir die perseel: Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

Bedryfsvereistes

8.4.3 Die volgende voorwaardes geld vir die bedryf van 'n myn:
(a) Die eienaar of bedrywer van 'n myn moet:
(i) die Raad in kennis stel van enige seisoenale, tydelike of permanente sluitings;
(ii) geen toename van waterafloop na enige naasliggende grond of waterloop veroorsaak nie;
(iii) doeltreffende beheermaatreëls instel om stof op die perseel te beheer, tot bevrediging van die Raad.
(b) Vervoerroetes vir voertuie en apparaat na en van die perseel is onderhewig aan die goedkeuring van die Raad.
(c) Die Raad mag na goeddunke ander ontwikkelingsreëls instel.

HOOFSTUK 9
GEMEENSKAPSONES

BELEID

Die volgende breë beleid geld in die Gemeenskapsones tensy hierdie beleid vervang is deur 'n goedgekeurde struktuurplan of ruimtelike ontwikkelingsraamwerk.

Gemeenskapsones het ten doel om vir 'n reeks van gemeenskapsgebruike voorsiening te maak, wat gerig is op die behoeftes van die plaaslike gemeenskap, soos onderwys, godsdienstige en gesondheidsinstellings.

Gemeenskapsgeboue kan belangrike fokuspunte vir sosiale en stedelike ontwikkeling wees en esteties aantreklike argitektoniese ontwerpe moet aangemoedig word.

9.1 GEMEENSKAPSONE 1: OPVOEDKUNDIG (C1)

Doel

Die doel van Gemeenskapsone 1: Opvoedkundig is om te voorsien in die volle spektrum opvoedkundige behoeftes, maar versoenbare gemeenskapsgebruike kan ook op beheerde wyse voorsien word.

Gebruik van grond

9.1.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) Primêre gebruik: plek van onderrig.

(b) Vergunningsgebruike: konferensiesentrum, vergaderplek, plek van aanbidding, inrigting, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

(c) Bykomende gebruiksregte: Grond in hierdie sone mag by geleentheid vir sosiale funksies gebruik word, met die voorbehoud dat:

(i) die sosiale funksie bykomstig is, en verband hou met die bedrywighede wat in hierdie sone toegelaat word, en

(ii) sodanige sosiale funksies nie, volgens die Raad se mening, buitensporige of langdurige steuring soos lawaai veroorsaak nie.

Voorwaardes van ontwikkeling

9.1.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Vloerfaktor
Die vloerfaktor op die erf moet nie 1,5 oorskry nie.

(b) Dekking
Maksimum-dekking van al die geboue op die erf saam is 50%.

(c) Hoogte
Geen gebou mag drie verdiepings oorskry nie.

(d) Terugset
(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens of grense van die erf minstens 8,0 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die straat smaller as 16 m is.
(ii) Die voorskrifte vervat in artikel 16.2.4 geld.

(e) Straatboulyn
Die straatboulyn is 10,0 m, onderhewig aan artikel 16.2.

(f) Kant- en agterste boulyne
Die kant- en agterste boulyne is 10,0 m, onderhewig aan artikel 16.2

(g) Parkering en toegang
Parkering en toegang moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(h) Terreinontwikkelingsplan
Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

9.2 GEMEENSKAPSONE 2: PLEK VAN AANBIDDING (C2)

Doel

Die doel van Gemeenskapsone 2: Plek van Aanbidding is om plekke te voorsien waar gemeenskappe bymekaar kan kom vir godsdiensoefening volgens die gebruike van hulle besondere geloof of godsdiens.

Gebruik van grond

9.2.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) Primêre gebruike: plek van aanbidding, woning van godsdienstige leier.

(b) Vergunningsgebruike: plek van onderrig, vergaderplek, kolumbarium, inrigting, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

(c) Bykomende gebruiksregte: Grond in hierdie sone mag by geleentheid vir sosiale funksies gebruik word, met die voorbehoud dat:
(i) die sosiale funksie bykomstig is, en verband hou met die bedrywighede wat in hierdie sone toegelaat word, en
(ii) Sodanige sosiale funksies nie, volgens die Raad se mening, buitensporige of langdurige steuring soos lawaai veroorsaak nie.

Voorwaardes van ontwikkeling

9.2.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Vloerfaktor
Die vloerfaktor op die erf moet nie 1,2 oorskry nie.

(b) Dekking
Maksimum-dekking van al die geboue op die erf saam is 60%.

(c) Hoogte
Geen gebou mag twee verdiepings oorskry nie, met uitsondering van 'n kloktoring, kerktoring, minaret of soortgelyke argitektoniese struktuur wat ontwerp is om die belangrikheid van die gebou as plek van aanbidding te beklemtoon.

(d) Terugset

(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens of grense van die erf minstens 6,5 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die straat smaller as 13 m is.

(ii) Die voorskrifte vervat in artikel 16.2.4 geld.

(e) Straatboulyn

Die straatboulyn is 10,0 m, onderhewig aan artikel 16.2.

(f) Kant- en agterste boulyne

Die kant- en agterste boulyne is 10,0 m, onderhewig aan artikel 16.2.

(g) Boulyne vir woning van godsdiensleier

Boulyne vir die woning van die godsdiensleier is soos vir Enkelwoningsone 1.

(h) Parkering en toegang

Parkering en toegang moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(i) Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

(j) Uitsonderings vir klein gemeentes

Waar 'n godsdienstige groep min lede het, en die perseel klein is, kan die Raad die voorskrifte in (a) tot (g) hierbo gestel verslap.

9.3 GEMEENSKAPSONE 3: INRIGTING (C3)

Doel

Die doel van Gemeenskapsone 3: Inrigting is om voorsiening te maak vir 'n breë verskeidenheid van inrigtings, insluitend hospitale, klinieke, inrigtings en vergaderplekke.

Gebruik van grond

9.3.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: hospitaal, kliniek, inrigting.

(b) **Vergunningsgebruike**: vergaderplek, plek van onderrig, woongebou, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

9.3.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Vloerfaktor

Die vloerfaktor op die erf moet nie 1,2 oorskry nie.

(b) Dekking

Maksimum-dekking van al die geboue op die erf saam is 60%.

(c) Hoogte

Geen gebou mag hoër as twee verdiepings wees nie.

(d) Terugset

(i) Die Raad mag vereis dat die straatgrens of grense van die erf minstens 8,0 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate teruggesit word, as die straat smaller as 16 m is.

(ii) Die voorskrifte vervat in artikel 16.2.4 geld.

(e) Straatboulyn

Die straatboulyn is 10,0 m, onderhewig aan artikel 16.2.

(f) Kant- en agterste boulyn

Kant- en agterste boulyne is 10,0 m, onderhewig aan artikel 16.2.

(g) Parkering en toegang

Parkering en toegang moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(h) Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

HOOFSTUK 10
OWERHEIDSONE

BELEID

Die beleid en doel van die Owerheidsone is om grond te reserveer vir gebruike wat normaalweg deur sentrale, provinsiale en munisipale regeringsinstansies uitgevoer word, en wat nie onder 'n ander soneringskategorie ressorteer nie.

10 OWERHEIDSONE: REGERING (AU)

Gebruik van grond

10.1 Die volgende gebruiksbeperkings geld vir grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: owerheidsgebruik, nutsdienste, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

(b) **Vergunningsgebruike**: enige gebruik soos deur die Raad bepaal, met inagneming van 10.3 onder.

Voorwaardes van ontwikkeling

10.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Geen struktuur mag opgerig word of grond gebruik word in hierdie sone nie, tensy die Raad meen dat dit versoenbaar is en verband hou met die toegelate gebruike.

(b) Die Raad moet, met inagneming van 10.3 onder, die ontwikkelingsreëls wat van toepassing is op grond-eenhede in hierdie sone bepaal.

Bepaling van vergunningsgebruik en ontwikkelingsreëls

10.3 Die volgende voorskrifte moet nagekom word voordat die Raad vergunningsgebruike, of die ontwikkelingsreëls, bepaal soos bedoel in klousules 10.1 en 10.2:

(a) Die voorgestelde vergunnings of ontwikkelingsreëls moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(b) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

HOOFSTUK 11:
VERVOERSONES

BELEID

Die volgende breë beleid geld in die vervoersones tensy hierdie beleid vervang is deur 'n goedgekeurde struktuurplan of ontwikkelingsraamwerk:

Vervoersones het ten doel om die doeltreffende bedryf van verskillende vervoersisteme te bevorder, wat weer ontwikkeling in die algemeen kan bevorder. Ontwikkeling van beheerde gemengde gebruike word in sekere vervoersones toegelaat, op voorwaarde dat die bedryf van die vervoerstelsel nie nadelig geraak word nie.

11.1 VERVOERSONE 1: VERVOERGEBRUIKE (TR1)

Doel

Die doel van Vervoersone 1 Vervoergebruik is om grond te reserveer vir vervoerstelsels, met uitsluiting van privaat paaie en publieke paaie, maar insluitend alle ander vervoerondernemings, soos lughawens, helikopter-landingsplekke, busdepots, taxi-staanplekke, kabelkarstasies, en modale aansluitings.

Gebruik van grond

11.1.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: vervoergebruike, publieke parkering.

(b) **Vergunningsgebruike**: winkel, kantore, restaurant, drankwinkel, nywerheid, diensbedryf, diensstasie, openbare garage, vergaderplek, vermaaklikheidsplek, inrigting, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

11.1.2 Die Raad moet die ontwikkelingsreëls wat van toepassing is op grond-eenhede in hierdie sone bepaal, wat mag insluit die opstel van 'n terreinontwikkelingsplan kragtens artikel 16.5.

11.2 VERVOERSONE 2: PAD (TR2)

Doel

Die doel van Vervoersone 2: Pad is om vir publieke strate en privaatpaaie voorsiening te maak, hetsy bestaande of beplan.

Gebruik van grond

11.2.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: publieke straat, privaatpad, publieke parkering, privaat parkering.

(b) **Vergunningsgebruike** enige ander gebruike soos deur die Raad bepaal, onderhewig aan die volgende:
(i) Sodanige gebruik moet, volgens die Raad se mening, nie die beweging van voertuie en/of voetgangers in die omgewing in gedrang bring nie.
(ii) Sodanige grond moet hersoneer word as die gebruik 'n opvallende en permanente verandering van die primêre gebruik beteken, en as hierdie regulasies 'n meer geskikte alternatiewe sonering omvat.

(c) **Bykomende gebruiksregte**: Enige publieke straat, of enige gedeelte van grond wat op 'n goedgekeurde plan wat nie verval het nie, as 'n publieke straat aangedui word, word beskou as gesoneer na Vervoersone 2: Pad.

Voorwaardes van ontwikkeling

11.2.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) **Straatsmouse**
Gebruik van die padreserwe op 'n publieke straat deur straatverkopers, kolporteurs of smouse is toelaatbaar, onderhewig aan die volgende:
(i) gehoorsaming van enige toepaslike verordening van die Raad wat betrekking het op straatverkopers, kolporteurs of smouse, en
(ii) die Raad mag sodanige gebruik beëindig indien dit, volgens die Raad se mening, voetganger- of voertuig-beweging belemmer, of as dit die aangenaamheid van die omgewing versteur, of as sodanige gebruik 'n openbare steurnis uitmaak.

(b) **Konstruksiewerk en aflaai van materiaal**
Niemand mag:
(i) 'n privaat kruising, brug of duiker op of oor 'n publieke straat aanbring nie;
(ii) 'n sypad in 'n publieke straat bou nie;
(iii) 'n veranda, stoepe, muur, trappe of enige ander uitsteeksel op of oor 'n publieke straat bou nie;
(iv) enige goedere, artikels, boumateriale of afval in 'n publieke straat aflaai of laat behalwe vir die redelike tydperk benodig vir laai, aflaai of verwydering daarvan,
behalwe as die Raad geskrewe toestemming daartoe gegee het.

(c) **Lugregte en ondergrondse regte**
Die Raad mag toestaan dat vergunningsgebruike in hierdie sone as lugregte geïmplementeer word, met die voorbehoud dat:
(i) die Raad tevrede is dat strukturele elemente, kopruimte en bedryfseienskappe voldoende is om veilige en doeltreffende bedryf van die vervoergebruik of publieke parkering te verseker, en
(ii) 'n ooreenkoms tussen die betrokke partye wat die omvang van regte, besitreg en verpligtinge van onderhoud wat op grond betrekking het, onderteken word, en deur die Raad goedgekeur word.

(d) **Voorgestelde publieke straat, straatverbreding en padsluiting**
Enige verwysing op die soneringskaart na 'n voorgestelde publieke straat, straatverbreding of padsluiting is onderhewig aan artikel 16.6.

11.3 VERVOERSONE 3: PARKERING (TR3)

Doel

Die doel van Vervoersone 3: Parkering is om voorsiening te maak vir tydelike parkering van padwaardige voertuie om in 'n behoefte aan parkering te voorsien, met of sonder 'n fooi. Sodanige parkering mag verskaf word in geboue sowel as in oop parkeerareas, en dit mag in private of in openbare besit wees.

Hierdie sone moet gebruik word slegs waar parkering as primêre gebruik verlang word en ander gebruike beperk moet word. Enige parkering wat verband hou met 'n toegestane gebruik op 'n erf word as toevallig beskou en bykomend tot die toegestane gebruik, en sodanige parkeerareas hoef nie as Vervoersone 3 hersoneer te word nie.

Gebruik van grond

11.3.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: publieke parkering, privaat parkering.

(b) **Vergunningsgebruike**: winkel, diensstasie, openbare garage, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

11.3.2 Die Raad moet die ontwikkelingsreëls wat van toepassing is op grond-eenhede in hierdie sone bepaal, op voorwaarde dat aan die voorskrifte van artikel 10.3 voldoen word.

11.4 VERVOERSONE 4: SPOORWEË (TR4)

Doel

Die doel van Vervoersone 4: Spoorweë is om voorsiening te maak vir spoorlyne, en gebruike wat daarmee gepaardgaan.

Gebruik van grond

11.4.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: spoorlyne, spoorwegstasies en gepaardgaande gebruike, publieke parkering.

(b) **Vergunningsgebruike**: winkel, werkwinkel, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

11.4.2 Die Raad moet die ontwikkelingsreëls wat van toepassing is op grond-eenhede in hierdie sone bepaal, op voorwaarde dat aan die voorskrifte van artikel 10.3 voldoen word.

HOOFSTUK 12
NATUURBEWARING- EN OOPRUIMTE SONES

BELEID

Die volgende breë beleid geld in natuurbewaring en oopruimte sones tensy hierdie beleid vervang is deur 'n goedgekeurde struktuurplan of ontwikkelingsraamwerk:

(i) *Voorsiening word gemaak vir verskillende soorte natuurbewaring, afhangende van die bio-fisiese eienskappe van 'n gebied. Bewaring van die natuurlike omgewing is 'n belangrike komponent van bio-streekbeplanning, en is onontbeerlik vir die beskerming van biodiversiteit en is in breë belang van die publiek.*

(ii) *Voorsiening moet gemaak word vir verskillende soorte oopruimte, afhangende van die funksies van die betrokke oopruimte. Publieke oopruimte het 'n belangrike status vanweë sy bydrae tot die breë belang van die publiek en die feit dat dit moeilik is om oopruimte wat eers verlore is, te vervang. Om hierdie redes moet publieke oopruimte onderskei word van privaat oopruimte, en die status van publieke oopruimte moet nie verander word sonder baie versigtige oorweging nie.*

(iii) *Sekere oopruimtes is belangrik as natuurgebiede, hetsy publiek of privaat, en moet duidelik as sodanig op die soneringskaart aangeteken word. Sodanige gebiede mag ook onderhewig wees aan ander vereistes na gelang van die omgewingswetgewing wat op hulle gebruik van toepassing is.*

12.1 BEWARINGSONE 1: WILDERNISGEBIED (CON1)

Doel

Die doel van Bewaringsone 1: Wildernisgebied is om voorsiening te maak vir die bewaring van oorwegend natuurlike, afgeleë en ongerepte gebiede. Sodanige gebied kan tot natuurgebiede verklaar word, of dit kan onverklaar bly. Dit kan ook die kern-sone van 'n bio-streekbeplanning streek wees. Die verskeidenheid van gebruike wat toegestaan sal word is baie beperk.

Gebruik van grond

12.1.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruik**: bewaring van 'n wildernisgebied.

(b) **Vergunningsgebruik**: geen.

Voorskrifte van bestuur

12.1.2 Die Raad mag die instel van 'n bestuursagentskap vereis vir grond in hierdie sone, as, in die opinie van die Raad, daar nie voldoende voorsiening gemaak is vir die bestuur van die betrokke grond nie.

12.1.3 Die Raad mag vereis dat die eienaar van die grond 'n omgewingsbestuurplan aan die Raad voorlê vir sy goedkeuring, soos voorgeskryf in artikel 4.6.

12.1.4 Die Raad moet die ontwikkelingsreëls bepaal in ooreenstemming met die doelstellings van hierdie sone en die besondere omstandighede van die grond, en volgens 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) As 'n bestuursagentskap ingestel is moet dit voorstelle aan die Raad maak oor toepaslike ontwikkelingsreëls vir die grond.

(b) Die voorgestelde ontwikkelingsreëls moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(c) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

12.2 BEWARINGSONE 2: STATUTÊRE BEWARING (CON2)

Doel

Die doel van Bewaringsone 2: Statutêre Bewaring is om voorsiening te maak vir die bewaring van natuurlike hulpbronne in gebiede wat verklaar is tot natuurgebiede, om die flora en fauna te onderhou en om natuurlike landskap te bewaar, insluitend bosse, berghange en vleilande.

Gebruik van grond

12.2.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruik** statutêre natuurbewaring.

(b) **Vergunningsgebruike**: vakansie-akkommodasie, toeriste-geriewe, 4x4 pad, bestuurfasiliteite, volhoubare gebruik van bronne, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorskrifte vir bestuur

12.2.2 Die Raad mag vereis dat die eienaar van die grond 'n omgewingsbestuursplan, soos voorgeskryf in artikel 4.6, aan Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad voorlê vir hulle goedkeuring.

12.2.3 Die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad moet versoek word om ontwikkelingsreëls vir die grond aan die Raad voor te stel, gebaseer op die doelstellings van hierdie sone en die besondere omstandighede van die grond, en volgens 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan.

12.2.4 Die Raad sal die ontwikkelingsreëls bepaal met die nodige inagneming van die voorstelle ontvang van die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Die voorgestelde ontwikkelingsreëls moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(b) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

12.3 BEWARINGSONE 3: NIE-STATUTÊRE BEWARING (CON3)

Doel

Die doel van Bewaringsone 3: Nie-statutêre Bewaring is om voorsiening te maak vir die bewaring van die natuurlike omgewing in gebiede wat nie verklaar is tot natuurgebiede nie, om die flora en fauna te beskerm en om onontwikkelde landskap te bewaar, insluitend bosse, berghange en vleilande. 'n Reeks vergunningsgebruike word voorsien om die hoof

doelstelling van hierdie sone aan te vul en te ondersteun. Dié sone is besonder geskik as die bewarings-gedeelte van 'n bewarings-landgoed.

Gebruik van grond

12.3.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike** natuurbewaring, volhoubare gebruik van bronne.

(b) **Vergunningsgebruike**: toeriste-fasiliteite, 4x4 pad, bestuurfasiliteite, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorskrifte vir bestuur

12.3.2 Die Raad mag die instel van 'n bestuursagentskap vereis vir grond in hierdie sone, as, in die opinie van die Raad, daar nie voldoende voorsiening gemaak is vir die bestuur van die betrokke grond nie.

12.3.3 Die Raad mag vereis dat die eienaar van die grond 'n omgewingsbestuursplan aan die Raad voorlê vir sy goedkeuring, soos voorgeskryf in artikel 4.6.

12.3.4 Die Raad moet die ontwikkelingsreëls vir die grond bepaal in ooreenstemming met die doelstellings van hierdie sone en die besondere omstandighede van die grond, en volgens 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) As 'n bestuursagentskap ingestel is moet dit voorstelle aan die Raad maak oor toepaslike ontwikkelingsreëls vir gebruik van die grond.

(b) Die voorgestelde ontwikkelingsreëls vir die grond moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(c) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

12.4 OOPRUIMTE SONE 1: PUBLIEKE OOPRUIMTE (OS1)

Doel

Die doel van Oopruimte Sone 1: Publieke Oopruimte is om vir aktiewe en passiewe ontspanningsgebiede op publieke grond voorsiening te maak, om ontspanning te bevorder en om die estetiese voorkoms van die gebied te verhoog. Publieke oopruimtes kan ook benut word om die natuurlike omgewing, soos vleilande, eco-sisteme, en biodiversiteit te beskerm.

Gebruik van grond

12.4.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruik** publieke oopruimte.

(b) **Vergunningsgebruik**: soos deur die Raad bepaal.

Voorskrifte vir bestuur

12.4.2 Die Raad mag die instel van 'n bestuursagentskap vereis vir grond in hierdie sone, as, in die opinie van die Raad, daar nie voldoende voorsiening gemaak is vir die bestuur van die betrokke grond nie.

12.4.3 Die Raad mag vereis dat die eienaar van die grond 'n omgewingsbestuursplan aan die Raad voorlê vir sy goedkeuring, soos voorgeskryf in artikel 4.6.

12.4.4 Die Raad moet die ontwikkelingsreëls en vergunningsgebruike vir die grond bepaal in ooreenstemming met die doelstellings van hierdie sone en die besondere omstandighede van die grond, en volgens 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) As 'n bestuursagentskap ingestel is moet dit voorstelle aan die Raad maak oor toepaslike ontwikkelingsreëls en vergunningsgebruike.

(b) Die voorgestelde ontwikkelingsreëls en vergunningsgebruike vir die grond moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(c) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

12.5 OOPRUIMTE SONE 2: PRIVAAT OOPRUIMTE (OS2)

Doel

Die doel van Oopruimte Sone 2: Privaat Oopruimte is om vir aktiewe en passiewe ontspanningsgebiede op privaatgrond voorsiening te maak, om ontspanning te bevorder en om die estetiese voorkoms van die gebied te verhoog.

Gebruik van grond

12.5.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruik** privaat oopruimte.

(b) **Vergunningsgebruik**: Sportgronde, of soos deur die Raad bepaal.

Voorskrifte vir bestuur

12.5.2 Die Raad mag die instel van 'n bestuursagentskap vereis vir grond in hierdie sone, as, in die opinie van die Raad, daar nie voldoende voorsiening gemaak is vir die bestuur van die betrokke grond nie.

12.5.3 Die Raad mag vereis dat die eienaar van die grond 'n omgewingsbestuursplan aan die Raad voorlê vir sy goedkeuring, soos voorgeskryf in artikel 4.6.

12.5.4 Die Raad moet die ontwikkelingsreëls en vergunningsgebruike vir die grond bepaal in ooreenstemming met die doelstellings van hierdie sone en die besondere omstandighede van die grond, en volgens 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) As 'n bestuursagentskap ingestel is moet dit voorstelle aan die Raad maak oor toepaslike ontwikkelingsreëls en vergunningsgebruike.

(b) Die voorgestelde ontwikkelingsreëls en vergunningsgebruike moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(c) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

12.6 OOPRUIMTE SONE 3: BEGRAAFPLAAS (OS3)

Doel

Die doel van Oopruimte Sone 3: Begraafplaas is om voorsiening te maak vir grond wat gereserveer word vir die begrawe van lyke, en daarmee gepaardgaande bedrywighede.

Gebruik van grond

12.6.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: begraafplaas, kolumbarium.

(b) **Vergunningsgebruike**: krematorium, plek van aanbidding, begrafnisonderneming, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

12.6.2 Die Raad sal die ontwikkelingsreëls volgens die doelstelling van hierdie sone bepaal, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Die voorgestelde ontwikkelingsreëls moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(b) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

HOOFSTUK 13
OORDSONE

13 OORDSONE: VAKANSIE-AKKOMMODASIE (REZ)

Doel

Die doel van die Oordsone: Vakansie-akkommodasie is om toeriste- en vakansiegeriewe in gebiede met uitsonderlike omgewings- of ontspanningseienskappe te bevorder, en om hierdie geriewe vir die breë publiek toeganklik te maak. Terselfdertyd moet moontlike negatiewe gevolge van ontwikkeling vir kwesbare natuurlike omgewings tot die minimum beperk word. Die sentrale beginsel moet wees dat 'n oord nie die aangenaamheid moet bederf wat in die eerste plek mense daarna gelok het nie, en dat dit nie 'n publieke steurnis moet veroorsaak vir ander mense wat in die omgewing woon en werk

nie. Hierdie sone moet oordeelkundig in uitsonderlike gevalle gebruik word, hoofsaaklik vir toeriste-ontwikkelings buite gevestigde beboude gebiede.

Gebruik van grond

13.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: vakansie-akkommodasie, natuurbewaring, privaat oopruimte.

(b) **Vergunningsgebruike**: toeriste-geriewe, konferensiesentrum, hotel, landgoed-behuising, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van bestuur en ontwikkeling

13.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) Die Raad mag, onderworpe aan die bepalings van artikel 3.4, die ontwikkelingsreëls vir die gebruik van geboue en grond, en vir digtheid, hoogte, dekking, uitleg, ontwerp van geboue, landskap-uitleg, parkering, toegang en bestuur van die natuurlike omgewing voorskryf.

(b) Aansoekers moet die volgende vir goedkeuring aan die Raad voorlê:

(i) 'n plan vir die ontwikkeling van die perseel soos voorgeskryf in artikel 16.5;

(ii) 'n meesterplan vir landskap-uitleg;

(iii) argitektoniese riglyne en 'n sisteem vir argitektoniese beheer, en

(iv) 'n omgewingsbestuursplan soos voorgeskryf in artikel 4.6.

(c) Die grond moet ontwikkel word:

(i) in ooreenstemming met die terreinontwikkelingsplan, argitektoniese riglyne en die omgewingsbestuursplan, soos deur die Raad goedgekeur, en

(ii) tot bevrediging van die Raad.

HOOFSTUK 14
LANDBOU- EN LANDELIKE SONES

BELEID

Die volgende breë beleid geld vir Landbousones tensy hierdie beleid vervang is deur 'n goedgekeurde struktuurplan of ontwikkelingsraamwerk:

i) Landbougrond behoort oor die algemeen beskerm te word van ontwikkelinge wat die grond minder geskik vir landbou maak of die estetiese of kulturele waarde daarvan bedreig. Die onderverdeel van plase moet vermy word en ekonomies-lewensvatbare landbou-eenhede moet behou word. Onderverdeling en hersonering van landbou-grond moet slegs oorweeg word as dit sal help om volhoubare ontwikkeling te bevorder.

ii) Bona fide landboubedrywighede moet nie aan onredelike beperkings onderworpe wees nie want die ekonomiese lewensvatbaarheid van die landbousektor is kwesbaar. Bedrywighede wat as aanvulling dien tot konvensionele landbou sal ook die lewensvatbaarheid van die sektor verhoog. Vir hierdie doel kan aanvullende bedrywighede (wat gelys word as vergunningsgebruike) oorweeg word, om die ekonomiese lewensvatbaarheid van plase te vergroot. Waar nie-landbou bedrywighede toegelaat word, moet sodanige gebruike 'n integrerende onderdeel van die landbou-onderneming uitmaak en nie die vernaamste gebruik van die grond, naamlik landbou, oorheers nie.

iii) Benewens die ondersteuning van 'n waardevolle ekonomiese hulpbron, kan die bewaring van landbougrond ook dien om die bestendigheid van die stadsrand te bevorder, om vleilande en ander natuurlik sensitiewe gebiede te bewaar en om landelike eienskappe wat vir die gemeenskap van waarde is, te behou.

iv) Landelike sone 2: "landelike nedersetting", maak voorsiening vir die vestig van agri-dorpies of landelike nedersettings wat provinsiale pogings ondersteun om woon-bestendigheid vir werknemers in landelike gebiede te verseker, insluitende werknemers in verwante sektore soos bosbou en omgewingsbewaring. Beide "op die plaas" en "af van die plaas" opsies vir die vestig van plaas-werknemers en hulle afhanklikes is moontlikhede wat 'n verskeidenheid van eienaarskap, behuisings- en subsidie-voordele toelaat. Landelike sone 2 kan beide op grond in privaatbesit en op publieke grond voorkom. Voorsiening word gemaak vir aanvullende vergunningsgebruike wat die aangenaamheid van die nedersetting verhoog of die ekonomiese basis vir inwoners sal aanvul.

v) Die Raad mag, as dit wenslik geag word, onder die volgende omstandighede 'n aansoek vir hersonering tot Landelike sone 2 goedkeur:

* *waar daar in 'n landelike gebied 'n aansienlike aanvraag is vir "op die plaas" en / of "af van die plaas" nedersettings, en daar geen gevestigde stedelike nedersettings binne 'n praktiese pendelafstand van die landelike gemeenskap af is nie, en waar die plaaslike owerheid op geen haalbare wyse 'n nuwe dorp kragtens normale prosedures kan vestig en bestuur nie;*
* *waar die eienaars en die werkslui van 'n maatskappy, plaas, of groep van aangrensende plase 'n genoegsame behoefte aan en kapasiteit vir die vestiging van 'n sentraal-geleë nedersetting geïdentifiseer het wat behuising, gemeenskapsgeriewe en dienste op 'n koste-effektiewe wyse aan plaaslike landelike werknemers kan verskaf;*

* *waar daar 'n beduidende aantal landelike werknemers is wat verkies om in 'n landelike, eerder as 'n stedelike, omgewing af te tree;*
* *waar die tipe produk wat verbou word of die aard van die landboubedrywighede "op die plaas"-behuising onmoontlik maak.*

14.1 LANDBOUSONE 1: LANDBOU (AGR1)

Doel

Die doel van Landbousone 1: Landbou is om landbou op groot plase te bevorder en te beskerm as 'n belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron. Daar word op beperkte skaal voorsiening gemaak vir nie-landbou bedrywighede om landelike gemeenskappe in meer afgeleë gebiede die geleentheid te verskaf om die ekonomiese potensiaal van hulle grond te verhoog, mits sodanige gebruike nie die primêre landbou-hulpbron op enige aansienlike skaal negatief sal raak nie.

Gebruik van grond

14.1.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: landbou, woonhuis, gastekamers, verhuur van kamers, tuisbedryf.

(b) **Vergunningsgebruike**: tweede woning of dubbelwoonhuis, bykomende wooneenheid, gastehuis, toeristegeriewe, plaasstal, plaaswinkel, akwakultuur, intensiewe boerdery met diere, intensiewe plantverbouing, kwekery, ryskool, 4x4 pad, kommersiële hondehokke, dakgeplaasde en of vrystaande basistelekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

14.1.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) **Vloeroppervlakte**
(i) Enige addisionele wooneenheid mag nie 'n totale vloeroppervlakte van 120 m² oorskry nie.
(ii) Enige plaaswinkel of plaasstal moet nie 'n vloeroppervlakte van 100 m² oorskry nie.

(b) **Boulyne**
Die volgende boulyne is van toepassing, onderworpe aan artikel 16.2:
(i) Die straatboulyn is 30,0 m.
(ii) Die kant- en agter boulyn is 30 m.

(c) **Parkering**
Parkering en toegang moet kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(d) **Hoogte**
(i) Woonhuise mag nie 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie, met die voorbehoud dat, waar die grondhelling steiler as 1 in 5 is, die eienaar mag besluit om die hoogte volgens artikel (ii) hieronder aan te pas.
(ii) Waar die hoogte kragtens hierdie artikel bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale hoogte bo grondvlak oorskry nie van 6,0 m vir 'n platdak-gebou, of 8,0 m vir 'n skuins- of staandak-gebou, met die voorbehoud dat, by 'n skuins- of staandak-gebou slegs die dakstruktuur die hoogte van 6,0 m mag oorskry.
(iii) Landbougeboue met die uitsondering van woonhuise moet nie hoër as 10 m bo grondvlak wees nie, tot op die nok van die dak, met die voorbehoud dat, as die Raad tevrede is dat 'n groter hoogte benodig word vir die doeltreffende gebruik van die gebou, die Raad sodanige hoogte-oorskryding mag toestaan.
(iv) Nieteenstaande enige van die bostaande voorskrifte mag 'n dakgeplaasde basistelekommunikasiestasie nie meer as 3m in hoogte uitsteek bo die gedeelte van die gebou waaraan dit vas is sonder die vooraf goedkeuring van die Munisipaliteit nie.

(e) **Minimum-grootte van onderverdeling**
(i) Die soneringskaart mag gebiede binne hierdie sone aandui waar 'n minimum-onderverdeling-grootte vir 'n grond-eenheid voorgeskryf word, gebaseer op insette ontvang van die Department Landbou.
(ii) Onderverdeling van grond in hierdie sone mag nie in kleiner grond wees as wat voorgeskryf is volgens (i) hierbo nie, of, waar so 'n voorskrif nie bestaan nie, word geen onderverdeling in hierdie sone goedgekeur nie tensy die grond na onderverdeling volgens die Raad se mening nog as lewensvatbare landbou-eenhede kan fungeer.
(iii) Waar aansoek gedoen word om grond in kleiner eenhede te verdeel as wat die voorwaardes vervat in (i) en (ii) hierbo voorskryf, moet sodanige aansoek vergesel word van 'n aansoek vir hersonering van die grond na 'n nie-landbou grondgebruik, tensy vooraf ministeriële toestemming verkry is, volgens nasionale wetgewing, vir sodanige onderverdeling.

Terreinontwikkelingsplan

14.1.3 Die Raad mag vereis dat 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot die Raad se bevrediging, en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5 vir 'n vergunningsgebruik ingedien word.

Gastekamers en verhuur van kamers

14.1.4 Die ontwikkelingsreëls wat geld vir gastekamers en die verhuur van kamers in Enkelwoningsone 1, artikel 5.1.8, geld ook vir hierdie sone.

Tuisbedryf

14.1.5 Die ontwikkelingsreëls vir 'n tuisbedryf en professionele gebruik in Enkelwoningsone 1, artikel 5.1.7, is ook van toepassing in hierdie sone.

14.2 LANDBOUSONE 2: LANDBOUNYWERHEID (AGR2)

Doel

Die doel van Landbousone 2 is om voorsiening te maak vir die verwerk van landbou-produkte op plase of gedeeltes van plase waar sodanige verwerking volgens die mening van die Raad moontlik die aangenaamheid van die omliggende gebied in die gedrang kan bring weens die omvang of intensiteit van die bedrywigheid, maar waar sodanige bedrywighede ter wille van doeltreffendheid eerder in 'n landbougebied as in 'n stedelike of nywerheidsgebied geleë behoort te wees.

Gebruik van grond

14.2.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: landbounywerheid.

(b) **Vergunningsgebruike**: toeriste-geriewe, plaasstal, slagpale, woonhuis, behuising vir landbou-werknemers, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Identifisering van gesoneerde gebied

14.2.2 Die Raad mag toestem dat 'n gedeelte van 'n grond-eenheid wat anders gesoneer is, na Landbousone 2 hersoneer word, met die voorbehoud dat die Landbousone 2 deel duidelik op 'n landmetersdiagram of ander plan wat deur 'n geskikte gekwalifiseerde persoon tot bevrediging van die Raad voorberei is, aangedui word.

Voorwaardes van ontwikkeling

14.2.3 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) **Vloeroppervlakte**

(i) Die totale vloeroppervlakte insluitende alle wooneenhede op die grond-gedeelte wat Landbousone 2 gesoneer is, insluitend huisvesting van werknemers wat gemoeid is met 'n landbounywerheid, mag nie 1 000 m^2 oorskry nie.

(ii) Geen plaasstal mag 'n vloeroppervlakte van meer as 100 m^2 beslaan nie.

(iii) Die Raad mag bykomende vloeroppervlakte-beperkings vereis met inagneming van die aard van die gebied en die bedryfsbehoeftes van 'n bepaalde landbounywerheid.

(b) **Dekking**

Die maksimum-dekking vir alle geboue op 'n grond-gedeelte wat as Landbousone 2 gesoneer is, is 80%.

(c) **Boulyne**

Die volgende boulyne is van toepassing op die gedeelte van die grond wat gesoneer is vir Landbou Sone 2, onderworpe aan artikel 16.2:

(i) Die straatboulyn is 30,0 m.

(ii) Die kant- en agterste boulyne is 30 m gemeet van die grens van die plaas waarop die grond-gedeelte wat as Landbousone 2 gesoneer is, geleë is.

(d) **Parkering**

Parkering en toegang moet op die erf kragtens artikel 17.1 voorsien word.

(e) **Hoogte**

(i) Die Raad mag 'n hoogteperk stel na gelang van die bedryfsbehoeftes van 'n bepaalde landbounywerheid.

(ii) Nieteenstaande enige van die bostaande voorskrifte mag 'n dakgeplaasde basis-telekommunikasiestasie nie meer as 3m in hoogte uitsteek bo die gedeelte van die gebou waaraan dit vas is sonder die vooraf goedkeuring van die Munisipaliteit nie.

Terreinontwikkelingsplan

14.2.4 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

14.3 LANDELIKE SONE 1: KLEINHOEWES (RU1)

Doel

Die primêre doel van Landelike Sone 1: Kleinhoewes is om 'n sonering te skep vir landbougrond wat reeds onderverdeel is tot groottes wat kleiner is as 'n ekonomiese landbou-eenheid, veral waar sodanige plasies in 'n groep voorkom. Die doel van Landelike Sone 1 is nie primêr om voorsiening te maak vir die onderverdeling van plase nie. Volgens beleid moet landbougrond nie in onekonomiese eenhede verdeel word nie. Die doel is ook nie dat alle individuele geïsoleerd kleiner plasies as sodanig gesoneer moet word nie.

Kleinhoewes is normaalweg 'n oneffektiewe aanwending van grond. Die skep van nuwe kleinhoewes moet slegs goedgekeur word as, vir 'n bepaalde gebied, die beleid soos vervat in die struktuurplan of ruimtelike ontwikkelingsraamwerk duidelik aandui dat sodanige verdeling wenslik is.

Die erf-grootte wat te klein is vir 'n ekonomiese landbou-eenheid en wat as 'n "kleinhoewe" gereken kan word, sal bepaal word deur die potensiële produktiwiteit van die grond en sal dus verskil vir verskillende dele van die munisipale gebied. Kleinhoewes moet egter nie so klein wees dat hulle eerder as enkelwoning geklassifiseer kan word nie.

Waar kleinhoewes deel vorm van die "stadsrand" moet dié tipe ontwikkeling strook met die provinsiale beleid oor die vestiging van landbou-kleinhoewes op die stadsrand.

Gebruik van grond

14.3.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruike**: landbou, woonhuis, gastekamers, verhuur van kamers, tuisbedryf.

(b) **Vergunningsgebruike**: tweede woning of dubbel-woning, toeriste-geriewe, ryskool, kwekery, intensiewe tuinbou, intensiewe boerdery met diere, kommersiële hondehokke, dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie.

Voorwaardes van ontwikkeling

14.3.2 Die volgende ontwikkelingsreëls is van toepassing:

(a) **Vloeroppervlakte**
Die totale vloeroppervlakte van alle wooneenhede op die erf, insluitend huisvesting van werknemers, mag nie 500 m^2 oorskry nie.

(b) **Boulyne**
Die volgende boulyne is van toepassing, onderworpe aan artikel 16.2:
(i) Die straatboulyn is 10,0 m.
(ii) Die kant- en agterste boulyne is 10,0 m.

(c) **Parkering**
Onderhewig aan die bepalings in artikel 17.1, moet parkeerplek tot bevrediging van die Raad voorsien word.

(d) **Hoogte**
(i) Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie, met die voorbehoud dat, waar die helling van die grond steiler as 1 in 5 is, die hoogte kragtens artikel (ii) hieronder aangepas kan word.
(ii) Waar die hoogte kragtens hierdie artikel bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale hoogte bo grondvlak oorskry nie van 6,0 m vir 'n platdak-gebou, of 8,0 m vir 'n skuins- of staandak-gebou, met die voorbehoud dat, by 'n skuins- of staandak-gebou slegs die dakstruktuur die hoogte van 6,0 m mag oorskry.
(iii) Nieteenstaande enige van die bostaande voorskrifte mag 'n dakgeplaasde basis-telekommunikasiestasie nie meer as 3m in hoogte uitsteek bo die gedeelte van die gebou waaraan dit vas is sonder die vooraf goedkeuring van die Munisipaliteit nie.

Minimum-grootte vir onderverdeling

14.3.3 Geen nuwe onderverdeling of enige restant wat Landelike Sone 2 gesoneer word, mag kleiner afmetings as die volgende hê nie:
(a) 3,0 ha, as daar geen minimum-grootte vir onderverdeling op die soneringskaart voorgeskryf word nie, of

(b) Die voorgeskrewe minimum-grootte as die soneringskaart 'n minimum-grootte vir onderverdeling vir 'n erf in hierdie sone voorskryf.

Terreinontwikkelingsplanne

14.3.4 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

14.4 LANDELIKE SONE 2: LANDELIKE VESTIGINGS (RU2)

Doel

Die doel van Landelike Sone 2: Landelike Gehuggie is om die Regering se landelike grondontwikkelingsprogram te ondersteun deur voorsiening buite konvensionele dorpe te maak vir die huisvesting vir werknemers in landelike gehuggies ("agri-villages"). Dit sal meehelp om in die behuisingsbehoeftes van werknemers en hulle afhanklikes in landelike gebiede, soos plase, bosbou- en bewaringsgebiede, te voorsien. Aanvullende vergunningsgebruike mag ook toegestaan word wat die aangenaamheid van 'n gehuggie, en die ekonomiese basis daarvan vir inwoners, sal verhoog.

Gebruik van grond

14.4.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruik**: huisvesting van landbou-werknemers.

(b) **Vergunningsgebruike** dagsorgsentrum, vergaderplek, kliniek, winkel, huiswinkel, huistaverne, plaaswinkel.

Sonering

14.4.2 Die Raad mag toestem dat 'n deel van 'n grondeeneheid wat anders gesoneer is, na Landelike Sone 2 hersoneer word, met die voorbehoud dat die deel wat Landelike Sone 2 gesoneer is, duidelik op 'n landmetersdiagram of ander plan wat deur 'n geskikte gekwalifiseerde persoon tot bevrediging van die Raad voorberei is, aangedui word.

Voorwaardes van ontwikkeling

14.4.3 Die ontwikkelingsreëls van toepassing op grond gesoneer as Landelike Sone 2 moet deur die Raad bepaal word, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Die voorgestelde ontwikkelingsreëls moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(b) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

Terreinontwikkelingsplan

14.4.4 Die Raad mag die indien van 'n ontwikkelingsplan vir die perseel tot sy bevrediging en vir sy goedkeuring, kragtens artikel 16.5, vereis.

HOOFSTUK 15
SPESIALE SONES

BELEID

Die beleid vir elke sone wat in hierdie hoofstuk gelys word, naamlik Onbepaald, Spesiaal, en Onderverdelingsgebied, word in die doelstelling van die betrokke sone omskryf, tensy dié beleid vervang word deur 'n goedgekeurde struktuurplan of ontwikkelingsraamwerk.

15.1 ONBEPAALDE SONE (UN)

Doel

Die doel van die Onbepaalde Sone is om die Raad in staat te stel, slegs waar daar onsekerheid oor die huidige sonering van grond is, om 'n besluit oor 'n spesifieke grondgebruik en ontwikkelingsreëls uit te stel totdat die omstandighede van die erf behoorlik ondersoek is, of totdat die grondeienaar 'n aansoek om hersonering indien, of daar deur die Raad op 'n sonering besluit word.

Gebruik van grond

15.1.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) Geen **Primêre gebruike** geld in hierdie sone nie, met die voorbehoud dat dit nie verstaan sal word as sou dit 'n grondeienaar weerhou van die wettige gebruik van sy grond wat op of voor 1 Julie 1986 'n aanvang geneem het nie.

(b) Geen **Vergunningsgebruike** geld vir hierdie sone nie.

Voorwaardes van ontwikkelings

15.1.2 Geen nuwe ontwikkeling word op enige grond-gedeelte in hierdie sone toegelaat nie.

15.2 SPESIALE SONE (SP)

Doel

Die doel van die Spesiale Sone is om voorsiening te maak vir 'n nuwe ontwikkeling wat nie onder 'n bestaande sone geklassifiseer kan word nie, en waar uitsonderlike of unieke faktore die instel van spesifieke ontwikkelingsreëls vir 'n bepaalde perseel of persele regverdig, sonder dat dit die skep van 'n nuwe sone binne hierdie regulasies sou regverdig.

Dit skep die geleentheid vir 'n onderhandelde ooreenkoms tussen die Raad en eienaar of ontwikkelaar in belang van volhoubare ontwikkeling. Dit maak voorsiening vir onvoorsiene of spesiale omstandighede en skep geleentheid vir innoverende ontwerpe, argitektoniese style en bouvorms wat verband hou met die eienskappe van die perseel.

Aangesien dit een van die sleuteldoelstellings van hierdie regulasies is om helderheid en konsekwentheid te verseker, moet hierdie sone slegs by uitsondering gebruik word.

Gebruik van grond

15.2.1 Die volgende beperkings geld vir gebruik van grond in hierdie sone:

(a) **Primêre gebruik**: spesiale gebruik

(b) **Vergunningsgebruike**: enige gebruik soos deur die Raad bepaal.

Alternatiewe wyses van ontwikkelingsbeheer

15.2.2 Die Raad mag, volgens sy goeddunke, een van die volgende wyses vir ontwikkelingsbeheer in hierdie sone toepas:

(a) Spesiale ontwikkelingsreëls mag deur die Raad bepaal word en beskryf word as 'n aparte Spesiale Sone in 'n bylaag tot hierdie regulasies. Hierdie metode staan bekend as "Spesiale Sone Bylaag" metode.

(b) Die ontwikkelingsreëls mag ook deur die Raad bepaal word deur middel van 'n terreinontwikkelingsplan. Hierdie metode staan bekend as die "Spesiale Sone: Terreinontwikkelingsplan" metode.

(c) Die Raad mag die Spesiale Sone Bylaag metode en die Spesiale Sone Terreinontwikkelingsplan metode kombineer.

(d) Sodra 'n erf as Spesiaal gesoneer is, mag Spesiale Sone Bylaes- en Spesiale Sone Terreinontwikkelingsplanne deur die Raad kragtens 'n staande raadsbesluit aanvaar of gewysig word, en dit vereis dus nie die formele wysiging van hierdie regulasies nie.

15.2.3 Spesiale Sone Bylaag is geskik vir persele waar:

(a) die ontwikkelingsreëls duidelik bepaal kan word, en die Raad bereid is om verskillende soorte ontwikkeling te aanvaar, in ooreenstemming met die ontwikkelingsreëls, of

(b) die grootte van die voorgestelde ontwikkeling, aantal grond-eenhede, of verskeidenheid van gebruike sodanig is dat die Raad hierdie as die mees geskikte metode van ontwikkelingsbestuur beskou.

15.2.4 'n Spesiale Sone Terreinontwikkelingsplan is geskik vir persele waar:

(a) die Raad 'n onderneming vereis wat die ontwikkelaar of eienaar tot 'n bepaalde vorm van ontwikkeling sal verbind, of

(b) die grootte van die voorgestelde ontwikkeling, aantal grond-eenhede, of verskeidenheid van gebruike sodanig is dat die Raad hierdie as die mees geskikte metode van ontwikkeling beskou.

Ontwikkelingsreëls

15.2.5 Die volgende ontwikkelingsreëls geld:

(a) Algemeen

(i) As spesiale faktore die voorskryf van spesiale ontwikkelingsreëls vir grond regverdig, sonder om die skep van 'n nuwe sone in hierdie regulasies te regverdig, mag sodanige grond as Spesiale Sone gesoneer word.

(ii) By die hersoneer van 'n erf na hierdie sone moet die Raad ontwikkelingsreëls volgens die prosedures wat in (b) of (c) hieronder beskryf word, bepaal, onderworpe aan die voorwaardes gestel in (d) hieronder.

(b) Spesiale Sone bylae

(i) As die Raad die Spesiale Sone Bylae-metode van ontwikkelingsbeheer toepas, moet dit die betrokke gebied op die soneringskaart met 'n aparte nommer aandui, en die Raad moet die ontwikkelingsreëls vir sodanige gebied as 'n Spesiale Sone in 'n bylaag tot hierdie regulasies beskryf.

(ii) Elke Spesiale Sone met ontwikkelingsreëls wat verskil van dié van 'n ander Spesiale Sone moet 'n aparte nommer kry en elke nommer, tesame met sy gepaste ontwikkelingsreëls, moet as 'n Spesiale Sone in 'n bylaag tot hierdie regulasies beskryf word.

(iii) 'n Lys van Spesiale Sone bylaes wat kragtens hierdie regulasies geskep is, moet in Bylaag A voorsien word.

(c) Spesiale Sone Ontwikkelingsplan

(i) As die Raad gebruik maak van die terreinontwikkelingsplan metode van ontwikkelingsbeheer, moet die Raad die indien van 'n terreinontwikkelingsplan kragtens 16.5 vereis, vir sy goedkeuring.

(ii) Die verwysingsnommer van 'n terreinontwikkelingsplan wat deur die Raad goedgekeur is moet in die register opgeteken word.

(d) Adverteer vir publieke deelname

Die volgende voorskrifte moet eers nagekom word voordat die Raad finaal 'n besluit neem oor ontwikkelingsreëls in hierdie sone:

(i) Die voorgestelde ontwikkelingsreëls moet vir publieke kommentaar in die pers geadverteer word op dieselfde basis as 'n aansoek vir 'n hersonering.

(ii) Die Munisipale Bestuurder moet afskrifte van al die kommentaar en besware wat ontvang word in reaksie op die advertering aan die Raad voorlê.

(e) Verandering van ontwikkelingsreëls

Nadat die ontwikkelingsreëls deur die Raad goedgekeur is, soos in (d) hierbo bepaal, moet enige aansoek vir verandering van die goedgekeurde ontwikkelingsreëls as 'n aansoek om 'n hersonering beskou word.

15.3 ONDERVERDELINGSGEBIED (SA)

Doel

Die doel van 'n Onderverdelingsgebied is om grond aan te dui waar toekomstige onderverdelings- en ontwikkelingsregte toegestaan word kragtens die Beplanningswet, onderhewig aan voorwaardes, wat insluit die indien van 'n gedetailleerde onderverdelingsaansoek. Hierdie sone bevestig slegs die beginsel van onderverdeling, en nie die besonderhede wat bepaal sal word as 'n werklike aansoek om onderverdeling goedgekeur word nie. Nadat 'n onderverdelingsplan bevestig is, word die sonering van individuele grond-eenhede binne die onderverdeling beskou as 'n vervangingskema en sodanige sonering geld dan vir die betrokke grond-eenhede. Op daardie punt geld die Onderverdelingsone nie meer vir die betrokke grond-eenhede nie.

Voorwaardes van ontwikkeling

15.3.1 Die volgende ontwikkelingsreëls geld:

(a) Sonering van die erf as 'n Onderverdelingsgebied vrywaar nie die eienaar daarvan om die voorskrifte van die betrokke beplanningswette wat die onderverdeling van grond beheer, na te volg nie.

(b) Die digtheidsvereistes en ander voorwaardes wat tydens goedkeuring van die hersonering na Onderverdelingsgebied voorgeskryf word, geld.

(c) Sodanige voorwaardes mag insluit, maar is nie beperk nie tot, die vereis van 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, bestuursplanne vir die natuurlike omgewing, landskapering-planne, buurtplanne of terreinontwikkelingsplanne, en verkeer-impakstudies.

15.3.2 Met die bevestiging van 'n onderverdeling van grond wat as Onderverdelingsgebied gesoneer is, word die soneringsparameters wat deur die Raad as deel van die goedkeuring van die onderverdeling aanvaar is, as 'n vervangingskema beskou.

15.4 OORLEGSONES (OL)

Doel

Die doel van 'n Oorlegsone is om voorsiening te maak vir unieke faktore wat verbandhou met spesifieke gebiede binne die munisipale gebied, met die doel om binne 'n beplanningskonteks uitdrukking te gee aan plaaslike behoeftes en die waardes van die betrokke gemeenskappe, asook om besondere tipes ontwikkeling, stadsvorme, landskapskarakter, omgewingselemente, ekologiese sisteme en erfenishulbronne te bewaar en te bevorder.

Use of land

15.4.1 Die Raad moet reëls of riglyne opstel vir elke oorlegsone:

(a) wat die doel van die oorlegsone duidelik uiteensit;

(b) om as leiding te dien vir ontwikkelingsvoorstelle, en

(c) waarvolgens aansoeke om ontwikkeling in 'n betrokke oorlegsone beoordeel kan word.

Prosedure om oorlegsones te verklaar

15.4.2 As die Raad beplan on 'n oorlegsone in te stel of aan te pas, moet die Munisipale Bestuurder:

(a) sorg dat die voorgestelde instelling of aanpassing geadverteer word volgens die Raad se beleid oor publieke deelname, met voorsiening vir belanghebbendes om geskrewe kommentaar of besware by die Munisipale Bestuurder in te dien binne 'n tydperk van nie minder nie as dertig dae vanaf die datum van sodanige advertensie;

(b) relevante kommentaar inwin van enige openbare instelling wat volgens sy/haar mening belang het by die betrokke oorlegsone;

(c) die voorgestelde oorlegsone of aanpassing daarvan en alle relevante dokumentasie aan die Raad voorlê vir oorweging en besluitneming;

(d) aan almal wat kommentaar gelewer het oor die instel of aanpassing van die oorlegsone binne die voorgeskrewe tydperk van die Raad se besluit kennis gee, en

(e) die instel of aanpassing van die oorlegsone bekendmaak deur middel van 'n kennisgewing in die pers, met inligting oor waar informasie oor die oorlegsone vir belanghebbendes ter insae is.

15.4.3 Die Raad moet 'n oorlegsone minstens al om die tien jaar vanaf die instelling daarvan heroorweeg.

Identifikasie en nommering van oorlegsones

15.4.4 Die Raad moet 'n eiesoortige naam en nommer vir elke oorlegsone en enige subsone goedkeur wanneer dit sodanige oorlegsone of subsone instel.

15.4.5 Die Raad moet die gebied van 'n oorlegsone op die soneringskaart aandui, en:

a) moet die bestaan van 'n oorlegsone in 'n bylaag tot hierdie regulasies aanteken, met verwysing na die plek waar enige detail-uiteensetting daarvan opgeteken is;

b) mag enige detail-uiteensetting van die oorlegsone as 'n bylaag tot hierdie regulasies insluit, of

c) mag die detail-uiteensetting van die oorlegsone in 'n aparte dokument opteken, met kruisverwysing na sodanige dokument in die betrokke bylaag.

Status van oorlegsones

15.4.6 'n Oorlegsone verander nie die onderliggende sonering van die betrokke grond waarop die betrekking het nie, maar mag die ontwikkelingsreëls van hierdie grond verander.

15.4.7 Die ontwikkelingsreëls van 'n oorlegsone mag of strenger of soepeler as die ontwikkelingsreëls wees wat toepaslik is op die onderliggende sonering van die betrokke grond soos aangeteken in Deel III van hierdie regulasies.

15.4.8 Die voorwaardes van 'n oorlegsone doen geensins afbreuk aan enige verpligtinge kragtens nasionale of provinsiale wetgewing nie.

Oorlegsone advieskomitees

15.4.9 Die Raad kan vir elke of sommige oorlegsones 'n advieskomitee instel om hom te adviseer oor voorstelle vir ontwikkeling in 'n oorlegsone.

15.4.10 Die Raad kan bepaal dat voordat 'n aansoek om ontwikkeling in 'n oorlegsone deur die Raad oorweeg word, dit eers die advies van die betrokke advieskomitee inwin, indien van toepassing.

15.4.11 Met die instelling van 'n advieskomitee vir 'n oorlegsone sal die prosedures en voorskrifte van 2.12 hierbo gevolg word.

DEEL IV: ALGEMEEN

HOOFSTUK 16
ALGEMENE VOORWAARDES TOEPASLIK OP ALLE SONES

16.1 VERSOENING VAN BASISSONES, PRIMÊRE EN VERGUNNINGSGEBRUIKE

16.1.1 Waar aansoek gedoen word vir 'n vergunningsgebruik wat as vergunningsgebruik vir die sone van die aansoekerf gelys word, maar wat 'n primêre gebruik in 'n ander basissone is, met ontwikkelingsreëls wat verskil van dié van die primêre gebruik van die aansoekperseel:

(a) geld die meer beperkende voorwaardes, of

(b) as, volgens die Raad se mening, die vergunningsgebruik waarvoor aansoek gedoen word die oorheersende gebruik op die perseel word, kan die Raad daarop aandring dat die hele perseel, of die geaffekteerde deel daarvan, hersoneer word tot die gepaste primêre gebruik.

16.1.2 Waar aansoek gedoen word vir 'n vergunningsgebruik wat onder 'n ander basissone as dié van die aansoekperseel as vergunning toegelaat word, moet die betrokke erf hersoneer word na 'n sone wat wel die gebruik as 'n vergunning toelaat, maar die Raad kan as 'n voorwaarde bepaal dat die sonering van die erf beperk sal wees tot net die vergunningsgebruik waarvoor aansoek gedoen is.

16.1.3 Waar aansoek gedoen word vir 'n vergunningsgebruik en die ontwikkelingsreëls nie duidelik is nie, sal die Raad bepaal watter ontwikkelingsreëls geld, in welke geval die prosedure voorgeskryf in artikel 3.4 van toepassing moet wees.

16.2 BOULYNE

Oorskryding van boulyne

16.2.1 Die volgende bykomende voorwaardes geld vir die oorskryding van boulyne:

(a) Nieteenstaande die boulyne soos vervat in Deel III, mag die volgende strukture of gedeeltes van strukture binne die voorgeskrewe boulyne opgerig word:
- (i) grensmure en –heinings;
- (ii) oop en onbedekte stoepe;
- (iii) ingangstrappe, traphoofde en ingangsportale;
- (iv) dakoorhange wat nie meer as 1,0 m van die muur van die gebou af uitsteek nie;
- (v) kroonlyste, skoorsteenstutte, blombakke, waterpype, aflooppype en kleiner versierings wat nie meer as 500 mm van die muur van die gebou af uitsteek nie;
- (vi) skermmure wat nie hoër as 2,0 m bokant die natuurlike grondvlak is nie, met die voorbehoud dat geen skermmuur sonder die Raad se toestemming oor die straatboulyn opgerig mag word nie;
- (vii) swembaddens wat nie nader as 1,0 m aan enige grenslyn is nie;
- (viii) wasgoed-droogwerwe, met die voorbehoud dat geen droogwerf sonder die Raad se toestemming oor die straatboulyn aangebring sal word nie;
- (ix) 'n kelderverdieping, mits die plafon van die kelder nie bo grondvlak uitsteek nie.

(b) Die Raad mag toestem tot die oprig van 'n buitegebou of motorafdak wat die agterste of kantboulyn oorskry, in welke geval die volgende voorwaardes geld:
- (i) Geen gebou mag hoër as een verdieping wees nie.
- (ii) Geen deure of vensters word toegelaat in 'n muur wat nader as 1,5 m aan die betrokke kant- of agterste grens is nie.
- (iii) 'n Gang wat wyer is as 1 m, moet benewens die ingang deur 'n gebou, voorsien word om toegang van 'n publieke straat af te verskaf aan elke onbeboude gedeelte van die betrokke erf, behalwe vir enige binnehof.
- (iv) Geen reënwater mag van die dak afloop direk op enige aangrensende erf nie.
- (v) Die Raad sal bepaal op watter dele van die agter- en kantgrens die boulyn nul mag wees.

(c) In gevalle waar die kant- of agterste boulyne nul is, of waar oor die boulyn gebou word soos in (a) en (b) hierbo bepaal, geld die volgende voorwaardes:
- (i) Geen deure of vensters word toegelaat in enige muur wat nader as 1,5 m aan die betrokke kant- of agterste grens is nie.
- (ii) Geen reënwater mag van die dak afloop direk op enige aangrensende erf nie.

(d) Die Raad mag in die volgende gevalle die straatboulyn verslap:
- (i) in die geval van 'n motorhuis of –afdak onderhewig aan artikel 16.2.2;
- (ii) as die Raad meen dat die argitektoniese gevolg van die verslapping van die straatboulyn 'n straat se voorkoms sal verbeter;
- (iii) as die Raad meen dat daar spesiale omstandighede is, soos die topografie van 'n bepaalde perseel.

Motorhuise en –afdakke binne die straatboulyn

16.2.2 Die volgende bykomende voorwaardes geld vir motorhuise en –afdakke binne die straat-boulyn:

(a) Die Raad mag toestemming gee dat 'n motorhuis binne die straatboulyn opgerig word as die Raad meen dat die motorhuis weens die helling van die grond of om ander redes, nie op redelike wyse op die voorgeskrewe afstand van die straat af gebou kan word nie, met die voorbehoud dat:
- (i) sodanige garage nie, van die geplaveide vloervlak tot sy nok, hoër as 4 m mag wees nie, en
- (ii) die motorhuis nie nader as 5,0 m aan die randsteen mag wees nie.

(b) 'n Motorafdak mag tot op die straatgrens aangebring word, met die voorbehoud dat:
- (i) sodanige motorafdak, soos gemeet van die rand van die dak en geute en parallel aan die straatgrens, nie breër as 6,5 m mag wees nie;
- (ii) die dak van die afdak met metaal- of afgewerkte houtbalke, of baksteen-, beton- of gepleisterde pilare gestut sal word;

(iii) die motorafdak aan geen van sy kante afgesluit sal word nie, behalwe met:
(aa) 'n grensmuur of –heining laer as 1,8 m;
(bb) een van die buitemure van die gebou;
(cc) 'n muur of heining wat nie een van bestaande is nie, wat laer is as 1,25 m;
(iv) sodanige motorafdak van sy vloer af tot by sy nok nie hoër as 3 m mag wees nie, en
(v) die rande van die dakplate netjies met 'n fassie-plank van minstens 150 mm breedte afgewerk moet word.

Grenslyn mag nie oorskry word nie

16.2.3 Waar 'n boulyn oorskry word volgens 16.2.1 en 16.2.2 verleen dit nie 'n reg om op 'n aangrensende erf te oorskry nie.

Terugset

16.2.4 Die gedeeltes van 'n erf wat binne die terugset-area val moet uitgesluit word by die bepaal van toelaatbare dekking en maksimum vloerruimte op die erf, tensy die eienaar die betrokke gedeelte van die grond gratis aan die Raad oordra. In daardie geval moet die gedeelte ingesluit word in die bepaal van die dekking of maksimum vloerruimte wat toelaatbaar is op die erf.

16.3 BUITELUG-BERG EN PLAAS VAN VOERTUIE EN MOBIELE WONINGS

Buitelug-berg en plaas van voertuie

16.3.1 Die volgende voorwaardes geld in alle woonsones vir die berg en plaas van voertuie:
(a) Motorvoertuie wat besit word deur die eienaars of bewoners van 'n wooneenheid wat vir handelsbedrywighede elders gebruik word, mag op die betrokke erf geparkeer word, mits:
(i) nie meer as een handelsvoertuig per woning op die erf geparkeer word nie, en
(ii) die bruto-massa van sodanige handelsvoertuig nie 3 500 kg oorskry nie.
(b) 'n Ontspanningsvoertuig soos 'n woonwa mag nie deur die bewoner of sy gaste vir langer as 60 dae gedurende enige 12-maande tydperk op 'n erf bewoon word nie.
(c) Geen gedeelte van 'n erf wat van 'n publieke straat sigbaar is mag gebruik word vir die buitelug-berg van onpadwaardige voertuie nie.
(d) Geen gedeelte van die erf wat sigbaar is van 'n publieke straat mag gebruik word vir die buitelug-berg van boumateriaal, -apparaat of soortgelyke items nie, behalwe:
(i) as dit tydelik geberg word met die oog op konstruksiewerk volgens 'n geldig goedgekeurde bouplan, of
(ii) as deel van 'n garage- of agterplaas-verkoping wat nie langer as twee agtereenvolgende dae duur nie.

Mobiele wonings

16.3.2 Die volgende voorwaardes geld vir mobiele wonings:
(a) Mobiele wonings wat geplaas moet word in 'n mobiele woning-park is onderhewig aan enige verordening van die Raad vir mobiele wonings, indien sodanige verordening bestaan.
(b) Mobiele wonings wat op 'n erf geplaas word wat gesoneer is vir woondoeleindes, is onderhewig aan die volgende vereistes:
(i) Die mobiele woning moet op 'n fondasieblad geplaas word en tot die Raad se bevrediging daarop vasgeanker word.
(ii) Soliede omtrekskortings van 'n materiaal en kleur wat by die mobiele woning aanpas, moet voorsien word van die onderkant van die mobiele woning af tot op grondvlak.
(iii) Die dak en buite-bekleding van die mobiele woning moet van 'n nie glans-materiaal gemaak word.
(iv) Enige bykomende strukture moet van 'n materiaal gemaak wees wat volgens die Raad se mening aanpas by die mobiele woning.

16.4 KENNISGEWINGBORDE EN BUITELUG ADVERTENSIES

BELEID EN DOEL

Die doel van onderstaande breë beleid en beginsels oor buitelug advertering en kennisgewingborde is om die bestaande regulering van die Munisipaliteit soos vervat in "Verordening insake buitelug advertensies en reklame" *aan te vul deur voorsiening te maak vir bykomende beheer in sensitiewe gebiede, tensy hierdie beleid en beginsels vervang word deur verordeninge of beleid wat deur die Raad goedgekeur word:*

(i) Die impak van buitelug-advertering behoort beheer en bestuur te word om die visuele gehalte van die landskap en stedelike voorkoms te bewaar en ter wille van padveiligheid.

(ii) Die visuele impak van buitelug-advertering verskil na gelang van die tipe omgewing en die tipe advertensie. Party gebiede is hoogs sensitief terwyl ander nie besonder gevoelig is nie en maklik buitelug-advertering kan akkommodeer met min negatiewe gevolge.

(iii) Oor die algemeen is natuurlike en landelike gebiede hoogs gevoelig vir die negatiewe visuele impak van buitelug-advertering. Stedelike gebiede kan plekke insluit wat ook baie gevoelig is soos erfenisgebiede en uitsigpaaie, ander plekke wat in 'n mate gevoelig is soos die meeste woonbuurtes en plekke wat minder gevoelig is soos besigheidsgebiede en nywerheidsgebiede.

(iv) Die Raad poog om advertering sodanig te reguleer dat dit voorsiening maak vir verskille in die omgewing en vir die gevoeligheid van verskillende dele van die munisipale gebied. Die algemene benadering is om strengste beheer oor die mees gevoelige gebiede uit te oefen, met minder streng maatreëls vir minder gevoelige gebiede. Die potensiaal vir buitelug-advertering moet bepaal word deur die beheergebied te koppel aan beide die tipe landskap en die tipe advertensiebord.

Die doel van hierdie bykomende beheer oor buitelug-advertensies en -kennisgewingborde is dus om voorsiening te maak vir die Raad om verskillende beheergebiede af te baken waar die graad van beheer aanpas by die gevoeligheid van die omgewing. In die afbakening mag die Raad hom laat lei deur die beginsels en riglyne oor afbakening en beheer van sodanige gebiede soos vervat in die "South African manual for outdoor advertising control" *opgestel vir die Departement Vervoer en die Department Omgewingsake en Toerisme.*

Afbakening van gebiede van bykomende beheer oor buitelug advertensies en kennisgewingborde

16.4.1 Bowe en behalwe die bepalings in die munisipale *"Verordening insake buitelug advertensies en reklame"* (of enige verordening wat dit vervang), mag die Raad gebiede afbaken en verklaar waar bykomende beheer ingestel kan word oor buitelug advertensies en kennisgewingborde.

16.4.2 In die afbakening kan voorsiening kan gemaak word vir die volgende beheergebiede:

(a) Gebiede van maksimum beheer

(i) In gebiede van maksimum beheer sal die Raad alle buitelug advertering streng beheer sodat sodanige advertering nie inbreuk maak op die karakter of gehalte van die omgewing, dit oorheers of enigsins daaraan afbreuk doen nie.

(ii) Die Raad mag die tipe kennisgewing aandui wat toelaatbaar is, of wat uitgesluit word of wat verdere goedkeuring in gebiede van maksimum beheer verg.

(iii) Alle natuurlike en landelike gebiede word as gebiede van maksimum beheer beskou.

(iv) Die volgende stedelike gebiede word as maksimum-beheer-gebiede beskou:

(aa) publieke oopruimte;

(bb) erfenis-bewaringsgebiede;

(cc) uitsigpaaie en tonele wat sigbaar is van belangrike uitsigpunte af;

(dd) gebiede van historiese of argitektoniese belang;

met die voorbehoud dat die verantwoordelike padowerheid na 'n impakstudie gebiede langs hoofpaaie mag uitsonder waar 'n verslapping toegelaat mag word, in welke geval sodanige gebiede as gebiede van gedeeltelike beheer aangedui sal word.

(b) Gebiede van gedeeltelike beheer

(i) In gebiede van gedeeltelike beheer kan die Raad kennisgewingborde reguleer om 'n integrasie tussen sodanige borde en die omliggende grondgebruike te bereik, terwyl daar groter vryhede toegelaat word in die grootte, aantal en plasing van sodanige borde.

(ii) Die Raad mag die tipe kennisgewing aandui wat toelaatbaar is, of wat uitgesluit word of wat verdere goedkeuring in gebiede van gedeeltelike beheer verg.

(iii) Die volgende gebiede word as gebiede van gedeeltelike beheer beskou:

(aa) gebiede van hoë-digtheid gemengde gebruik, insluitend hoë-digtheid woongebiede;

(bb) medium-digtheid woongebiede in oorgangsgebiede tussen kantoor- en handelsgebruike;

(cc) plaaslike buurtsentrums, voorstedelike inkoopesentrums en kantoorparke,

(dd) lineêre ontwikkeling langs hoofstrate;

(ee) opvoedkundige inrigtings, sportvelde en gekommersialiseerde pleine, en

(ff) regeringsgebruike en burgerlike geriewe.

(c) Gebiede van minimum beheer

(i) In gebiede van minimum beheer laat die Raad kennisgewingborde in die breë toe, behalwe vir borde met 'n hoë impak.

(ii) Die Raad mag voorwaardes voorskryf vir borde met 'n hoë impak, wat insluit maar nie beperk is nie, tot die formaat, grootte en hoogte van die bord, kleur en tekstuur, plasing en oriëntering relatief tot die pad, beligting en animasie, padveiligheid, ontwerp en konstruksie van die bord, en algemene onderhoud van die bord.

(iii) Die volgende gebiede word as gebiede van minimum beheer beskou:

(aa) sakesentrums, kommersiële inkoopesentrums en kantoorbuurtes;

(bb) nywerheidsgebiede en nywerheidsparke;

(cc) opvallende publieke vervoer-nodes soos spoorwegstasies, groot busstasies en taxi-staanplekke en lughawens;

met die voorbehoud dat gebiede van historiese, kulturele en argitektoniese waarde by gebiede van minimum beheer uitgesluit sal word.

16.4.3 Beheergebiede moet op 'n kaart aangedui word, wat tesame met enige begeleidende verordening of beleidsdokument as 'n bylaag tot hierdie regulasies gelys moet word.

Aansoek vir 'n buitelug advertensie of -kennisgewingbord in 'n beheerde gebied

16.4.4 'n Persoon wat 'n buitelug advertensie of kennisgewingbord in 'n beheerde gebied, soos in 16.4.2 bepaal, wil oprig, of 'n bestaande bord wil verander, moet aansoek doen soos bepaal in die "*Verordening insake buitelug advertensies en reklame*" (of enige verordening wat dit vervang).

16.4.5 By die verleen van goedkeuring mag die Raad voorwaardes oplê wat verband hou met, maar nie beperk is nie tot, die volgende:

(a) die formaat, grootte en hoogte van die teken;
(b) kleur en tekstuur van die teken;
(c) die plasing en oriëntering van die bord relatief tot die pad;
(d) beligting en animasie van die bord;
(e) aspekte van padveiligheid;
(f) die ontwerp en konstruksie van die bord, en
(g) onderhoud van die bord in die algemeen.

16.4.6 Die Raad mag vereis dat 'n impakstudie deur die aansoeker gedoen word en sodanige impakstudie moet vereis word by aansoeke om 'n kennisgewingbord groter as 16 m^2. Sodanige impakstudie moet insluit, maar is nie beperk nie tot:

(a) 'n visuele impakstudie, en
(b) 'n studie van verkeersveiligheid.

16.4.7 By die goedkeur van sodanige aansoek moet die Raad die tydperk vir die vertoon van sodanige bord beperk tot nie langer nie as vyf jaar, waarna 'n nuwe aansoek ingedien moet word.

16.5 TERREINONTWIKKELINGSPLANNE

16.5.1 Die volgende voorwaardes geld vir terreinontwikkelingsplanne:

(a) 'n Terreinontwikkelingsplan moet die inligting vervat soos voorgeskryf in die definisie van "terreinontwikkelingsplan", tensy die Raad instem om sekere voorwaardes op te hef.

(b) Indien die Raad dit as noodsaaklik beskou, of as die toepaslike provinsiale owerheid dit verlang, moet 'n verkeers-impakstudie of 'n verkeers-impakstelling die indien van 'n terreinontwikkelingsplan vergesel.

(c) Die Raad mag 'n terreinontwikkelingsplan wat vir goedkeuring ingedien is, goedkeur, of dit mag veranderinge vereis, of dit mag goedkeuring vir die terreinontwikkelingsplan weier.

(d) Waar die indien van 'n terreinontwikkelingsplan kragtens hierdie regulasies vereis word, mag geen aansoek om onderverdeling van grond, of vir goedkeuring van 'n bouplan kragtens die Nasionale Wet op Bouregulasies, deur die Raad goedgekeur word tensy 'n terreinontwikkelingsplan vooraf goedgekeur is nie.

(e) Die grond as geheel moet ontwikkel word volgens die terreinontwikkelingsplan soos deur die Raad goedgekeur, en tot bevrediging van die Raad.

(f) Aansoek mag by die Raad gedoen word vir die aanpassing van 'n goedgekeurde terreinontwikkelingsplan.

(g) Die Raad moet 'n aansoek om goedkeuring van 'n terreinontwikkelingsplan of aanpassing van 'n goedgekeurde plan volgens sy beleid oor deursigtigheid, publieke deelname en administrasie van sodanige aansoeke prosesseer.

(h) By die goedkeuring van 'n terreinontwikkelingsplan of aanpassing van sodanige plan, mag die Raad voorwaardes vir goedkeuring oplê.

16.5.2 Die terreinontwikkelingsplan vir grond moet nie afwyk van die soneringsvoorwaardes vir daardie grond nie, tensy goedkeuring vir afwyking vooraf verkry is.

16.5.3 Waar die Raad 'n terreinontwikkelingsplan vir 'n perseel kragtens Deel III van hierdie regulasies mag vereis, geld die volgende verdere voorwaardes:

(a) die Raad kan nie op onredelike wyse 'n ontwikkelingsplan vir die perseel wat strook met die ontwikkelingsvoorwaardes wat vir daardie sone geld, of die voorwaardes vir die goedkeuring van hersonering, afkeur nie, en

(b) die Raad mag aanpassings van die ontwikkelingsplan vir die perseel vereis om redelik besorgdheid oor toegang, parkering, estetiek, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, ingenieursdienste of iets soortgelyk tegemoet te kom.

16.6 VOORGESTELDE PUBLIEKE STRATE

16.6.1 Die Raad mag op sy soneringskaart aandui:

(a) nuwe publieke strate wat dit wil instel;

(b) publieke strate wat dit beplan om te verbreed;

(c) publieke strate wat dit beplan om te sluit.

16.6.2 Sodanige aanduidings is bedoel om die publiek in te lig en om die Raad te help om sy breë beplannings- en ontwikkelingsbeleid uit te voer. Die sonering van die betrokke grond verander nie voordat die nuwe publieke straat, padverbreding of –sluiting kragtens toepaslike wetgewing goedgekeur is en voordat enige ander regsprosedures wat met hersonering verband hou , uitgevoer is nie.

HOOFSTUK 17
PARKERING, DRAAISIRKELS, LAAISONES EN INFRASTRUKTUUR

BELEID

*Die benadering van die "*Road Access Guidelines*" van die Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap is dat parkering af van 'n straat verkieslik is, om die werking en veiligheid van hoofstrate te verseker. Daar benewens moet parkering af van die straat voorsien word, en op so 'n wyse uitgelê word dat dit maklik toeganklik is en daar nie verkeersopeenhopings deur blokkering van die strate ontstaan nie. Alhoewel dit minder wenslik is, maak die "*Road Access Guidelines*" egter ook voorsiening vir parkering in die padreserwe.*

17.1 PARKERING EN TOEGANG

Die volgende parkeervereistes geld vir alle sones behalwe vir Woonsone 3: Opgradeerbare behuising:

Vereistes vir parkering af van die straat

17.1.1 In gevalle waar parkeervereistes nie vir 'n besondere gebruik voorgeskryf word of kragtens 'n spesifieke voorwaarde deur die Raad vereis word nie, moet parkering volgens aangehegte Tabel B, "Vereistes vir af-straat parkering", voorsien word. Die Raad moet vereistes vir parkering af van die straat vir grondgebruike wat nie in Tabel B vervat word nie, voorskryf.

Alternatiewe voorsiening vir parkering

17.1.2 As 'n alternatief tot die voorsien van die vereiste af-straat parkering, mag die eienaar, as die Raad van mening is dat dit uit 'n beplanningsoogpunt onwenslik of onprakties is om die voorgeskrewe parkering op die aansoek-perseel, gedeeltelik of in die geheel, te voorsien, met goedkeuring van die Raad:

(a) 'n stuk grond van die voorgeskrewe grootte vir parkering elders, op 'n plek soos deur die Raad goedgekeur, aanskaf, gelykmaak, die oppervlak voorberei, die aantal parkeerplekke wat nie op die aansoek-perseel voorsien is nie uitmerk, en die grond onderhou as 'n parkeerterrein, tot bevrediging van die Raad; of

(b) die regte tot 'n bestaande parkeerfasiliteit elders vir die vereiste parkering op 'n plek soos deur die Raad goedgekeur, aanskaf, en

(c) met 'n notariële akte die Raad en die publiek se reg tot toegang tot sodanige grond of parkeerfasiliteit vir parkeringsdoeleindes registreer, en die koste van die registreer van die serwituut moet deur die eienaar gedra word.

17.1.3 As alternatief vir die bepalings van 17.1.2 kan die eienaar, as die Raad van mening is dat dit uit 'n beplanningsoogpunt onwenslik of onprakties is om die voorgeskrewe parkering op die aansoek-perseel, gedeeltelik of in die geheel, te voorsien, met die toestemming van die Raad 'n kontantbedrag aan die Raad betaal wat gelyk is aan die beraamde markwaarde per m^2 van die grond waarop die gebou opgerig is, of staan te word, vermenigvuldig met die bruto oppervlakte in m^2 van die grond wat verskaf moet word vir parkering, en in so 'n geval moet die Raad self die nodige grond vir sodanige parkeerdoeleindes verskaf wanneer en waar dit vir hom geleë is.

17.1.4 Wanneer die Raad ooreenkomstig 17.1.3 aan 'n eienaar die vergunning gee om 'n kontantbedrag aan die Raad te betaal in plaas daarvan om parkering te verskaf, moet die eienaar 'n verdere bedrag aan die raad betaal wat gelykstaande is aan die beraamde koste om die parkeeroppervlakte in 17.1.3 vermeld as 'n parkeerarea te ontwikkel.

17.1.5 Om die oppervlakte te bereken waarvoor 'n kontantbedrag betaal word in plaas van om parkering op die betrokke erf te voorsien, soos in 17.1.3 bepaal, ondanks die grootte van 'n parkeerplek soos bepaal in sy definisie, sal die

bruto parkeerruimte van een parkeerplek gereken word as gelykstaande aan 25 m^2, om toe te laat vir toegang tot die parkeerplekke.

Bykomende vereistes vir parkering en toegang tot perseel

17.1.6 Die volgende bykomende vereistes vir parkering en toegang tot persele geld vir alle sones behalwe Enkelwoningsone 3: Opgradeerbare Behuising, en Sakesone 3: Diensstasie:

(a) Toegang vir voertuie word beperk tot een toegang-kruising per perseel per publieke straat of pad wat die perseel begrens.

(b) 'n Toegang-kruising mag 'n enkelbaan behels wat nie meer as 4,0 m wyd is waar dit oor die straatgrens gaan nie, of 'n samestelling van ingang- en uitgangbane wat gesamentlik nie meer as 8,0 m wyd is waar hulle oor die straatgrens gaan nie.

(c) Ondanks (a) hierbo, waar die totale lengte van enige straatgrens van 'n perseel langer is as 30,0 m, mag een bykomende toegang-kruising toegestaan word, met die voorbehoud dat enige twee toegang-kruisings nie nader as 15 m aan mekaar mag wees nie.

(d) As die hoek by 'n straatkruising nie afgeskuins is nie, mag voertuig-toegange nie nader as 10,0 m aan sodanige hoek wees nie.

(e) As die hoek by 'n straatkruising wel afgeskuins is, mag toegang-kruisings nie nader as 10,0 m van sodanige hoek wees, of 5,0 m van die punt waar die afskuinsing die straatgrens raak nie, watter afstand ookal groter is, soos gemeet van die hoek af.

(f) Parkeerareas moet vir die parkering van voertuie gebruik word wat wettig op sodanige parkeerareas mag staan, en enige bedrywigheid wat voertuig-verkeer verhinder, of wat verhinder dat voetgangers die sypad gebruik, is verbode.

(g) Parkeerareas moet tot bevrediging van die Raad gebou word.

(h) Twee of meer parkeerplekke in tandem sal as een parkeerplek getel word, dit is, waar toegang tot een parkeerplek slegs oor 'n ander parkeerplek moontlik is.

(i) Ondanks voorwaardes (a) tot (h), mag die Raad meer beperkende vereistes vir parkering en toegang tot persele stel as die Raad sodanige vereistes as noodsaaklik ag vir die veiligheid van voetgangers of verkeer.

Uitlegplan vir parkering

17.1.7 'n Uitlegplan vir parkering moet:

(a) by die Raad ingedien word vir alle parkeerareas groter as ses parkeerplekke, of, as die Raad dit vereis, vir minder plekke;

(b) die wyse waarop beplan word dat voertuie moet staan, die wyse van ingang, uitgang, en voorstelle vir verfraaiing aandui, en

(c) onderworpe wees aan die goedkeuring of afkeuring van die Raad wat voorwaardes vir goedkeuring mag oplê.

Motorfiets en fiets staanplekke

17.1.8 Die volgende voorwaardes geld vir motorfiets en fiets staanplekke:

(a) Die Raad mag vereis dat parkering voorsien word vir motorfietse en fietse.

(b) Vir elke vier motorfiets- en elke ses fiets staanplekke wat voorsien word, mag krediet toegestaan word vir een motorstaanplek volgens die parkeringsvereistes, met die voorbehoud dat:

(i) die totale krediet nie meer as 2,5% sal behels van die vereiste parkeerplekke nie;

(ii) die minimum-afmetings vir 'n motorfiets staanplek 2,2 m lank by 1,0 m breed is;

(iii) die minimum-afmetings vir 'n fiets staanplek 2,0 m lank by 0,6 m breed is;

(iv) paaltjies en fietsrakke, of ander wyses van stoor en beskerm van die fietse en motorfietse moet tot bevrediging van die Raad opgerig word.

TABEL B: PARKEERVEREISTES AF VAN DIE STRAAT

GRONDGEBRUIK	AANTAL PARKEERPLEKKE*
ENKELWONINGSONES	
Woonhuis	Erf groter as 300 m^2: 2 plekke per woning; Erf 300 m^2 en kleiner: 1 plek per woning.
Tweede/dubbele woning	1 bykomende plek.
Gastekamers en verhuur van kamers	1 plek vir woning en 1 plek vir elke verhuurbare kamer.
Tuisbedryf of professionele gebruik	1 bykomende plek vir elke werknemer plus 1 vir besoekers.
Dagsorgsentrum	2 bykomende plekke.
Huiswinkel	1 bykomende plek.
Huistaverne	1 plek vir elke 5 sitplekke.
Opgradeerbare behuising	Vrygestel van artikel 17.1, behalwe vir 'n huistaverne.
ALGEMENE WONINGS	
Groephuise en dorpshuise	2 plekke per woning waarvan 25% vir besoekers gereserveer moet word.
Woonstelle	1,75 plekke per woonstel, waarvan een plek of 15% van die totale aantal plekke, wat ookal die grootste is, vir besoekers gereserveer moet word.
Gastehuis	1 plek vir eke verhuurbare kamer plus 2 bykomende plekke vir die eienaar en personeel.
Woongeboue	3 plekke per 4 slaapkamers.
Gelisensieerde hotel	1 plek per slaapkamer plus 20 plekke.
Ouetehuis	1 plek per 2 slaapkamers.
SAKESONE	
Kantore	1 plek per 25 m^2 bruto vloeroppervlakte.
Sakegeboue, winkels, winkelsentra, kantore, restaurant en begrafnisondernemer	1 plek per 25 m^2 bruto vloeroppervlakte.
Kapel vir begrafnisondernemer	1 plek vir elke 4 sitplekke.
Diensstasie en openbare garage:	Motor herstel- en wasplekke: 4 parkeerplekke vir elke herstel-/wasplek; Motor verkooparea: 1 plek per 50 m^2 vloeroppervlakte; Ander gebruike: Soos voorgeskryf.
NYWERHEIDSONE	
Nywerheid, ligte nywerheid en hinderbedryf	1 plek per 50 m^2 bruto vloeroppervlakte.
Nywerheidskorf	1 plek per 25 m^2 bruto vloeroppervlakte.
GEMEENSKAPSONES	
Onderrigplek: Skole	2 plekke vir elke klaskamer.
Ander plek van onderrig (benewens skole)	1 plek per klaskamer en kantoor plus 1 plek per 10 leerders.
Plek van aanbidding,	1 plek per 8 sitplekke.
Vergaderplek, sport- en ontspannings-fasiliteite, vermaaklikheidsplek en konferensiesentrum	1 plek per 8 sitplekke.
Hospitaal (algemeen en privaat)	1 plek per bed.
Kliniek en mediese spreekkamers	4 plekke per spreekkamer.
LANDBOU	
Landbou	Soos aangedui op 'n goedgekeurde terreinontwikkelingsplan.
Landbounywerheid	1 plek per 100 m^2 bruto vloeroppervlakte.

* In hierdie tabel het "plek" dieselfde betekenis as "parkeerplek".

Parkering vir fisies-gestremdes

17.1.9 Parkering moet vir fisies gestremde persone voorsien word om maklike en gerieflike toegang te verseker tot dienste en fasiliteite wat norwaalweg vir die publiek oop is, asook by woongebruike, en die volgende voorwaardes geld:

(a) Die Raad mag vereis dat minstens een parkeerplek per erf sodanig is dat dit deur 'n fisies-gestremde persoon gebruik kan word.

(b) In enige parkeerarea wat die breë publiek bedien, moet parkering vir fisiese-gestremde persone as volg voorsien word:

TABEL C:
PARKERING VIR FISIESE-GESTREMDE PERSONE

Totale aantal parkeerplekke	Vereiste aantal gereserveerde parkeer-plekke toeganklik vir fisies-gestremdes
1 tot 50	1
51 tot 100	2
101 tot 150	3
151 tot 200	4
Vir elke bykomende 100 plekke	1 bykomende parkeerplek

(c) Parkeerplekke vir fisies-gestremde persone moet 'n minstens 2,5 m breed en 5,5 m lank wees.

(d) Parkeerplekke vir fisies-gestremde persone moet voorsien word van 'n aanliggende toegangs-loopgang wat minstens 1,5 m breed is. Loopgange mag tussen twee aanliggende parkeerplekke vir fisies-gestremde persone gedeel word.

(e) Parkeerplekke vir fisies-gestremde persone en loopgange moet gelyk wees.

(f) Parkeerplekke vir fisies-gestremde persone moet naby of so na moontlik aan toeganklike gebou- of perseel-ingange wees, en moet so geplaas wees dat dit gerieflike toegang bied tot randsteen-afplattings.

(g) Elke parkeerplek wat vir fisies-gestremde persone gereserveer is moet op die parkeervlak met die internasionale toeganklikheidsimbool gemerk word.

(h) Bykomende kennisgewings wat aandui dat die parkeerplek vir uitsluitlike gebruik deur fisies-gestremde persone gereserveer word, mag deur die Raad vereis word, insluitende 'n teken wat bestuurders daarop wys dat hulle voertuig moontlik weggesleep kan word as hulle die plek verkeerdelik gebruik, en wat inligting gee oor hoe om die voertuig terug te kry.

(i) Waar daar vyf of minder parkeerplekke voorsien word, moet minstens een plek 4,0 m wyd wees en sodanig gemerk word dat dit 'n parkeerplek van 2,5 m en 'n loopgang van 1,5 m voorsien. Maar die plek hoef nie vir uitsluitlike gebruik deur fisies-gestremdes gereserveer te word nie.

(j) Parkering vir fisies-gestremde persone wat kragtens hierdie artikel voorsien word, tel as 'n gedeelte van die vereistes vir af-straat parkering.

Vereistes vir gekombineerde parkering

17.1.10 Die volgende voorwaardes geld vir gekombineerde parkering:

(a) Waar twee of meer grondgebruike 'n gemeenskaplik parkeerarea deel, mag die Raad die aantal parkeerplekke verminder wat vereis sou word vir die twee gebruike afsonderlik, op voorwaarde dat die Raad tevrede is dat die gebruik van dieselfde parkeerarea nie gelyktydig geskied nie.

(b) Gemeenskaplike parkeerplekke mag nie later sonder die Raad se toestemming vir uitsluitlike gebruike her-aangewys word nie.

17.2 DRAAISIRKELS

(a) Aan die einde van doodloopstrate moet draaisirkels, of ander voorsiening vir die omdraai van voertuie, voorsien word, tot bevrediging van die Raad.

(b) Die deursnit van sodanige draaisirkels, waar 'n draaisirkel voorsien word, moet tussen 18 m en 25 m wees, afhangende van die lengte van die doodloopstraat, in die geval van enkel en algemene woonsones, of 'n toepaslike groter deursnit in die geval van ander sones.

17.3 OP- EN AFLAAI-FASILITEITE

Die volgende voorwaardes geld vir op- en aflaaiplekke:

(a) Die Raad mag, om die blokkeer van verkeer op enige publieke straat langs 'n erf te voorkom, vereis dat die eienaar voorstelle indien, tot bevrediging van die Raad, vir geskikte en voldoende plek op die erf vir enige op- of aflaai, of toedien van brandstof aan voertuie, wat normaal verwag kan word.

(b) Geen eienaar of bewoner van 'n erf soos in (a) hierbo beskryf mag op- of aflaai of brandstof-toediening andersins ondernieem of wetend toelaat as wat deur die Raad goedgekeur is nie.

(c) By die Nywerheidsones sal die volgende norme as riglyne geld:

TABEL D: VEREISTES VIR LAAISONES

Totale vloerruimte van geboue	Vereiste laaigebied
Tot 1 000 m²	1 laaiplek
1 001 tot 2 500 m²	2 laaiplekke
2 501 tot 5 000 m²	3 laaiplekke
Elke bykomende 5 000 m² of gedeelte daarvan.	1 bykomende laaiplek

(d) Sodanige laaiplekke moet voertuigtoegang tot die straat hê, wat tot genoeë van die Raad moet wees, en minstens 5,0 m breed en, indien dit deur 'n gebou gaan, minstens 3,0 m hoog, moet wees.

17.4 VERWYDER VAN AFVAL

Die Raad mag, met die doel om afval te verwyder, vereis dat die eienaar of bewoner 'n vuilgoed-houer of houers op die erf installeer wat:

(a) groot genoeg is om die afval te bevat wat in 'n week op die erf gegenereer word;

(b) geplaas is langs 'n publieke straat, of, na die Raad se goeddunke, op 'n plek wat aanvaarbare toegang vir 'n vuilgoed-verwyderings-voertuig bied;

(c) ontwerp is op 'n wyse wat argitektonies inpas by die omliggende strukture en van die publieke oog afgeskerm is, en

(d) voldoen aan enige ander redelike voorwaarde wat die Raad oor gesondheid, besoedelingsbeheer, veiligheid of estetiek mag stel.

17.5 TELEKOMMUNIKASIESTASIES

BELEID EN DOEL

Die volgende algemene beleid en beginsels vir vrystaande of dakgeplaasde basis-telekommunikasiestasies geld vir alle sones tensy hierdie beleid en beginsels vervang word deur 'n meer spesifieke Raadsbeleid of verordening.

(i) Die impak van vrystaande of dakgeplaasde basis-telekommunikasiestasies en gepaardgaande infrastruktuur en toegangspaaie moet sover moontlik verminder word deur oordeelkundige keuse van die terrein en die saamplaas van verskillende antennas, en verskillende maatskappye se antennas, eerder as om op kamoeflering staat te maak.

(ii) Veral erfenis- en natuurgebiede, en gebiede met 'n hoë estetiese en toeriste waarde, moet vermy word.

(iii) Voorkomende maatreëls oor die gesondheid van die betrokke gemeenskappe en die sekuriteit van die basis-stasie en antennas soos voorgeskryf in die Nasionale Wet op die Omgewingsbestuur sal van toepassing wees.

Die doel van hierdie artikel is om die Raad te voorsien van die minimum-vereistes waaraan voldoen moet word waar daar geen spesifieke verordening oor infrastruktuur vir selfoon kommunikasie en ander privaat en kommersiële stelsels bestaan nie.

Aansoek om vrystaande of dakgeplaasde basis-telekommunikasiestasies

17.5.1 Geen vrystaande of dakgeplaasde basis-telekommunikasiestasies mag opgerig word, aangepas word of sy radio-frekwensie-emissies aangepas word sonder dat die Raad kragtens hierdie regulasies vooraf geskrewe daartoe ingestem het nie, met die volgende voorwaardes:

(a) 'n Aansoek om die Raad se toestemming om 'n vrystaande of dakgeplaasde basis-telekommunikasiestasies op te rig moet die volgende inligting vervat:

(i) 'n plasingsplan van die voorgestelde ligging, wat die erfnommer, straatadres, huidige sonering van die perseel en die grondgebruike van die onderhawige en omliggende grond aandui;

(ii) inligting oor die tipe basis-telekommunikasiestasie, insluitende 'n plan wat die afmetings van die struktuur aandui en sy ligging teenoor die grense van die perseel, 'n voor- en sy-aansig-

skaaltekening van die struktuur, wat ook enige ander geboue of strukture op die perseel aandui, en die beoogde beligting van die struktuur;

(iii) 'n terreinontwikkelingsplan insluitende voorgestelde versagtingsmaatreëls;

(iv) indien deur die Raad verlang, 'n visuele impakstudie van die voorstel, insluitende genoegsame fotografiese materiaal, om die voorstel behoorlik te kan evalueer.

(b) Die Raad mag vereis dat die aansoeker inligting verskaf oor tegnies-lewensvatbare alternatiewe liggings of strukture, en om te motiveer waarom groepering by sodanige persele of strukture nie beoog word nie.

(c) Waar die aansoeker nie die grondeienaar is nie, moet die aansoeker 'n behoorlik-uitgevoerde volmagdokument aan die Raad voorlê.

(d) Die aansoeker moet voldoen aan die vereistes van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur.

Uitstraal van radio-frekwensies

17.5.2 Doe volgende voorwaardes geld in belang van 'n gesonde omgewing:

(a) Alle sellulêre telekommunikasie-infrastruktuur of kombinasie van sodanige infrastrukture moet voldoen aan die standaarde van die "International Commission on Non-Ionizing Radiation Protection" (ICNIRP) vir die blootstelling van die publiek.

(b) Geen sellulêre telekommunikasie-infrastruktuur of kombinasie van sodanige infrastrukture mag te enigertyd in werking tree met 'n radio-frekwens-uitstralingsvlak wat die ICNIRP standaarde vir blootstelling vir die publiek oorskry nie, en moet benede sodanige standaard werk waar dit tegnies en finansieel doenlik is.

(c) As daar aansoek gedoen word om 'n gedeelde perseel, moet die totale geprojekteerde radio-frekwens-uitstraalvlakke vir die installasie as geheel aan die Raad as deel van die aansoek voorgelê word.

(d) Die Raad mag gelas dat gereelde metings teen die rekening van die netwerk-voorsiener afgeneem word om te verseker dat die werking van alle sellulêre telekommunikasie-infrastrukture in sy gesagsgebied voldoen aan die ICNIRP standaard vir die blootstelling an die publiek.

(e) In gevalle waar sodanige meting toon dat die ICNIRP standaard vir blootstelling van die publiek oorskry word, verval die toestemming van die Raad, en die Raad mag gelas dat die sellulêre telekommunikasie-infrastruktuur teen die rekening van die netwerk-voorsiener afgetakel word.

Afgetakelde telekommunikasiestasies

17.5.3 Die volgende voorwaardes geld vir afgetakelde telekommunikasiestasies:

(a) Die eienaar of operateur van die telekommunikasiestasie moet alle infrastruktuur wat met die telekommunikasiestasie verband hou, verwyder.

(b) Waar die perseel versteur is moet die eienaar of operateur van die telekommunikasiestasie die perseel herstel na sy oorspronklike toestand of tot 'n toestand wat vir die Raad aanvaarbaar is.

(c) Waar die eienaar of operateur nie aan (a) en (b) hierbo voldoen nie, mag die Raad self die telekommunikasiestasie verwyder en die perseel teen die rekening van die eienaar of operateur herstel.

Satelliet–skottel telekommunikasie-infrastruktuur

17.5.4 Die volgende voorwaardes geld vir satelliet-skottel telekommunikasie-infrastruktuur:

(a) Satelliet-skottel telekommunikasie-infrastruktuur wat op die grond gemonteer is moet op sodanige plek geplaas word dat dit enige negatiewe visuele impak op die omliggende gebied so laag moontlik hou.

(b) Satelliet-skottel telekommunikasie-infrastruktuur aan die kant van 'n gebou moet :

(i) so geplaas word dat dit onsigbaar is van die straat of van enige omliggende gebied, of

(ii) argitektonies sodanig afgeskerm word om enige negatiewe impak op omliggende grond en van die publieke straat af tot die minimum beperk word.

(c) Satelliet-skottel telekommunikasie-infrastruktuur bo-op geboue moet:

(i) sover moontlik van die rand van die gebou teruggeset word, of

(ii) argitektonies sodanig afgeskerm word om enige negatiewe impak op omliggende grond en van die publieke straat af tot die minimum beperk word.

(d) Die kleur van Satelliet-skottel telekommunikasie-infrastruktuur moet beperk word tot 'n enkele, glanslose skakering van room, naaswit, vaal, donkergroen, swart of grys.

17.6 BESKIKBAARHEID VAN INFRASTRUKTUUR EN DIENSTEHEFFINGS

Ingenieursdienste wat deur 'n eienaar of ontwikkelaar geïnstalleer word moet voldoen aan die minimum-standaarde vir die voorsiening van ingenieursdienste soos deur die Raad neergelê.

(a) Die installeer en voorsiening van ingenieursdienste moet, by gebrek aan 'n dienste-ooreenkoms, die verantwoordelikheid wees van:
(i) die eienaar of ontwikkelaar vir alle interne ingenieursdienste binne die grense van die betrokke grond, en
(ii) die Raad vir eksterne ingenieursdienste buite die grense van die betrokke grond, waarby die interne dienste aansluit.

(b) Die eienaar of ontwikkelaar moet 'n bydrae tot die geheel of tot 'n deel van die koste van eksterne dienste maak indien:
(i) die Raad nie self oor genoegsame fondse beskik nie, of
(ii) die installeer van sodanige eksterne dienste nie strook met die Raad se huidige kapitaal-uitgawe-program nie, en
die voorwaardes vir sodanige bydrae moet tussen die Raad en die eienaar of ontwikkelaar onderhandel word, en moet in 'n dienste-ooreenkoms opgeteken word.

(c) Die Raad mag 'n heffing op nuwe ontwikkelings plaas, om voorsiening te kan maak vir publieke oopruimte, of om die koste van die befondsing van eksterne dienste-voorsiening te verhaal, of vir enige ander doel, op voorwaarde dat sodanige heffing regmatige en konsekwent toegepas word volgens enige riglyne wat die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap neergelê het.

HOOFSTUK 18
ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE VAN GROND

18.1 ONDERVERDELING VAN GROND

Aansoeke om onderverdeling

18.1.1 Die Raad moet nie 'n nuwe onderverdeling toestaan nie tensy dit tevrede is dat, vir elke erf wat so geskep word, daar voldoende en wettige wyses is vir toegang tot 'n publieke straat en (indien benodig) toegang tot watertoevoer en wegdoen met riool-afloop.

Minimum-grootes vir onderverdeling

18.1.2 Die soneringskaart mag gebiede aandui waar 'n minimum-grootte vir onderverdelings voorgeskryf word, in welke geval die grootte van 'n nuwe onderverdeling en enige restant nie minder as die voorgeskrewe minimum-grootte moet wees nie.

Onderverdelings wat voorsiening maak vir skakel- en ryhuise

18.1.3 Nadat toestemming verleen is dat 'n onderverdeling gedoen mag word wat aan twee of meer aanliggende grond-eenhede met geskakelde huise daarop, elk 'n eie titel toestaan, moet die eienaars:

(a) gesamentlik onderhou enige deel van 'n stutmuur, dak, pyp, geut, bedrading of enige ander struktuur wat gemeenskaplik is aan die aanliggende grond-eenhede of ryhuise;

(b) elke deel van sodanige muur, dak, pyp, geut, bedrading of enige ander struktuur wat oor sodanige grond-eenhede of ryhuise loop, onderhou;

(c) toegang verleen na sodanige grond-eenhede of woon-eenhede sodat enige muur, dak, pyp, geut, bedrading of enige ander struktuur onderhou, herstel, vernuwe of verander kan word, en

(d) geen veranderings aanbring aan, of enige deel van die geboue afbreek wat op sodanige grond-eenhede opgerig is, insluitend grensmure en –heinings, of die buite-kleurskema of materiale van sodanige geboue verander, sonder geskrewe toestemming van die Raad nie.

Nutsdienste

18.1.4 Nadat 'n onderverdeling toegestaan is, moet die eienaar van enige erf sonder kompensasie toelaat dat:

(a) elektriese en televisie-kabels, waterpype, riool-aflooppype, stormwater-pype, slote en kanale van enige ander erf of –eenhede oor die betrokke erf gevoer word,

(b) installasies soos elektriese mini-substasies, meterhuisies en dienssuile daarop opgerig word, indien die Raad dit nodig ag, op so 'n wyse en op 'n plek wat van tyd tot tyd redelikerwys verlang mag word, en moet ook 'n reg van toegang tot die erf op enige redelike tydstip toestaan vir die doel van die bou, verwydering of inspeksie van enige werke wat met bostaande verband hou.

Stabilisering van walle

18.1.5 Nadat toestemming tot onderverdeling toegestaan is, moet die eienaar van enige erf sonder vergoeding:

(a) enige materiaal aanvaar of enige uitgrawing op die erf toelaat wat noodsaaklik mag wees om die gebruik van die volle breedte van 'n aangrensende straat moontlik te maak, om 'n veilige en toepaslike helling te voorsien vir die uitgrawing wat ontstaan as gevolg van die verskille tussen die vlak van die straat soos dit uiteindelik gebou is en die vlak van die erf, of

(b) as alternatief mag die eienaar verkies om stutmure te bou tot bevrediging van, en binne 'n tydperk soos bepaal deur, die Raad.

Onderverdeling nog nie bevestig nie

18.1.6 Die Raad mag toestem dat 'n gebou of struktuur opgerig word op 'n erf wat deel uitmaak van 'n onderverdeling wat nog nie bevestig is nie.

18.2 KONSOLIDASIE VAN GROND

Toepassing van ontwikkelingsreëls op gekonsolideerde grond-eenhede

18.2.1 Wanneer twee of meer grond-eenhede gekonsolideer word, is die grense van die erf, vir die doel om hierdie regulasies te administreer, die nuwe kadastrale grense soos op 'n goedgekeurde landmeterskaart aangedui. Eertydse boulyne, dekking en enige ander voorwaardes wat vroeër vir die individuele grond-eenhede gegeld het, verval vir die eertydse grond-eenhede, maar geld kragtens hierdie regulasies vir die gekonsolideerde erf.

18.2.2 Waar twee of meer individuele grond-eenhede gekombineer word om 'n gekonsolideerde erf te vorm, en die Raad 'n voor-aansoek navraag of bouplan-aansoek ontvang, wat volgens die Raad se mening:

(a) die karakter van die gebied noemenswaardig met nadelige gevolge verander sal word, as direkte gevolg van die grootte van die gekonsolideerde erf, en

(b) 'n groter bou-oppervlakte, groter opeenhoping van strukture, of 'n vermindering van ruimte tussen beboude elemente sou insluit, as wat moontlik sou gewees het voor konsolidasie, weens die boulyn-, vloerruimte- of dekkings-voorwaardes wat vroeër vir die individuele grond-eenhede kragtens hierdie regulasies gegeld het,

mag die Raad bykomende ontwikkelingsvoorwaardes voorskryf.

18.2.3 Die bykomende ontwikkelingsvoorwaardes waarna hierbo verwys word mag:

(a) verband hou met die groepering, ordening en plasing van geboue op die gekonsolideerde erf, en,

(b) mag meer beperkend wees as die ontwikkelingsvoorwaardes wat normaalweg kragtens hierdie regulasies vir die gekonsolideerde erf sou geld, maar

(c) nie meer beperkend wees as die ontwikkelingsvoorwaardes wat gegeld het vir vorige individuele grond-eenhede voor konsolidasie nie, tensy die grond hersoneer word.

18.2.4 As enige van die stappe in sub-klousules 1 tot 3 hierbo oorweeg word, moet die voorskrifte van artikel 3.4 uitgevoer word.

DEEL V
INTERPRETASIE EN DEFINISIES

HOOFSTUK 19: INTERPRETASIE EN DEFINISIES

19.1 INTERPRETASIE

Reëls vir interpretasie

19.1.1 Die volgende reëls vir interpretasie geld:

(a) In hierdie regulasies, in die register en in enige ander aantekening op die soneringskaart, het die woorde en uitdrukkings die betekenis wat aan hulle volgens die definisies vervat in artikel 19.2 geheg word, behalwe waar 'n ander interpretasie uit die konteks duidelik is. Die interpretasie van woorde wat nie in hierdie hoofstuk gedefinieer word nie sal wees die betekenisse wat hulle het in die Handboek van die Afrikaanse Taal, behalwe waar 'n ander betekenis uit die konteks duidelik is.

(b) Opskrifte vervat in hierdie regulasies word vir verwysing bedoel en moet nie geïnterpreteer word as 'n wyse om die betekenis of doel van enige voorwaarde in die regulasies te rig, beperk of wysig nie.

(c) Die manlike omvat ook die vroulike en onsydige, en anders om, en enkelvoud sluit meervoud in, tensy die konteks die teendeel aandui.

(d) Waar ookal verwys word na 'n wet, ordonnansie of verordening, geld die verwysing ook vir alle plaasvervangings, aanpassings en addenda tot sodanige wet, ordonnansie of verordening.

(e) Waar ookal daar verwys word na 'n gebou, geld die verwysing ook vir die oprig van 'n gebou, vir die gebruik van 'n deel van die gebou en vir die gebruik van 'n erf, of daar 'n gebou op die erf opgerig is al dan nie.

(f) Daar word aanvaar dat die hulpwerkwoorde "moet" en "sal" en die teenwoordige tyd van werkwoorde verpligting aandui, en die hulpwerkwoord "mag" 'n mate van keuse aandui, behalwe waar die konteks duidelik die teendeel aanwys.

(g) Die Raad se interpretasie van die teks geniet voorrang, behalwe waar 'n hof anders bevind.

Metodes vir die meet van afstande en hoogtes

19.1.2 Die volgende voorwaardes geld vir die wyse van meet van afstande en hoogtes:

(a) Waar daar verwys word na die afstand tussen grense of tussen 'n gebou en 'n grens, of waar dit geïmpliseer word, moet die afstand op die volgende wyse gemeet word:
   (i) Die grens of grense en alle punte van die gebou moet op 'n horisontale vlak geprojekteer word, en alle afmetings moet op sodanige vlak geneem word.
   (ii) Die afstand tussen 'n punt op 'n gebou en 'n grens is die kortste afstand tussen daardie punt en die grens.

(b) Waar daar verwys word nie 'n deel van 'n grens as "teenoor" 'n gebou, moet sodanige deel met lyne aangedui word wat soos in artikel (a) beskryf word, van punte op die gebou loodreg op sodanige grens.

(c) Waar daar na 'n helling verwys word, of na grondvlak of dakhoogte, of die hoogte van 'n borswering of enigiets anders, moet sodanige vlak bereken word volgens erkende geometriese beginsels. In alle gevalle waar die betrokke vlakke so ongelyk is dat berekening volgens hierdie beginsels onprakties blyk of 'n gevolg sal hê wat nie met die doelstellings van die soneringskema strook nie, moet die Raad die vlak bepaal.

Interpretasie van sones se grense

19.1.3 Waar daar onsekerheid bestaan oor die grense van gebruiksones, geld die volgende reëls agtereenvolgens, soos hieronder gelys:

(a) Grense wat lyk asof dit enige publieke straat of pad volg of naasteby volg, word beskou dat dit die kadastrale straatgrens volg.

(b) Grense wat lyk asof dit enige erf se grens volg of naasteby volg, word beskou dat dit sodanige grens volg.

(c) Grense wat lyk asof dit natuurlike formasies volg of naasteby volg, word beskou dat dit die formasies volg.

(d) Waar daar nog onsekerheid oor die grense van 'n gebruiksone is, moet die Raad 'n beslissing vel.

Interpretasie van gebruikskategorie en -sonering

19.1.4 Die Raad moet die gebruikskategorie of –sonering bepaal en die Raad se beslissing het voorrang, behalwe as die teendeel bewys word, in gevalle waar:
(a) daar onsekerheid of 'n dispuut oor soneringskategorieë is;
(b) die voorwaardes van 'n soneringskaart, hierdie regulasies en die register verskil, en
(c) daar onsekerheid heers oor die sonering van grond, of daar 'n dispuut daaroor is.

19.2 DEFINISIES

In hierdie regulasies beteken:

4x4 roete: 'n reeks paaie, spore en roetes wat ontwerp word vir gebruik met veld-voertuie as 'n ontspannings- of avontuur-fasiliteit, en sluit die geboue in wat normaalweg benodig word vir die administrasie en onderhoud van die roete, maar sluit nie vakansie-akkommodasie of toeriste-geriewe in nie *(4x4 trail)*;

aaneengeskakel (in die konteks van "groepbehuising"): om met 'n 'n gemeenskaplike muur of motorhuis verbind te wees (*linked*);

aanvangsdatum: die datum waarop hierdie regulasies van krag word (*commencement date*);

aanverwante (in die konteks van 'n gebruik of doel wat saam met iets gaan): 'n gebruik, doel, gebou, of bedrywigheid wat bykomende en onderhewig is aan die wettige oorheersende gebruik van die grond , en "verwante" en "wat daarmee verband hou" het dieselfde betekenis (*associated*);

addisionele wooneenheid: 'n wooneenheid wat met toestemming van die Raad op 'n grond-eenheid in Landbousone 1, bykomend tot die hoof-woonhuis en 'n tweede woning, opgerig mag word, ongeag die grootte van die grond-eenheid, met die voorbehoud dat:

(i) die addisionele wooneenheid op dieselfde grond-eenheid as die hoof-woonhuis is;

(ii) waar die grond-eenheid groter as 10 ha is, mag 'n bykomende addisionele wooneenheid vir elke bykomende 10 ha van die grond-eenheid, of deel daarvan, opgerig word, onderhewig aan 'n maksimum van vyf addisionele wooneenhede per grond-eenheid;

(iii) die addisionele wooneenhede so ontwerp is dat hulle by die omgewing inpas; (*additional dwelling unit*);

adverteer (in die konteks van iets waarna in hierdie regulasies verwys word): een of meer van die maniere van bekendmaak wat, volgens die beleid en riglyne van die Raad, die mees geskikte wyse is om soveel moontlik van die persone wat daarby 'n belang mag hê of direk daardeur geraak sal word, te bereik, insluitend:

(i) 'n kennisgewing dien, of

(ii) 'n kennisgewingbord op 'n erf oprig, of

(iii) 'n kennisgewing in die pers publiseer, of

(iv) die hou van publieke vergaderings, of

(v) dit op die radio uitsaai, of

(vi) instel en implementeer van raadplegingsforums of die aanvaar van sosiale ooreenkomste, hetsy voor of nà die indien van 'n aansoek,

en "advertering" en "advertensie" het ooreenstemmende betekenisse (*advertise*);

advertensie (in die konteks van buitelug-advertering): enige sigbare voorstelling van 'n woord, naam, letter, figuur of voorwerp of die afkorting van 'n woord of naam, of enige teken of simbool of lig, wat nie slegs vir beligting of waarskuwing teen gevaar gebruik word nie (*advertisement*);

advertensiebord: enige skerm of bord wat groter is as 4,5 m^2, op 'n vrystaande struktuur rus, en gebruik gaan word vir die doel om 'n buitelug-advertensie op te plak, te vertoon of uit te stal en wat ook dikwels bekendstaan as 'n advertensieskerm. Die hoof funksie van 'n advertensiebord is om produkte, bedrywighede of dienste te adverteer wat wyer as die plaaslik mark beskikbaar is (*billboard*);

aftree-dorp: groepbehuising of dorpsbehuising wat voldoen aan die volgende bykomende voorwaardes:

(i) elke wooneenheid word besit deur iemand wat 50 jaar oud of ouer is, en word bewoon deur minstens een persoon van 50 jaar of ouer;

(ii) 'n verskeidenheid van sorg- en ander relevante geriewe word tot bevrediging van die Raad voorsien en "aftree-oord" het dieselfde betekenis (*retirement village*);

afwykende gebruik: die gebruik van grond wat wettig was voor die aanvangsdatum van hierdie regulasies, maar wat afwyk van die gebruiksvoorwaardes of ontwikkelingsreëls soos in hierdie regulasies vervat (*non-conforming use*);

afwyking:

(i) 'n gewysigde ontwikkelingsreël of ontwikkelingsreël ingestel kragtens die Beplanningswet, wat permanent mag wees, of

(ii) 'n gebruiksreg wat tydelike kragtens die Beplanningswet toegestaan word, wat na 'n tydperk soos in die goedkeuring gespesifiseer, sal verval (*departure*);

agterste grens (van 'n erf): elke grens (behalwe straat- of kantgrense) wat parallel is met, of binne 45° van parallel met, elke straatgrens van sodanige erf, en wat nie 'n straatgrens kruis nie, met die voorbehoud dat, by 'n pansteel-grondeenheid, die Raad moet besluit watter grens, indien enige, die agterste grens is (*rear boundary*);

akwakultuur: die kweek of teel en oes vir handelsdoeleindes van waterplante of –diere in kunsmatig vervaardigde damme of houer-tenks of nette ondersteun deur drywende flotte (*aquaculture*);

antenna: beteken enige stelsel van drade, pale, stawe, weerkaatsende oppervlaktes of soortgelyke toestelle, wat gebruik word vir die versending of ontvangs van elektroniese kommunikasieseine of elektromagnetiese golwe;

appèl: 'n versoekskrif kragtens die Beplanningswet gerig aan die verantwoordelike owerheid vir die hersien van 'n besluit wat onder die Beplanningswet of hierdie regulasies gemaak is (*appeal*);

atrium: die oordekte binnehof wat ontstaan as 'n ruimte vir een of meer verdiepings binne 'n gebou oprys en waar daar geen verdiepings deur die ruimte sny nie. 'n Atrium het gewoonlik 'n vloer en 'n dak of 'n plafon (*atrium*);

balkon: 'n vloer wat buite 'n gebou uitsteek op 'n vlak hoër as die grondvloer, met daarom slegs lae mure of reëlings of die hoof symure van kamers langs sodanige vloer, en dit sluit in, waar van toepassing, die dak oor sodanige vloer en die pilare wat sodanige dak ophou (*balcony*);

basissone: die sone wat die basiese grondgebruik- en ontwikkelingsreëls vir 'n erf kragtens hierdie regulasies bepaal, voordat enige oorlegsone toegepas word (*base zone*);

basis-vloed: die watervlak wat gemiddeld slegs een keer per honderd jaar oorskry word (ook genoem die 1 in 100-jaar vloedlyn) (*base flood*);

bed-en-ontbyt-inrigting: dieselfde as "gastekamers" (*bed-and-breakfast*);

begraafplaas: 'n plek waar lyke begrawe word, en mag insluit geboue wat noodsaaklik is vir die administratiewe en godsdienstige gebruike wat daarmee gepaard gaan, maar sluit nie 'n krematorium in nie (*cemetery*);

begrafnisonderneming: grond waar lyke vir begrawing en verassing voorberei word, en sluit in geriewe vir gepaardgaande administratiewe en godsdienstige funksies (*funeral parlour*);

beheergebied (in die konteks van buitelug-advertering): die mate van beheer oor advertering wat in 'n bepaalde gebied uitgeoefen kan word, soos maksimum, gedeeltelike of minimum-beheer, volgens die visuele gevoeligheid van 'n gebied en verkeersveiligheid in die omgewing (*area of control*);

bekostigbare behuising: behuising wat bekostigbaar is vir lae tot middelinkomste families, wat nie kwalifiseer vir gesubsidieerde huise nie, maar te min verdien om op die normale behuisingsmark mee te ding (*inclusionary housing*);

Beplanningswet: die Ordonnansie op Dorpe, Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning of daaropvolgende provinsiale of nasionale wetgewing wat die voorbereiding en administrasie van soneringskemas in die Wes-Kaapprovinsie beheer, watter een ookal van toepassing is (*Planning Law*);

bestuursagentskap: 'n agentskap met gesag om 'n wildernisgebied, statutêre of ander bewaringsgebied of oopruimte sone te administreer of beheer (*management agency*);

beroepsbeoefening: het dieselfde betekenis as "tuisbedryf" (*occupational practice*);

bewaarskool (of crèche): 'n gerief vir die dagsorg van jong kinders waar hulle ouers nie teenwoordig is nie, en mag sorg vir meer kinders as wat by 'n dagsorgsentrum toegelaat word (*crèche*);

bewaring van wildernisgebiede: die bestuur en bewaring van natuurlike gebiede wat nog in 'n groot mate ongerep, onontwikkel en afgeleë is, sodat die natuurlike prosesse sonder menslike inmenging kan voortgaan (*wilderness conservation*);

bewaringswaardige bome: 'n beskermde boom wat onder artikel 12 van die Nasionale Bosbouwet 1998 (Wet 84 van 1998) gelys is, 'n boom wat hoër as ses meter en 'n boom waarvan se stam 'n omtrek van meer as 1,5 m het, gemeet een meter bokant die grond, wat nie tot indringerplant vir die Wes-Kaap kragtens artikel 2(3) van die Wet op Bewaring van Landboubronne, 1983 (Wet 43 van 1983), verklaar is nie (*trees worthy of conservation*);

bewaringswaardigheid (in die konteks van 'n Erfenisgebied Oorlegsone): die graad van kulturele of historiese belangrikheid van 'n plek en sy relatiewe aanspraak op bewaring, soos bepaal deur die Raad (*conservation worthiness*);

bewoner: enigeen wat 'n gebou, struktuur of stuk grond bewoon, of enigeen wat met die beheer of bestuur daarvan belas is, en dit sluit in die agent van bostaande persone wat nie in die gebied woon nie, of wie se adres onbekend is (*occupant*);

biosfeer-reserwe: gebiede of landelike of kus- of marine-ekosisteme, of 'n kombinasie daarvan, wat internasionaal erken word binne die raamwerk van die Mens en die Biosfeer-program van die Verenigde Volkere se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele organisasies (*biosphere reserve*);

biostreek: 'n geografiese ruimte wat 'n enkele ekosisteem bevat of verskeie eko-sisteme wat binne-in mekaar gebed is, onderskeibaar deur grondvorm, tipe plante-bedekking, menslike kultuur of geskiedenis (*bioregion*);

biostreek-beplanning: 'n internasionaal-erkende konsep en wyses van doen wat gemik is op volhoubare ontwikkeling, 'n vorm van streekbeplanning met biostreke as geografiese basis (*bioregional planning*);

bouerswerf: grond wat gebruik word vir die stoor van materiaal en toerusting wat:

(i) benodig word vir, of normaalweg gebruik word in, die boubedryf, of
(ii) verkry is van die aftakel van strukture of uitgrawings van grond, of
(iii) benodig word vir of normaalweg gebruik word vir verbetering van grond, soos die stoor van materiaal wat vir die bou van paaie gebruik word, of vir die installeer van noodsaaklike dienste, of vir enige ander konstruksiewerk (soos sand of bakstene), hetsy vir publieke of privaat-gebruik (*builder's yard*);

boulyn: 'n denkbeeldige lyn op 'n erf wat 'n afstand van 'n bepaalde grens definieer, waarbinne die oprig van geboue of strukture absoluut of gedeeltelik verbode is (*building line*);

brandstof-opslagplek: 'n fasiliteit vir die stoor van groot volumes petrol of ander ontvlambare brandstof, maar sluit nie die brandstof-opslagplekke wat normaalweg met 'n diensstasie of 'n openbare garage gepaard gaan in nie (*fuel storage facility*);

bruto digtheid: 'n maat van die aantal wooneenhede in 'n bepaalde gebied, uitgedruk as wooneenhede per hektaar, en word vir die doeleindes van hierdie regulasies as volg bereken (*gross density*):

$$\text{Bruto digtheid van behuising in wooneenhede per hektaar} = \frac{\text{Total aantal wooneenhede in 'n area}}{\text{Oppervlakte van die area in hektaar}}$$

bruto parkeerruimte: 'n ruimte wat een parkeerplek omvat plus die verkeersvloei- en versieringsruimte wat daarmee gepaard gaan (*gross parking space*);

bruto verhuurbare oppervlakte: die totale vloeroppervlakte wat ontwerp is vir, of bevatlik is vir gebruik en beheer deur huurders, gemeet van die middellyn in gemeenskaplike skeimure na die buitenste afgewerkte oppervlak van die buitemure, maar sluit toilette, hyserskagte, diensskagte, vertikale openinge in verdiepings, binnenshuise parkering en laaiplekke uit (*gross leasable area*);

buitegebou: 'n struktuur, hetsy vas aan, of los van, die hoofgebou, wat ondergeskik en bykomend is tot die hoofgebou op 'n erf, wat 'n gebou insluit wat ontwerp is om normaalweg vir die berg van motorvoertuie, vir stoordoeleindes en enige ander normale bedrywighede gebruik te word, tot die mate waarin sodanige bedrywighede gewoonlik en redelik met die hoofgebou sou saamgaan, maar wat nie 'n tweede woning insluit nie (*outbuilding*);

buitelug-advertensie (in die konteks van buitelug-advertering): enige sigbare voorstelling van 'n woord, naam, letter, figuur of voorwerp, of van die afkorting van 'n woord of naam, of enige teken of simbool of lig, wat bedoel is om die verkoop van goedere of dienste te bevorder, en wat sigbaar is vir verbygaande lede van die publiek (*outdoor advertisement*);

buiteportaal: 'n dak wat nie die vloer van 'n balkon is nie, wat buite 'n gebou oor 'n deur projekteer en 'n oordekte ingang tot sodanige gebou vorm, en dit sluit in enige geplaveide area daar onder, plus enige lae mure of reëlings wat sodanige geplaveide gebied omsluit, sowel as enige pilare wat sodanige dak stut (*porch*);

dagsorgsentrum: die gebruik van 'n deel van 'n woonhuis of buitegeboue deur die bewoner om dagsorg, voorskoolse, speelgroep- of naskoolse versorging aan kinders te voorsien, met die voorbehoud dat:
(i) nie meer as 20 kinders tegelykertyd geregistreer, of gelyktydig op die perseel teenwoordig mag wees nie;
(ii) die dienste primêr dagsorg en opvoedkundig en nie medies is nie;
(iii) die dienste nie buite die ure van 06h00 tot 18h00 geskied nie, en
(iv) die oorheersende gebruik van die woonhuis steeds die huisvesting van 'n enkele gesin bly (*day care centre*);
(v) 'n kindersorg-diens vir vyf of minder kinders mag as 'n tuisbedryf beskou word, en kindersorg-diens vir meer as 20 kinders moet as 'n bewaarskool of plek van onderrig beskou word);

dakgeplaasde basis-telekommunikasiestasie*:*
beteken 'n ondersteuningstruktuur wat aan die dak, kant of enige deel van 'n gebou vas is en wat gebruik word vir die akkommodering van telekommunikasie-infrastruktuur vir die versending of ontvangs van elektroniese kommunikasieseine en kan insluit `n kommersiële antenna en toegangspad na sodanige fasiliteit *(rooftop base telecommunication station)*

dakoorhang: die deel van 'n dak wat verby die aansig van 'n gebou uitsteek, insluitende enige geute (*eave*);

dB(A): die eenheid wat gebruik word om geluidvlak te beskryf, wat gemeet moet word op aanvaarde wetenskaplike beginsels, soos beskryf in die Regulasies oor Geraasbeheer wat kragtens die Wet op Omgewingsbewaring, 1989, gepromulgeer is (*dB(A)*);

dekking: die totale oppervlakte van 'n erf wat deur geboue bedek mag word, uitgedruk as 'n persentasie van die bruto erfoppervlakte, en sluit in:
(a) geboue, insluitende die buitemure;
(b) soliede dakke;
(c) trappe, trapportale (behalwe ingangsportale en –trappe), galerye, gange en soortgelyke ruimtes, hetsy binne of buite, en
(d) oorhange, verandas, ingangsportale, balkonne en soortgelyke strukture;
met die voorbehoud dat die volgende dele van geboue buite rekening gelaat sal word as dekking bereken word:
(i) stoepe, ingangstrappe en –portale;
(ii) borswerings, skoorsteenborswerings, priële, blombakke, waterpype, aflooppype en kleiner ornamentasies wat nie meer as 500 mm van die muur van die gebou af uitsteek nie;
(iii) dakoorhange wat nie meer as 1,0 m van die muur van die gebou uitsteek nie;
(iv) 'n kelder, met die voorbehoud dat die plafon van die kelder nie bokant grondvlak uitsteek nie (*coverage*);

departementshoof: die hoof van die departement, of die persoon wat belas is met die administrasie van die soneringskema (*department head*);

diensbedryf: 'n onderneming wat:
(i) primêr gemoeid is met dienslewering vir die plaaslike gemeenskap, soos die herstel van huishoudelike toebehore of die verskaf van huishoudelike dienste;
(ii) onwaarskynlik 'n steurnis vir die omliggende grond sal veroorsaak;
(iii) hoogstens tien mense in diens het;
(iv) nie maklik, as 'n brand sou ontstaan, buitensporige sou brand nie, of gifgasse sou veroorsaak nie, of lei tot ontploffings nie, en
(v) 'n boueswerf en verwante bedrywe, wassery, bakkery, suiwel-depot en soortgelyke gebruike insluit, maar
(vi) nie slagpale, 'n baksteenmakery, rioolwerke, diensstasie of openbare garage insluit nie (*service trade*);

diensooreenkoms: 'n geskrewe ooreenkoms wat tussen 'n ontwikkelaar van grond en die Raad gesluit word, waarvolgens die onderskeie verantwoordelikhede van die twee partye vasgestel word vir die beplan, voorsien, installeer, finansiering en onderhoud van interne en eksterne ingenieursdienste en die standaard vir sodanige dienste bepaal word (*service agreement*);

diensstasie: grond wat vir die kleinhandelverkope van brandstof gebruik word, en dit sluit in die verhandeling van motorvoertuie, olie, bande en motor-onderdele, die herstel of hersien van motorvoertuie en die was van voertuie, maar dit sluit uit spuitverf, duikklop en ystersmee. Enige deel van 'n winkel of sakeperseel waar brandstof aan motorvoertuie in die kleinhandel verskaf word, word as 'n diensstasie beskou (*service station*);

distrik verspreider-pad: 'n publieke straat of pad wat deur die Raad as 'n distrik verspreider-pad verklaar is omdat dit dien as 'n belangrike verspreider van verkeer in 'n gebied of distrik (*district distributor road*);

Dorpe-ordonnansie: die Ordonnansie op Dorpe 1934 (Ord. 33 van 1934) en dit sluit alle regulasies wat daaronder gemaak is in (*Townships Ordinance*);

dorpsbehuising: 'n behuisingontwikkeling wat rye of groepe van aaneengeskakelde woonhuise behels wat as 'n ononderbroke argitektoniese eenheid ontwerp en gebou is, waarvan elke huis 'n grondvloer het, en sodanige wooneenhede kadastraal verdeel mag word; "dorpshuise", "dorpshuis-skema", "dorpshuis-ontwikkeling" en "dorpsbehuising-ontwikkeling" het dieselfde betekenis (*town housing*);

dorpsbehuising-perseel: 'n grond-eenheid waarop 'n dorpshuis-skema of aftreeoord opgerig is of mag word, en "dorpshuis-perseel" het dieselfde betekenis (*town housing site*);

dorpshuis: 'n woonhuis wat deel vorm van 'n dorpsbehuising-ontwikkeling (*town house*);

dorpshuis-erf: grond in 'n dorpsbehuising-ontwikkeling waarop een dorpshuis gebou kan word (*town house erf*);

drankwinkel: 'n saak waar die oorheersende gebruik die kleinhandel verkope van alkoholiese drank vir gebruik buite die grond is, en dit sluit in 'n buite-verkope fasiliteit onder bestuur van 'n gelisensieerde hotel (*bottle store*);

dubbelwoonhuis: 'n gebou ontwerp as 'n enkele argitektoniese eenheid, met twee wooneenhede op een erf (*double dwelling house*);

eienaar (in verband met grond): die persoon of liggaam in wie se naam sodanige grond geregistreer is by 'n aktekantoor, en dit kan insluit die houer van 'n geregistreerde serwituut of huurooreenkoms, en enige opvolger in titel (*owner*);

eienaarsvereniging: 'n vereniging met regsgesag wat geregistreer is kragtens die Maatskappywet 1973 (Wet 61 van 1973), waarvan die lidmaatskap verplig is vir alle eienaars van die grond waarvoor dit ingestel is (*owners' association*);

eiendom: 'n erf, tesame met al die geboue en strukture op die grond (*property*);

ekosisteem: 'n gemeenskap van organismes wat selfonderhoudend en –regulerend is en die interaksie van sodanige organismes met mekaar en met hulle omgewing (*ecosystem*);

eksterne straat (by groepbehuising en dorpsbehuising): 'n straat waaraan 'n groepbehuising- of dorpsbehuising-perseel grens, maar wat nie deel van die groepbehuising- of dorpsbehuising-perseel is nie (*external street*);

erf: 'n grond oppervlakte wat geregistreer is of kan word by die registrateur van aktes, en "grond-eenheid" het dieselfde betekenis (*land unit*);

gastehuis: 'n gebou, uitgesonderd 'n hotel of huurkamerwoning wat gebruik word vir die verhuur van individuele kamers vir verblyf aan vlottende gaste, met of sonder etes, met dien verstande dat:
(i) die afsonderlike suites of kamers slegs deur middel van verhuring bemark mag word;
(ii) alle geriewe en die verskaffing van etes slegs vir gebruik deur *bona fide* loseerders is, en
(iii) die gebou slegs vir die doeleindes van binneverbruik en onderworpe aan enige voorwaardes of beperkings wat die Raad mag stel, gelisensieer mag word ingevolge die Drankwet, No. 27 van 1989 (*guest house*);

gastekamers: 'n woonhuis of tweede woning waarin die bewoner van die gebou huisvesting en etes teen vergoeding aan vlottende gaste verskaf wat elders permanent woon, met die voorbehoud dat:
(i) die oorheersende gebruik van die betrokke woonhuis steeds die huisvesting van 'n enkele gesin is, en
(ii) die grond verder voldoen aan die vereistes vir 'n gastekamer inrigting (*guest rooms*);

gebou (sonder dat sy gewone betekenis beperk word) sluit in:
(i) enige struktuur met 'n dak;
(ii) enige buite-trap, trappies of trapportale van 'n gebou en enige galery, oorhang, balkon, stoep, veranda, buiteportaal of soortgelyk onderdeel van 'n gebou;
(iii) enige mure of reëlings wat enige van bostaande omsluit, en
(iv) enige ander gedeelte van 'n gebou (*building*);

gebruik (met betrekking tot grond, bykomend tot sy normale betekenis): sluit in gebruik waarvoor ontwerp is en waarvoor grond bestem is (*used*);

gebruiksreg (met betrekking tot grond): die reg om daardie grond aan te wend ooreenkomstig die sonering daarvan, met inbegrip van enige wettige afwykings daarvan (*use right*);

geïntegreerde ontwikkelingsplan: 'n plan soos voorsien in artikel 25 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 (*integrated development plan*);

gemeenskaplike grens (in verband met grond): 'n grens wat gemeenskaplik is met die naasliggende grond, uitsluitend 'n straatgrens (*common boundary*);

gemeenskaplike oopruimte: privaat oopruimte in 'n Algemene Woonsone wat toeganklik is vir al die inwoners van die betrokke residensiële ontwikkeling (*communal open space*);

gemiddelde breedte van 'n erf:
(i) die gemiddelde van die lengte van die straatgrens en die agterste grens, of
(ii) by 'n hoekerf, die gemiddelde van die lengte van die kortste straatgrens en die sygrens daar teenoor, of
(iii) by 'n pansteel-erf of baie onreëlmatige grond, die gemiddelde breedte soos deur die Raad bepaal (*average width*);

gemiddelde diepte van 'n erf:
(i) die gemiddeld van die loodregte afstand tussen die publieke straat en punte waar die sygrense die agterste grens sny, of
(ii) by 'n hoekerf, die gemiddelde loodregte afstand tussen beide publieke strate of paaie en die punt waar die sygrense mekaar sny, of
(iii) by 'n pansteel-erf of baie onreëlmatige grond, die gemiddelde diepte soos deur die Raad bepaal (*average depth*);

geraasvlak: 'n lesing op 'n geïntegreerde impuls-geraasvlakmeter, wat afgeneem word volgens aanvaarde wetenskaplike beginsels, soos beskryf in die Regulasies oor Geraasbeheer wat kragtens die Wet op Omgewingsbewaring, 1989, gepromulgeer is (*noise level*);

gesin:
(i) 'n individu wat 'n eie huishouding onderhou, of
(ii) twee of meer persone wat deur geboorte of huwelik aan mekaar verwant is en wat 'n gemeenskaplik huishouding onderneem, of
(iii) nie meer nie as vyf nie-verwante persone wat saam huishou (*family*);

grens van 'n erf: een van die kadastrale lyne wat sodanige grond skei van 'n ander erf of van 'n publieke straat of pad (*boundary*);

groepbehuising en "groepbehuisingskema": 'n groep aparte en/of aaneengeskakelde wooneenhede waar elke wooneenheid 'n grondvloer het, beplan, ontwerp en gebou is as 'n aaneenlopende argitektoniese eenheid, en wat om of binne 'n gemeenskaplik oopruimte gerangskik is met 'n mate van ordelike afwisseling, en sodanige wooneenhede kadastraal verdeel mag word (*group housing*);

groepbehuising-perseel: een of meer grond-eenhede waarop 'n groepbehuisingskema of aftreedorp opgerig mag word (*group housing site*);

groephuis: 'n woonhuis wat deel vorm van 'n groepbehuisingskema (*group house*);

groeperf (of groephuis erf): grond in 'n groepbehuisingskema waarop een groephuis gebou kan word (*group erf*);

grond: 'n stuk grond met of sonder verbeteringe, insluitend grond wat met water bedek is (*land*);

grondeenheid: 'n gedeelte grond wat geregistreer is of geregistreer kan word in 'n akte register en het dieselfde betekenis as "erf" (*land unit, erf*);

grondgebruiksone: 'n area op die soneringskaart wat omlyn is en op 'n uitkenbare wyse aangedui is, met die oog daarop om die toegelate gebruik van die grond te identifiseer (*use zone*).

grondverdieping: die laagste vlak van 'n gebou, waarvan die basis die grondvloer is, maar dit sluit nie 'n kelder in nie, "eerste verdieping" het dieselfde betekenis (*ground storey, first storey*);

grondvloer: die laagste vloervlak van die laagste verdieping van 'n gebou met die voorbehoud dat:
(i) onderhewig aan (ii) hieronder, die vloervlak van die grondverdieping op geen punt meer as 1,5 m bo die laagste natuurlike vlak van die grond onmiddellik langs die gebou mag strek nie;
(ii) enige grondverdieping met 'n vloervlak hoër as die hoogte aangedui in (i) hierbo, beskou word as deel van twee verdiepings wat beide die grondverdieping en die volgende verdieping, die tweede verdieping, insluit,
en "eerste vloer" het dieselfde betekenis (*ground floor, first floor*);

grondvlak: 'n denkbeeldige vlak wat ooreenstem met die reguit lyn tussen die hoogste en laagste natuurlike hoogtes van die grond onmiddellik langs 'n gebou, en om hoogte vas te stel mag dit beskou word as 'n vlak wat die buitenste rande van 'n gebou omlyn. Sien ook "natuurlike grondvlak" (*grade line*);

Grondwet: die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);

helling: die graad waartoe 'n oppervlakte van die horisontale afwyk, wat gewoonlik uitgedruk word as 'n verhouding en wat vir die doel van hierdie regulasies as volg uitgewerk word (*slope*):

$$\text{Helling} = 1 \text{ in } \frac{\text{Horisontale afstand}}{\text{Vertikale styging}}$$

hersonering: die aanpassing van 'n soneringskema kragtens die Beplanningswet om die sonering vir 'n bepaalde erf of erwe te verander (*rezoning*);

heuwelagtige gebied: 'n gebied met 'n helling van 1 in 5 of steiler (*hillside area*);

hierdie regulasies: hierdie soneringsregulasies wat deur die Raad volgens die Beplanningswet goedgekeur is (*this by-law*);

hinderbedryf: 'n afstootlike, giftige of potensieel-nadelige bedryf, gebruik of aktiwiteit wat vanweë gasse, uitlatings, reuk, vibrasie, lawaai, afvalprodukte, aard van die grondstof, prosesse wat gevolg word, of ander redes, deur die Raad as 'n moontlik bron van gevaar, oorlas of steurnis vir die breë publieke of vir mense in die omliggende gebied beskou word, en dit sluit 'n opsigterswoning in (*noxious trade*);

hoofpad: 'n publieke straat wat as hoofstraat gedefinieer word kragtens artikel 4 van die Ordonnansie op Paaie (Ordonnansie 19 van 1976) (*main road*);

hoogte (van 'n gebou): die loodregte afmetings van 'n gebou van die grondvlak na die hoogste punt van die gebou, gemeet in meter of die aantal verdiepings, met die voorbehoud dat:

(i) die hoogtebeperkings wat vir verdiepings geld, nie vir dakke, koepels, skoorstene, skoorsteentoppe, maste en antennas geld nie, en

(ii) hyser-enjinkamers, satellietskottels, lugskagte, water tenks, lugreëling-apparaat en -toerusting bo-op 'n gebou as 'n verdieping beskou word, tensy dit binne die dakholte ingesluit is of agter 'n borswering van nie meer nie as 2,0 m hoog weggesteek is, in welke geval dit as deel van die boonste verdieping beskou word (*height*);

hospitaal: 'n fasiliteit ontwerp as 'n integrale kompleks vir die diagnosering, versorging en behandeling van menslike siektes, en wat inwoningsgeriewe vir pasiënte insluit (*hospital*);

hotel: grond gebruik as tydelike huisvesting vir vlottende gaste, waar losies en etes verskaf word, en wat verwante konferensie- en vermaaklikheidsgeriewe mag insluit wat ondergeskik en bykomend is tot die oorheersende gebruik van die grond as hotel; tesame met die perseel wat gelisensieer is om alkoholiese drank vir gebruik op die grond te verkoop, maar wat nie 'n buiteverkope insluit nie, en "gelisensieerde hotel" het dieselfde betekenis (*hotel*);

huis: het dieselfde betekenis as "woonhuis";

huistaverne: 'n saak wat in 'n woonhuis of buitegebou deur die bewoner van die huis bedryf word om alkoholiese drank te verkoop, en wat die gebruik van alkoholiese drank op die grond deur klante mag insluit, met die voorbehoud dat die oorheersende gebruik van die betrokke woonhuis die huisvesting van 'n enkele gesin bly, en die voorwaardes vir 'n huistaverne in hierdie regulasies wel nagekom word (*house tavern*);

huisvesting vir landbou-werknemers: 'n privaat gehuggie van beperkte grootte opgerig en bestuur as wettige instelling, of behuising bestuur deur middel van 'n wetlike ooreenkoms, in 'n landbou of landelike gebied, en waarin bewoning beperk is tot *bona fide* werknemers en hulle afhanklikes op plase, in bosbou, of op bewaringsgebiede (*accommodation for rural employees*);

huisvesting van loseerders: dieselfde as "verhuur van kamers";

huiswinkel: die bedryf van 'n kleinhandelsaak in 'n huis of buitegebou deur een of meer van die bewoners van die betrokke woonhuis, met die voorbehoud dat die oorheersende gebruik van die betrokke woonhuis die huisvesting van 'n enkele gesin bly, en dat en die voorwaardes vir 'n huiswinkel in hierdie regulasies wel nagekom word (*house shop*);

in die pers publiseer: om 'n kennisgewing in sodanige koerant of koerante te publiseer waarop die Munisipale Bestuurder oor tyd mag besluit, of in die Provinsiale Koerant, of in beide 'n koerant of koerante soos hierbo aangedui en die Provinsiale Koerant, en "bekendmaak in die pers" het 'n ooreenstemmende betekenis (*publish in the press*);

ingangstrappe en –portale: trappe en trapportale van 'n gebou, insluitende enige lae mure en reëlings, as sodanige trappe en portale nie binne die hoof-omsluitende mure van die gebou is nie (*entrance steps and landings*);

ingenieursdienste: infrastruktuur vir die voorsiening van water, elektrisiteit, riolering, stormwater-verwydering, strate, paaie en voetganger wandelgange, insluitend alle verwante dienste en apparaat (*engineering services*);

inrigting: grond wat as 'n maatskaplike, gesondheid- of welsyn-fasiliteit, of vir die administreer daarvan, gebruik word, en wat insluit 'n hospitaal, kliniek, ouetehuis, of tehuis vir verarmdes of gestremdes, verbeterskool of detensieplek, hetsy kommersieel of as liefdadigheid bedryf, maar wat nie 'n tronk insluit nie (*institution*);

intensiewe boerdery met diere: die intensiewe teel, voer en aanhou van diere of pluimvee binne hokke van 'n beperkte grootte, vir handelsdoeleindes (*intensive animal farming*);

intensiewe plantverbouing: die verbou van plante onderdak of in glaskaste, vir handelsdoeleindes (*intensive horticulture*);

kadastrale lyn: 'n lyn wat die amptelike grens van 'n erf verteenwoordig soos dit geregistreer is in die Aktekantoor, of as 'n inskrywing op 'n diagram of algemene plan wat deur die Landmeter-Generaal goedgekeur is (*cadastral line*);

kampeerterrein: grond of gedeelte daarvan waarop tente of woonwaens gebruik word vir die tydelike huisvesting van besoekers, en sluit in was-, kook- en ander geriewe vir die gebruik van sodanige besoekers (*camping site*);

kantgrens: 'n grens van 'n erf wat nie die straatgrens of die agterste grens is nie (*side boundary*);

kantoorpark: 'n groep kantoorgeboue wat as 'n harmonieuse argitektoniese eenheid ontwerp en gebou is binne 'n versierde landskap, wat ook die gedeelde gebruik en bestuur van geriewe soos paaie, dienste, toegangsbeheer of gemeenskaplike grond behels (*office park*);

kantore: grond wat gebruik word vir die uitvoer van administrasie of die bedryf van 'n onderneming wat hoofsaaklik gemoeid is met administratiewe, klerklike, finansiële of professionele pligte, en dit sluit 'n poskantoor en landdroskantoor in (*offices*);

kelder: die ruimte binne 'n gebou tussen die vloer en plafon wat gedeeltelik of in sy geheel onder grondvlak lê, met die voorbehoud dat 'n kelder beskou sal word as 'n verdieping vir die doel van hoogte-meting waar enige deel daarvan meer as 1,0 m bokant die laagste vlak van die onmiddellik omringende grond om die gebou uitsteek; "kelderverdieping" het dieselfde betekenis (*basement*);

kliniek: 'n inrigting waar pasiënte mediese behandeling of medies-verwante raad ontvang, en mag insluit 'n mediese sentrum, 'n buitepasiënte-sentrum of 'n gesondheidsentrum met verwante gebruike, met die voorbehoud dat die kliniek nie inwoningsgeriewe vir meer as twintig persone sal verskaf nie, insluitend pasiënte en personeel (*clinic*);

kolumbarium: 'n plek, muur van herinnering of gedenkmuur met nisse vir die bewaring van menslike as (*columbarium*);

dakgeplaasde en of vrystaande basis-telekommunikasiestasie: 'n fasiliteit wat insluit 'n hoë mas, vir die uitsend en/of ontvangs van elektromagnetiese golwe, en sluit in 'n televisie-, radio- of selfoon-kommunikasie-toring (*commercial antenna*);

kommersiële hondehokke: geriewe vir huisvesting van honde, katte en soortgelyke huisdiere, en sluit in kommersiële teel-hokke, loseer-hokke, troeteldier-hotelle en sentrums vir die opleiding van honde (*commercial kennel*);

konferensiesentrum: 'n vergaderplek met of sonder oornag-verblyf, wat ook maaltye verskaf, wat die normale bykomende bedrywigheid is van 'n primêre funksie soos 'n hotel of 'n restaurant en waar boubeperkings dié sal wees van die primêre funksie, behalwe dat bykomende parkering vereis mag word (*conference centre*);

korrektiewe inrigting: 'n gebou waar kinders volgens 'n hofbevel gehuisves en opgelei word, en sluit in 'n verbeterskool, detensie-plek of bedryfskool, hetsy privaat of publiek, maar sluit nie 'n tronk in nie (*correctional institution*);

krematorium: 'n gebou waar lyke tot as verbrand word en sluit geriewe in vir verwante gedenkdienste en administratiewe gebruike (*crematorium*);

kweekhuis: 'n struktuur met kante hoofsaaklik van deurskynende materiaal soos glas, perspex of plastiek, wat gebruik word om plante te kweek in 'n gekontroleerde omgewing (*green house*);

kwekery: grond wat vir die verkoop van plante, tuinprodukte en tuingereedskap gebruik word (*plant nursery*);

laaiplek: 'n oppervlakte van nie minder nie as 4,5 m x 7,5 m, wat duidelik afgemerk word vir die op- en aflaai van goedere in en uit handelsvoertuie. Die laaiplek moet toegang tot 'n publieke straat vir voertuie tot bevrediging van die Raad hê (*loading bay*);

landbou: die verbou en/of gebruik van grond vir oeste en plante, of die aanhou en teel van diere, of die bedryf van 'n wildplaas, insluitend intensiewe gebruik van die natuurlike veld of grond, en sluit slegs dié bedrywighede en geboue in wat redelikerwys met die hoof boerdery-aktiwiteite geassosieer is, maar dit sluit 'n landbounywerheid uit (*agriculture*);

landbounywerheid: 'n bedryf wat landbou-produkte verwerk waar hierdie produkte gekweek of voortgebring word, en waar die verwerking noodwendig na aan die punt van produksie moet plaasvind vanweë die aard, bederfbaarheid of broosheid van sodanige landbouprodukte, en sluit onder andere 'n wynkelder en plaas-pakstore in, maar nie diensbedrywe nie (*agricultural industry*);

landgoed-behuising: 'n harmonieus ontwerpte en geboude behuising-ontwikkeling, wat bestaan uit afsonderlike, geskakelde of gegroepeerde wooneenhede:

(i) wat een of meer bepalende kenmerke insluit, soos, of soortgelyk aan, 'n gholfbaan, perdry fasiliteit, 'n natuurbewaringsgebied, of 'n landbougebied toegewy aan die produksie van 'n spesifieke landbouproduk, insluitende die fasiliteite wat normaalweg met die bepalende kenmerk gepaard gaan;

(ii) waar die huisvesting verhuur kan word of afsonderlik vervreem kan word deur middel van tyddeel, deeltitelverdeling, die verkoop van blokaandele of die onderverdeling van die grond;

(iii) dat 'n eienaarsvereniging gestig word; en

(iv) die grond waarop die bepalende kenmerk of kenmerke geleë is, in besit van die eienaarsvereniging is *(estate housing);*

landmetersertifikaat: 'n sertifikaat wat deur 'n professionele landmeter uitgereik word wat die grense van grond aandui (*land survey certificate*);

landskapering: die plant of plaas van plante, die omvorming van grond en installeer van buitelug-fasiliteite soos wandelpaaie en plaveisel, om die estetiese aangenaamheid, skoonheid van 'n uitsigpunt af gesien, of die geaardheid en waarde van grond te beskerm en verhoog, sowel as om geraas, stormwater-afloop, lugbesoedeling, hinderlike uitsigte, of lig-hindernis te help verminder (*landscaping*);

landskapering-plan: 'n plan wat die gedetailleerde voorstelle vir verfraaiing, insluitend wandelpaaie, plaveisel, beplanting, water-versierings, ontspanningsgebiede, ingenieursdienste en enige ander sodanige grondgebruike aandui (*landscape plan*);

loseerder: iemand wat huurgeld vir 'n slaapkamer binne 'n ander persoon se wooneenheid betaal (*lodger*);

losies: huisvesting in 'n slaapkamer wat teen betaling beskikbaar gestel word, en dienste wat normaalweg met sodanige huisvesting gepaard gaan (*lodging*);

losieshuis: het dieselfde betekenis as "woongebou"; (*boarding house*);

lugregte: die ontwikkel van 'n afgebakende ruimte bokant of onder 'n publieke straat, spoorweg of ander vervoergebruik, en die toebedeel van sodanige regte vir sodanige doeleindes (*air rights*);

maksimum-vloeroppervlakte: die grootste totale vloeroppervlakte wat vir 'n gebou of geboue op 'n erf toegelaat word. Sodanige vloeroppervlakte word bereken deur die vloerfaktor met die netto-oppervlakte van die erf, of van dié deel van die erf wat binne 'n bepaalde sone val, te vermenigvuldig, met die voorbehoud dat, waar die erf binne twee of meer sones met verskillende vloerfaktore val, die maksimum vloeroppervlakte vir die erf as geheel die totaal is van die maksimum vloeroppervlakte van elke deel van die erf (*maximum floor space*);

mediese spreekkamers: 'n gebou wat nie 'n hospitaal of kliniek is nie, wat gebruik word vir mediese konsultasie vir mense, of vir medies-verwante konsultasie, ondersoeke of behandeling, maar wat nie inwoning insluit nie (*medical consulting rooms*);

mobiele woning: vervoerbare, fabriekvervaardigde strukture met die nodige dienstekoppelings, wat ontwerp is om as permanente huisvesting te dien (*mobile home*);

motel: 'n hotel wat spesifiek vir die gerief van motoriste ontwerp is en dit sluit in die voorsiening van parkeergeriewe (*motel*);

motorafdak: die oordekte struktuur vir die huisves van motor-voertuie, wat oop is aan die ingang-kant en aan minstens een ander kant (*carport*);

motorhuis: 'n gebou vir die berg van motorvoertuie, maar sluit nie 'n motorherstelwerke of diensstasie in nie (*garage*);

motorvoertuig: 'n voertuig wat ontwerp is of gebruik word vir vervoer met 'n binnebrand- of elektriese enjin, en dit sluit in motorfiets, motor-sleepwa of -woonwa, maar dit sluit nie voertuie in wat slegs op spore loop nie (*motor vehicle*);

motor-wasbedryf: 'n gebou of struktuur wat toegerus is met meganismes vir die was van motorvoertuie (*carwash*);

Munisipale Bestuurder: die Munisipale Bestuurder van die Raad, of 'n amptenaar met gedelegeerde gesag, wat die verpligting dra om hierdie regulasies toe te pas (*Municipal Manager*);

munisipaliteit: die Munisipaliteit wat jurisdiksie het oor grond waarna verwys word in hierdie regulasies, asook oor die geografiese area waarbinne die grond geleë is (*municipality*);

mynbedryf: die proses van uithaal, myn, ontgin of uitgrawe van rou materiale uit die grond, insluitend gruis, sand en klip, en sluit 'n vergruisings-installasie in asook geboue wat met sodanige bedrywighede verband hou, en "ontginningsbedryf" het 'n soortgelyke betekenis (*mining, extractive industry*);

Nasionale Wet op Bouregulasies: die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) (*National Building Act*);

Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998);

natuurbewaring: die gebruik en bestuur van grond met die doel om die natuurlike biofisiese eienskappe van sodanige grond, soos die flora en fauna, te bewaar, maar dit sluit nie toeriste-geriewe in nie (*nature conservation*);

natuurlike grondvlak: die onversteurde vlak van die grondoppervlakte op 'n erf, of soos dit met toestemming van die Raad vir ontwikkeling gelykgemaak of afgeskuins is, met die voorbehoud dat:

(i) enige afskuinsing vir ontwikkeling moet gelykmatig aansluit met bestaande grondvlakke van naasliggende grond-eenhede;

(ii) waar grond uitgegrawe word, die uitgegraafde vlak as die natuurlike vlak van die grond beskou word;

(iii) waar dit weens ongelykhede of omdolwing van die grond onmoontlik is om die natuurlike grondvlak vas te stel, die Raad 'n vlak moet bepaal, om hierdie regulasies te kan uitvoer;

(iv) waar die grond uitgegrawe is en die uitgegraafde materiaal gebruik word om 'n bouperseel op te vul (sny om te vul), die Raad 'n vlak moet definieer, om hierdie regulasies te kan uitvoer (*natural level of the ground*);

natuurreservaat: 'n nasionale of provinsiale park of ander park wat òf in besit is van 'n publieke owerheid, òf wat kragtens wetgewing as sodanig verklaar is maar in privaatbesit bly; dit bestaan uit 'n gebied wat as wildpark of reservaat vir die bewaring van flora en fauna in hulle natuurlike habitat benut word, maar dit sluit nie huisvestingsgeriewe vir toeriste en vakansiegangers in nie (*nature reserve*);

netto-erfoppervlakte: die totale oppervlakte van 'n erf, uitsluitend alle grond wat uitgehou word vir publieke strate, paaie of padverbreding (*nett erf area*);

nutsdienste: 'n gebruik of infrastruktuur wat nodig is om ingenieurs- en gepaardgaande dienste te voorsien vir die effektiewe funksionering van stedelike gebiede, en sluit in water reservoirs, en water suiweringswerke, elektriese substasies en transmissielyne, rioolwater pompstasies en suiweringswerke, maar sluit nie paaie, vervoergebruik en parkering in nie (*utility usage*).

nywerheid: grond wat volgens die Raad se oordeel as 'n fabriek gebruik word en waarbinne:
(i) 'n artikel of deel van 'n artikel gemaak, vervaardig, voortgebring, gebou, aanmekaargesit, saamgestel, gedruk, versier, verwerk, behandel, aangepas, herstel, hernu, herbou, geverf (insluitend spuitverwery), gepoleer, afgewerk, skoongemaak, gekleur, gewas, opgebreek, afgetakel, gesorteer, verpak, verkoel, bevries of in koelkaste gestoor word, of
(ii) krag opgewek word vir die prosesse in (i) hierbo genoem;
nywerheid sluit in die kantore, opsigter se woning of ander gebruike wat ondergeskik en bykomend is tot die gebruik van die grond as fabriek, maar wat nie 'n hindernis- of risikobedryf insluit nie (*industry*);

nywerheidskorf: 'n kompleks van eenders-ontwerpte geboue wat 'n mengsel van kleinhandel- en vervaardigingsbedrywighede insluit, wat ordelik om gemeenskaplike ruimtes wat kan insluit gemeenskaplike parkering en toegang, gerangskik is (*industrial hive*);

omgewingsbestuurplan: 'n werkplan wat versagtende, rehabiliterende en monitering-maatreëls tref en koördineer om die implementering van 'n voorstel, en sy lopende onderhoud na implementering, te rig (*environmental management plan*);

omgewingsimpakstudie: 'n verslag oor die impak op die omgewing van 'n bepaalde voorgestelde projek of bedrywighede, en sodanige verslag moet voldoen aan die vereistes wat deur die Raad vir omgewingsimpakstudies neergelê is (*environmental impact assessment*);

onderverdeel (in die konteks van grond): om grond te verdeel, hetsy deur:
(i) landmeting;
(ii) die toebedeling, met die oog op aparte registrasie van grond-eenhede, van onverdeelde dele daarvan op watter wyse ookal, of
(iii) die voorbereiding daarvan vir sodanige onderverdeling (*subdivide*);

onderverdelingsgebied: grond wat gesoneer is op 'n wyse wat voorsiening maak vir onderverdeling soos uiteengesit in die Beplanningswet (*subdivisional area*);

onderverdelingsplan: 'n plan wat die voorgeskrewe inligting uitbeeld, insluitend maar sonder om daartoe beperk te word, die relatiewe plasing van voorgestelde onderverdeelde erwe, publieke plekke en publieke strate, op 'n erf wat onderverdeel gaan word (*subdivision plan*);

ontginningsbedryf: dieselfde betekenis as "mynbedryf" (*extractive industry*);

ontwikkelingsraamwerk: dieselfde betekenis as "ruimtelike ontwikkelingsraamwerk"

ontwikkelingsreëls: die reëls vir ontwikkeling wat van toepassing is kragtens hierdie regulasies wat die tipe en toelaatbare graad van gebruik of ontwikkeling van grond in 'n sone voorskryf, en "reëls vir ontwikkeling", "voorwaardes van ontwikkeling", en "ontwikkelingsvoorwaardes" het dieselfde betekenis (*development rules*);

oorhang: 'n hangdak, plaat of bedekking (wat nie die vloer van 'n balkon is nie) wat uitsteek van die muur van 'n gebou af (*canopy*);

oorheersende gebruik: die mees opvallende gebruik van grond, en dit mag insluit primêre of vergunningsgebruike op grond (*dominant use*);

oorlegsone: 'n soneringskategorie wat van toepassing is op 'n bepaalde gebied of erf, wat ontwikkelingsreëls voorskryf vir daardie gebied of erf, wat bykomend is tot die ontwikkelingsreëls van die onderliggende sonering of basis-sone, en dit mag insluit parameters vir die beperking of beheer van vergunningsgebruike, onderverdeling, stedelike vernuwing, beskerming van erfenisbronne, natuurbewaring of enige ander doel, soos in hierdie regulasies vervat; 'n oorlegsone mag verdere ontwikkelingsreëls in 'n bepaalde gebied of sone byvoeg, wat meer of minder beperkend kan wees as vir erwe wat nie deur die oorlegsone gedek word nie; en "oorlegsonering" het 'n ooreenstemmende betekenis (*overlay zone*);

oorskrydings-ooreenkoms: 'n ooreenkoms tussen 'n eienaar en die Raad oor die oorskryding van dele van 'n gebou of struktuur van die eienaar se grond op of oor die grond van die Raad (*encroachment agreement*);

openbare garage: 'n saak of onderneming waar motorvoertuie teen vergoeding van brandstof voorsien word en dit sluit in die herstel of versien van motorvoertuie, spuitverwery, paneelklop, ystersmee en 'n diensstasie (*motor repair garage*);

openbare owerheid: 'n staatsdepartement, munisipaliteit of instelling van die staat of Provinsiale Administrasie (*public authority*);

opgradeerbare behuising: 'n woongebied waarin die meerderheid van die wonings uit informele strukture bestaan (*incremental housing*);

oprigting (in verband met 'n gebou of struktuur) sluit in:
(i) die bou van 'n nuwe gebou of struktuur;
(ii) aanpassings of veranderinge van, of aanbouings tot, 'n gebou of struktuur, en
(iii) die heropbou van 'n gebou wat gedeeltelik of in sy geheel afgebreek is,
en "oprig" het 'n ooreenstemmende betekenis (*erection*);

Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning: Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ord. 15 van 1985) van die Wes-Kaapprovinsie;

owerheidsgebruik: 'n gebruik wat deur of vir 'n openbare owerheid uitgevoer word, met sodanige eienskappe dat dit nie onder ander gebruike in hierdie regulasies geklassifiseer of gedefinieer kan word nie, insluitend gebruike deur:

(i) die Staat, soos militêre opleidingsentrum en –installasie, polisie-stasie, korrektiewe inrigting of tronk;

(ii) die Provinsiale Regering, soos 'n padstasie en padkamp;

(iii) die Raad, soos brandweerdienste, riool-suiweringswerke, afvalbeheer-perseel, kompostering-installasie, of watersuiweringswerke met die daarmee gepaardgaande gebruike (en beperkte behuising vir personeel wat op noodwag is), of

(iv) 'n openbare nutsdiens, soos 'n telekommunikasie-aanleg (*authority usage*);

pad: sluit beide publieke straat en privaatpad in (*road*);

pakhuis: 'n gebou wat hoofsaaklik gebruik word vir die stoor van goedere, behalwe goedere wat afstootlik of gevaarlik is, en dit sluit grond in wat hoofsaaklik gebruik word vir groothandel besigheid, maar sluit uit 'n besigheid wat hoofsaaklik kleinhandel behels (*warehouse*);

pansteel: 'n smal deel van grond wat skakeling met die straat verskaf, met 'n minimum wydte wat deur die Raad bepaal sal word en "pypsteel" het dieselfde betekenis (*panhandle*);

parkeerplek: 'n oppervlakte van nie minder nie as 5,0 m by 2,5 m vir loodregte parkering en 6,0 m by 2,8 m vir parallelle parkering, wat duidelik omlyn en afgemerk is vir die parkeer van een motor-voertuig en wat tot bevrediging van die Raad toeganklik is (*parking bay*);

plaasstal: 'n gebou op 'n plaas met 'n vloeroppervlakte van nie groter is as 100 m^2, insluitend stoorruimte, waar 'n boer produkte wat op sy plaas voortgebring en geprosesseer is, aan die breë publiek verkoop (*farm stall*);

plaaswinkel: 'n gebou op 'n plaas met 'n vloeroppervlakte van nie groter is as 100 m^2, insluitend stoorruimte, waar die boer goedere verkoop, hetsy aan sy werknemers of die breë publiek (*farm shop*);

plek van aanbidding: 'n kerk, sinagoge, moskee, tempel, kapel of ander plek vir die beoefening van geloofspraktyke of godsdiens, en dit sluit in enige geboue en wonings wat daarmee gepaard gaan, maar dit sluit nie 'n begrafnisonderneming, begraafplaas of krematorium met verwante kapel in nie (*place of worship*);

plek van onderrig: bewaarskool, pre-primêre skool, hoër skool, kollege, tegniese inrigting, universiteit, navorsingsinstituut, klooster, openbare biblioteek, publieke kunsgalery, museum of ander onderrigsentrum, en dit sluit 'n gepaardgaande hostel in, maar dit sluit 'n korrektiewe inrigting of tronk uit (*place of instruction*);

Premier: die Premier van die Wes-Kaapprovinsie (*Premier*);

prieel: enige onbedekte horisontale, of naasteby horisontale rooster of raamwerk bokant kophoogte, waarvan die oppervlakte in die horisontale projeksie van die soliede gedeeltes daarvan nie meer is as 25% van sy totale oppervlakte is nie (*pergola*);

primêre gebruik (in verband met grond of geboue): enige gebruik wat in hierdie regulasies as primêre gebruik aangedui word, dit wil sê, 'n gebruik wat toelaatbaar is sonder dat die Raad se toestemming vooraf verkry moet word (*primary use*);

primêre verspreider-pad: 'n publieke straat wat deur die Raad tot primêre verspreider-pad verklaar is (*primary distributor road*);

privaat oopruimte: enige grond wat in privaatbesit is of sal wees, of munisipale grond op 'n langtermyn-huurkontrak, met of sonder toegangsbeheer, wat primêr as 'n privaat sport, speel-, rus- of ontspanningsterrein gebruik word, of as 'n park, tuin, speelarea of natuurbewaringsgebied, en dit sluit "gemeenskaplike oopruimte" in (*private open space*);

privaatpad: grond wat in privaatbesit is en nie die Raad of enige ander openbare owerheid toeval nie, wat uitgehou word vir die deurgang of parkering van motorvoertuie (*private road*);

privaat parkering: grond wat uitsluitlik vir parkeer-doeleindes gereserveer word, as sodanige parkering nie normaalweg vir die breë publiek toeganklik is nie (*private parking*);

professionele gebruik: 'n gebruik wat normaalweg en redelikerwyse geassosieer word met 'n professie soos geneeshere, tandartse, argitekte, ingenieurs en stadsbeplanners, waar dienslewering, in teenstelling met handeldryf, een van die onderskeidende faktore is (*professional usage*);

publieke oopruimte: grond wat aan die Raad of enige ander openbare owerheid behoort of sal behoort, wat nie op die langtermyn uitverhuur word nie, en wat vir die publiek opsygesit word as 'n oopruimte, park, tuin, piekniekterrein, speelgrond of plein, of vir natuurbewaring (*public open space*);

publieke parkering: grond wat teen 'n fooi of gratis toeganklik is vir die breë publiek om op te parkeer (*public parking*);

publieke plek: enige grond wat op 'n goedgekeurde plan aangedui word as 'n publieke plek en waarvan die besitreg die Raad kragtens die Beplanningswet of kragtens enige ander wet toeval (*public place*);

publieke steurnis: enige daad, versuim of toestand wat, volgens die Raad se mening, hinderlik of nadelig is of 'n gesondheidsgevaar inhou, wat opmerklik die gewone gemak, gerief, vrede of stilte van die publiek aantas, of wat die veiligheid van die publiek negatief raak met betrekking tot:

(i) die redelikheid van die betrokke bedrywighede in die onderhawige gebied, en die impak van sodanige bedrywighede, en
(ii) enige geraasvlakke wat op enige wettige wyse voorgeskryf word vir 'n erf of gebied (*public nuisance*);

publieke straat: enige grond wat op 'n goedgekeurde plan, diagram of kaart aangedui word as afgesonder vir die publieke deurgang van voertuie en voetgangers, en waarvan die besitreg die Raad kragtens die Beplanningswet of kragtens enige ander wet toeval (*public street*);

Raad: die Raad van Theewaterskloof Munisipaliteit, en sluit in die Munisipale Bestuurder, 'n komitee of 'n amptenaar, waar die komitee of amptenaar gedelegeerde gesag ontvang om 'n saak namens die Raad te besluit (*Council*);

register: die dokument wat deur die Raad bygehou word waarop alle afwykings, vergunningsgebruike, terreinontwikkelingsplanne, voorwaardes vir grondgebruike of die ontwikkelingsreëls vir 'n spesiale sone aangeteken word (*register*);

restaurant: 'n handelsaak waar etes en drank vir betalende klante vir gebruik op die grond voorberei en bedien word, en dit mag die gelisensieerde verskaf van alkoholiese drank vir gebruik op die grond insluit (*restaurant*);

risikobedryf: 'n onderneming waar die stowwe wat geprosesseer word, of die prosesse, vinnige ontbranding kan veroorsaak, of gifgasse kan vrylaat, of ontploffings kan veroorsaak, en dit sluit in bedrywighede wat gevaarlike en skadelike stowwe produseer wat kragtens nasionale wetgewing beheer word (*risk activity*);

ruimtelike ontwikkelingsraamwerk: 'n plan soos omskryf in artikel 26(e) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) (*spatial development framework*);

ry-huise: 'n gebou met drie of meer woon-eenhede wat vas aanmekaar gebou is, met elke wooneenheid op sy eie erf, en elk met sy eie direkte toegang tot die straat (*row-housing*);

ry-huis: 'n wooneenheid op sy eie erf in 'n ry-huis skema (*row-house*);

ryskool: 'n plek of onderneming waar perde uitgehuur word en perdrylesse teen vergoeding verskaf word, en dit sluit die versorging en huisvesting van sodanige perde in (*riding school*);

sakeperseel: 'n gebou of grond waar sake gedoen word en sluit in 'n winkel, kantoor, finansiële instelling en 'n gebou vir soortgelyke gebruike, maar sluit nie in 'n vergaderplek, ontspannings-plek, inrigting, diensstasie, openbare garage, nywerheid, nywerheidskorf, hinderbedryf, risikobedryf, restaurant, volwasse vermaakbedryf of drankwinkel in nie (*business premises*);

satelliet skottel-antenna: 'n apparaat wat kommunikasie via satelliet kan ontvang of uitsend (*satellite dish antenna*);

sektorale plan: enige geskrewe strategie of plan wat hoofsaaklik een van die sektore of elemente of afsonderlike onderwerpe wat deel van 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan uitmaak, behandel en wat 'n ekonomiese, grondhervormings-, natuurbewarings-, behuisings-, water-, dienste- of vervoerplan mag behels (*sectoral plan*);

skakelhuis: 'n wooneenheid in 'n gebou wat bestaan uit twee woon-eenhede wat vas aan mekaar gebou is, elk op sy eie erf, en elk met 'n eie direkte toegang tot die straat (*semi-detached dwelling*);

skrootwerf: grond wat gebruik word vir een of meer van die volgende gebruike:
(i) die berg, aflaai of versamel van uitskot of afval-materiaal of artikels waarvan die waarde slegs of byna volledig afhang van die waarde van die grondstowwe daarvan;
(ii) die aftakel van gebruikte voertuie of masjinerie om die onderdele of grondstowwe te herwin;
(iii) die berg of verkoop van gebruikte onderdele, pale, metaal, draad, afvalhout, buitebande, bakstene, houers of ander artikels wat geskik is om in die buitelug geberg te word sonder enige ernstige skade (*scrapyard*);

skuiling: 'n huisvesting-eenheid wat bedoel is vir menslike bewoning wat gebou is van enige materiaal hoegenaamd, al voldoen sodanige materiaal nie aan die standaarde van duursaamheid wat deur die Nasionale Wet op Bouregulasies beoog word nie (*shelter*);

slagpale: 'n plek waar lewende hawe of pluimvee geslag en vir verspreiding aan slaghuise en voedselwinkels voorberei word (*abattoir*);

sone: grond wat deur 'n soneringskema vir 'n bepaalde sonering afgesonder is, ongeag of dit een of meer grond of 'n deel van grond omvat (*zone: noun*)

soneer (met betrekking tot grond): om die grond vir 'n bepaalde sonering af te sonder (*zone: verb*)

sonering regulasies: het dieselfde betekenis as "hierdie regulasies" (*zoning regulation*).

sonering (wanneer dit as 'n selfstandige naamwoord gebruik word): 'n kategorie voorskrifte wat die doel waarvoor grond gebruik mag word en die grondgebruikbeperkings of ontwikkelingsreëls wat vir genoemde kategorie voorskrifte geld, uiteensit, soos bepaal in hierdie regulasies (*zoning: noun*);

soneringskaart: 'n goedgekeurde kaart of kaarte waarop die sones en grondeenhede ten op sigte van grond in die munisipale gebied aangedui word (*zoning map*);

soneringskema: 'n skema vir die sonering van grond wat deur die Raad goedgekeur is, en dit bestaan uit soneringskemaregulasies, 'n register, en, met of sonder 'n soneringskaart (*zoning scheme*);

spesiale gebruik: 'n gebruik wat sodanig is, of waarvan die ontwikkelingsreëls sodanig is, dat dit nie andersins in hierdie regulasies gedek word nie (*special usage*);

spoorlyn: parallelle staal spore vir die vervoer van treine, insluitende die grondreserwe en ander fasiliteite wat daarmee gepaard gaan (*railway line*);

stadsrand: die afgebakende lyn, wat nie noodwendig kadastrale grense volg nie, en die beleid wat daarmee gepaard gaan, wat ten doel het om die uitbreiding van die buitenste rand van die beboude gebied te beheer (*urban edge*);

statutêre natuurbewaring: grond wat as 'n gebied vir die bewaring van die natuur geproklameer is onder nasionale of provinsiale wetgewing, of onder 'n munisipale verordening (*statutory nature conservation*);

stedelike bewaring: die aanwending van die beboude omgewing om die historiese, estetiese en maatskaplike eienskappe te bewaar en volhoubaar te benut (*urban conservation*);

stoep: 'n oop geplaveide oppervlakte of vloer wat uitsteek buite en onmiddellik langsaan 'n gebou, op of laer as, die vlak van die gebou se grondvloer, en dit sluit in enige lae mure of heinings wat sodanige oppervlakte of vloer omsluit (*stoep*);

stortingsterrein: 'n plek waar, op wettige wyse, huishoudelike, handels- of industriële afvalprodukte gestoor, herwin, behandel of mee weggedoen word, en dit sluit in "sanitary infill", en waarvoor die nodige permit van die Departement Omgewingsake verkry is (*waste disposal site*);

straat in die konteks van voorwaardes oor straatboulyne, terugset, straatgrens, straathoeke, af-van-die-straat-parkering, toegang tot 'n perseel of laaivereistes, sluit 'n publieke straat en 'n privaatpad in (*street*);

straatgrens: die grens tussen 'n erf en 'n publieke straat of privaatpad (*street boundary*);

struktuur, sonder om sy gewone betekenis enigsins te beperk, sluit in enige gebou, skuiling, muur, heining, pilaar, prieel, trappies, trapportaal, terras, teken, argitektoniese versiering, swembad, brandstofpomp en ondergrondse tenk, en enige gedeelte van 'n struktuur (*structure*);

struktuurplan: 'n plan wat goedgekeur is kragtens artikel 4(6) of 4(10) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (*structure plan*);

teken: enige teken, geskrewe kennisgewing, muurskildery, grafiese ontwerp, kennisgewingbord, skerm, blinder, bekleding of enige ander wyse waarmee 'n advertensie of kennisgewing fisies ten toon gestel word, en dit sluit in enige advertensie of voorwerp, struktuur of middel wat self dien as advertensie of gebruik word om 'n advertensie te vertoon (*sign*);

telekommunikasie-infrastruktuur:

(i) enige deel van die infrastruktuur van 'n telekommunikasienetwerk vir radio/draadlose kommunikasie insluitend stem,data- en video-telekommunikasie, wat antennas kan insluit;

(ii) enige ondersteuningstruktuur, toerustingkamer, radiotoerusting en optiese kommunikasie-toerusting (laser of infrarooi) wat voorsien word deur die operateurs van sellulêre netwerke of enige ander telekommunikasievoorsieners, en

(iii) alle verbandhoudende strukture wat benodig word vir die bedryf van telkommunikasie- infrastruktuur, met dien verstande dat vesel-optiese installasies en punt-tot-punt koper (kabel) installasies uitgesluit word van hierdie definisie;

terras: 'n oppervlakte wat toeganklik is vir bewoners van 'n gebou, wat op 'n platdak geskep is oor deel van 'n verdieping, as die gevolg van die terugset van 'n deel van die gebou bokant sodanige verdieping (*terrace*);

terreinontwikkelingsplan: 'n plan wat die besonderhede van 'n voorgestelde ontwikkeling aandui, insluitend:

(i) bestaande bio-fisiese eienskappe van die grond;
(ii) die uitleg van die grond wat die gebruik van verskillende dele van die grond aandui;
(iii) die plasing, gebruik en omvang van geboue;
(iv) sketsplanne en aansigte van voorgestelde strukture, insluitend inligting oor hul buite-voorkoms;
(v) die uitleg en spesifikasies van voertuig-toegang, paaie, parkeergebiede en voetganger-paaie;
(vi) die plasing en omvang van privaat, publieke en gemeenskaplike oopruimte;
(vii) tipiese besonderhede van heinings of mure op die buitegrens van die erf en binne die grond;
(viii) kragtoevoer en voorgestelde buite-beligting;
(ix) voorsiening vir die afvloei van stormwater en riool, en die verwydering van afval;
(x) watertoevoer;
(xi) besonderhede van buite-kennisgewings;
(xii) breë voorstelle vir landskapering, insluitend plantegroei wat bewaar of verwyder moet word en plante wat geplant sal word;
(xiii) buite-plaveisel en maatreëls om buite-oppervlaktes te stabiliseer, waar toepaslik;
(xiv) die fasering van die ontwikkeling;

(xv) die verhouding van die voorgestelde ontwikkeling tot bestaande en afgewerkte grond oppervlakte, insluitend uitgrawings en opvulling;
(xvi) statistiese inligting oor die grootte van die voorgestelde ontwikkeling, toebedeling van vloeroppervlaktes en parkering, en
(xvii) enige ander detail wat die Raad redelikerwys mag vereis (*site development plan*);

terugset: die lyn wat die oppervlakte afmerk, gemeet van die middellyn van 'n bepaalde publieke straat, waarbinne geen gebou of ander struktuur, insluitend 'n grensheining, opgerig mag word nie (*setback*);

toeriste-geriewe: geriewe vir toeriste of besoekers, soos lesingsale, restaurante, geskenkwinkels, ruskamers of ontspanningsgeriewe, maar dit sluit 'n hotel of oornag slaapplek uit (*tourist facilities*);

toerustingkamer:
beteken 'n gebou vir die akkommodering van kommunnikasietoerusting wat verband hou met telekommunikasie-infrastruktuur — dit kan 'n aparte gebou wat uitsluitlik vir die toerusting gebruik word, wees of dit kan 'n houer, of 'n kamer binne 'n gebou wees;

totale vloeroppervlakte van 'n gebou: die som van die vloeroppervlaktes van al die verdiepings van daardie gebou, insluitend kelders (*total floor space*);

tronk: 'n plek waar persone wat skuldig bevind en tot aanhouding veroordeel is, of verhoorafwagtendes, aangehou word (*jail*);

tuisbedryf: die beoefen van 'n bedryf of nering, of van sake van 'n wooneenheid deur een of meer bewoners van die wooneenheid, met die voorbehoud dat die oorheersende gebruik van die betrokke wooneenheid nog die huisvesting van 'n enkele gesin bly, en die voorwaardes vir 'n tuisbedryf in hierdie regulasies wel nagekom word, en dit sluit professionele gebruik in (*home occupation*);

tussenvlak: 'n middelste verdieping in 'n gebou, veral 'n lae verdieping tussen die grond- en tweede verdiepings. Om hoogte te bepaal, word 'n tussenvlak as 'n verdieping beskou (*mezzanine*);

tweede verdieping: die verdieping onmiddellik bo die grondverdieping (*second storey*);

tweede woning: 'n wooneenheid wat met toestemming van die Raad op 'n erf waar 'n wettige woonhuis reeds staan, opgerig mag word, met die voorbehoud dat:
(i) hierdie regulasies dit aan die Raad opdra om sy toestemming te verleen vir die oprig van 'n tweede woning in die betrokke sone;
(ii) die tweede woning op dieselfde kadastrale eenheid as die woonhuis is;
(iii) die tweede woning 'n kleiner vloeroppervlakte as die woonhuis het;
(iv) die tweede woning voldoen aan die ander vereistes soos deur hierdie regulasies voorgeskryf (*second dwelling unit*);

tweede wooneenheid: het dieselfde betekenis as "tweede woning";

uitsigpad: 'n publieke straat wat deur die Raad tot uitsigpad verklaar word vanweë die aangename uitsig vanaf daardie pad, insluitend vergesigte van berge, oop landskap, of 'n dorp (*scenic drive*);

uitsigpad-korridor: al die grond binne 200 m aan weerskante van 'n uitsigpad, soos loodreg op die middellyn van die padreserwe gemeet (*scenic drive corridor*);

vakansie-akkommodasie: 'n harmonieus-ontwerpte en beboude ontwikkeling wat vir vakansies of ontspanning gebruik word, hetsy in privaat of publieke besit, wat:
(i) bestaan uit 'n enkele onderneming waar huisvesting verskaf word slegs met korttermyn-verhuring of tyddeel;
(ii) die voorsien van 'n kampeerterrein en mobiele woning-park mag insluit, en
(iii) 'n restaurant en binne- en buitenshuise ontspanningsgeriewe mag insluit, maar
(iv) nie 'n hotel insluit nie (*holiday accommodation*);

veranda: 'n bedekte area of vloer (maar nie 'n agterplaas of parkeerplek nie), wat buite en onmiddellik teenaan 'n gebou uitsteek, of laer as die grondvloer van die gebou is, en dit sluit in die vloer en die dak van so 'n area of enige ander bedekking, asook enige lae mure of relings wat die geplaveide area of vloer omsluit (*veranda*);

verantwoordelike owerheid: die Munisipaliteit of die Provinsiale Minister soos gemagtig in terme van die Ordonnansie om 'n aansoek te oorweeg of 'n funksie uit te voer, soos beoog in hierdie regulasies saamgelees met Hoofstuk II van die Ordonnansie;

verdieping: daardie deel van 'n gebou wat tussen die vlak van enige vloer en die vlak van die vloer daarbo, of, as daar geen vloer is nie, die plafon, met die voorbehoud dat:
(i) 'n kelder nie 'n verdieping uitmaak nie;
(ii) 'n dak, of 'n koepel as deel van 'n dak, nie as 'n aparte verdieping gereken word nie, tensy die dakruimte of binne-koepel ontwerp is of gebruik word vir menslike bewoning, in welke geval dit as 'n verdieping beskou word, en
(iii) enige verdieping wat hoër is as 3 m maar gelyk aan of minder as 6 m in hoogte, vir die doel van die hoogte meting as twee verdiepings gereken word, en elke bykomende 3 m of gedeelte daarvan ook as 'n bykomende verdieping beskou word (*storey*);

vergaderplek: 'n publieke saal, 'n saal vir openbare (sosiale) funksies, 'n musieksaal, konsertsaal, 'n saal vir tentoonstellings wat nie direk met 'n handelsonderneming verband hou nie, 'n stadsaal of burgersentrum (*place of assembly*);

vergunning: spesiale toestemming deur die Raad verleen, na behoorlike ondersoek van alle ter saaklike feite en nadat 'n redelike en wettige proses deurloop is, waarkragtens 'n spesifieke tipe grondgebruik of bedrywigheid toegelaat word, bykomend tot die primêre gebruiksregte wat geld vir die betrokke grond (*consent*);

vergunningsgebruik: die bykomende grondgebruik, of aanpassing van 'n ontwikkelingsreël, wat toegelaat word kragtens die voorwaardes van 'n bepaalde sone, wat slegs met toestemming van die Raad toegepas mag word (*consent use*);

verhuur van kamers: 'n woonhuis of tweede woning waarin die bewoner van die gebou huisvesting, met of sonder etes, teen vergoeding oor die langer termyn verskaf, met die voorbehoud dat:

(i) die oorheersende gebruik van die betrokke woonhuis steeds die huisvesting van 'n enkele gesin is, en

(ii) die grond verder voldoen aan die vereistes vir die verhuur van kamers;

en "huurkamers" het dieselfde betekenis (*accommodation for lodgers*);

verkeer-impakstelling: 'n uiteensetting van die aanvraag vir vervoer wat opgewek word deur 'n voorgestelde ontwikkeling in verhouding met die bestaande en beplande paaie, waar die ontwikkeling minder as 275 ritte per dag sal opwek, of die aantal daaglikse ritte met minder as 20% bo huidige vlakke sal verhoog (*traffic impact statement*);

verkeer-impakstudie: 'n studie van die aanvraag vir vervoer wat opgewek word deur 'n voorgestelde ontwikkeling in verhouding met die bestaande en beplande paaie, waar die ontwikkeling meer as 275 ritte per dag sal opwek, of die aantal daaglikse ritte met meer as 20% bo huidige vlakke sal verhoog (*traffic impact assessment*);

verklaarde pad: 'n pad wat kragtens die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ord. 19 van 1976) verklaar is (*declared road*);

vermaaklikheidsplek: teater, bioskoop, danssaal, pretpark, sportsentrum, biljartlokaal, skaatsbaan, speletjiesarkade of soortgelyke plekke (*place of entertainment*);

vertoon (in die konteks van 'n kennisgewingbord, sonder dat sy gewone betekenis enigsins ingekort word): sluit in die oprig van enige struktuur vir die stut van sodanige kennisgewing (*display*);

vervangingskema: 'n soneringskaart of ontwikkelingsvoorwaardes wat kragtens die Beplanningswet enige ander soneringskaart of gedeelte daarvan vervang, of wat 'n onderverdelingsgebied vervang soos kragtens die Beplanningswet bepaal (*substitution scheme*);

vervoergebruik: 'n vervoeronderneming wat berus op die voorsiening van 'n vervoerdiens en dit sluit in publieke en privaat ondernemings soos lughawens, landingstroke, spoorwegstasies, busdepots, taxi-staanplekke, publieke vervoermodusse en verwante gebruike (*transport usage*);

vervoerwa-stopplek: 'n gerief wat direk toeganklik is van 'n snelweg of hoof-vervoerroete en wat 'n reeks geriewe vir rus, diens en brandstofverkope aan swaar voertuie en langafstand vragmotors bied (*truck stop*);

vleilande: grond waar die watertafel gewoonlik op of naby die oppervlakte van die grond is, en wat normaalweg plantegroei het wat tipes aangepas is om in versadigde grond te groei (*wetlands*).

vloed: die tydelike oorstroming deur water van grond, gedeeltelik of in geheel (*flood*);

vloedgang: die kanaal, rivier of ander waterloop en aanliggende grond wat vry van strukture en ander obstruksies gehou moet word sodat die basis-vloed vryelik kan deurloop sonder om die watervlak te verhoog (*floodway*);

vloer: die binneste, onderste oppervlakte van 'n kamer, motorhuis of kelder en dit sluit in 'n stoep of binnehof waartoe die bewoners van 'n gebou toegang het (*floor*);

vloerfaktor: die faktor (uitgedruk as 'n verhouding van 1) wat voorgeskryf word vir die bereken van die maksimum vloerruimte van 'n gebou of geboue wat op 'n erf toelaatbaar is. As die vloerfaktor bekend is, kan die maksimum toelaatbare vloerruimte bereken word deur die vloerfaktor te vermenigvuldig met die bruto-erfoppervlakte (*floor factor*);

vloerruimte (in die konteks van enige gebou): die oppervlakte van 'n vloer wat deur 'n blad, dak of oorhang bedek word, met die voorbehoud dat:

(i) enige oppervlakte, insluitend 'n kelder, wat uitsluitlik gereserveer word vir die parkering of laai van voertuie, uitgesluit moet word;

(ii) ingangstrappe en trapportale buite, enige stoepe en enige ruimte benodig vir buite-brandtrappe, uitgesluit moet word;

(iii) 'n oorhang, insluitend 'n dakoorhang en 'n oorhang wat dien as sonskerm of as argitektoniese versiering, wat nie meer as 1,0 m verby die buitemuur of soortgelyk stut uitsteek nie, uitgesluit moet word;

(iv) enige binnehof wat bo oop is, of enige ander oop skag met 'n oppervlakte van meer as 10 m^2, uitgesluit moet word;

(v) enige arkade met 'n minimum-breedte van 2 m, wat toegang deur die betrokke gebou van die parkeergebied, 'n publieke pad of oop ruimte af na 'n ander publieke parkering, publieke straat of oop ruimte bied, en wat te alle tye vir die publiek se gebruik oop is, sowel as enige bedekte wandelgang met 'n dak wat lig deurlaat, uitgesluit moet word;

(vi) enige bedekte geplaveide area buite en onmiddellik langs 'n gebou op of onder grondvloer-vlak, waar sodanige plaveisel deel uitmaak van 'n binnehof, agterplaas, buite-hof, voetganger wandelgang, parkeerarea of toegang vir verkeer, uitgesluit moet word;

(vii) onderhewig aan (viii) hieronder, enige gemeenskaplike dele wat normaalweg nie verhuur word nie, soos balkonne, terrasse, trappe, trapskagte, verandas, ingange en gange wat oordek is, ingesluit moet word;

(viii) in die geval van multi-verdieping geboue enige trapskagte, hyserskagte, ligskagte, of ander skagte en enige atrium, slegs eenmaal getel sal word;

(xiv) vloerruimte gemeet moet word van die buiterand van buitemure of soortgelyke stutte van sodanige gebou, en waar die gebou bestaan uit meer as een verdieping, is die totale vloerruimte die som van die vloeroppervlaktes van al die verdiepings, insluitend dié van kelders (*floor space*);

volhoubaarheid (sonder om sy gewone betekenis te beperk): voorsiening in die behoeftes van die huidige geslag, sonder om die vermoë van toekomstige geslagte, om in hulle behoeftes te voorsien, te belemmer (*sustainability*);

volhoubare gebruik van bronne: die versamel van flora en/of fauna binne 'n natuurreservaat of natuurbewaringsgebied om dit te verkoop, of vir gebruik deur iemand anders as die verantwoordelike bestuursagentskap, met die voorbehoud dat sodanige gebruik:

(i) volhoubaar is;

(ii) nie die bronne tot benede aanvaarbare vlakke uitput nie, en

(iii) nie nadelig vir die eko-sisteem is nie (*sustainable resource usage*);

volwasse vermaakbedryf: 'n inrigting waar daar vir enige soort vergoeding films, foto's, tydskrifte of lewende opvoerings verhuur of verkoop word of plaasvind, wat gekenmerk word deur klem op die vertoon of beskrywing van pornografiese of erotiese seksuele dade of menslike geslagsorgane. Volwasse vermaak-bedryf sluit in 'n masseersalon of geselskapsbedryf, waar massering of manipulasie van die menslike liggaam gedoen word met die doel om 'n erotiese reaksie op te wek, tensy sodanige manipulasie deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of soortgelyke professionele persoon uitgevoer word (*adult entertainment business*);

vrystaande basis-telekommunikasiestasie
'n vrystaande ondersteuningstruktuur op die grond of wat aan die grond geanker is, en wat gebruik word vir die akkommodering van telekommunikasie-infrastruktuur vir die versending of ontvangs van elektroniese kommunikasieseine en kan 'n kommersiële antenna en toegangspad na sodanige fasiliteit insluit;

Wet op Munisipale Stelsels: die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

Wet op Adverteer op en Toebou van Paaie: Wet op Adverteer op en Toebou van Paaie, 1940 (Wet 21 van 1940).

Wet op Beplanning: die Wes-Kaapse Wet op Beplanning en Ontwikkeling 1999 (Wet 7 van 1999)

Wet op Biodiversiteit: Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Biodiversiteit 2004 (Wet 10 van 2004);

Wet op Deeltitels: Die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986);

Wet op Erfenisbronne: die Nasionale Wet op Erfenisbronne, 1999 (Wet 25 van 1999);

Wet op Informele Behuising: die Wet op Minder Formele Dorpstigting 1991 (Wet 94 van 1991);

Wet op Minerale: die Wet op Minerale 1991 (Wet 50 van 1991);

Wet op Omgewingsbestuur: die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur 1998 (Wet 107 van 1998);

Wet op Omgewingsbewaring: Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989);

wildernisgebied: 'n gebied aangedui volgens artikels 22 of 26 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede (Wet 57 van 2003), vir die doel om die inherente ongerepte natuurlike voorkoms en karakter (of wat tot so 'n status gerestoureer kan word), te behou, en wat onontwikkeld is, sonder paaie, permanente verbeteringe of menslike bewoning (*wilderness area*);

winkel: grond wat gebruik word vir die kleinhandel-verkoop van goedere aan die publiek en verskaf van dienste, individueel of op 'n klein skaal; dit sluit 'n kleinhandelsaak in waar goedere verkoop word waar die tipe goedere wat verkoop word, ook vervaardig of herstel word, met die voorbehoud dat die vloeroppervlakte van die fabriek of herstelwerke nie meer as een derde van die vloeroppervlakte van die winkel mag behels nie; "winkel" sluit nie 'n nywerheid, diensbedryf, motorherstelwerke, diensstasie, restaurant, volwasse vermaakbedryf, drankwinkel of nywerheidskorf in nie, en as sodanige gebruike saam met 'n winkel op 'n erf voorkom, word hulle beskou as aparte gebruike wat onderhewig is aan sodanige aparte ontwikkelingsreëls (*shop*);

woning vir godsdienstige leier: 'n woonhuis vir bewoning deur die godsdienstige leier (soos die predikant, rabbi, priester, of imam) wat 'n gemeente verbonde aan 'n spesifieke plek van aanbidding, bedien *(residence for religious leader)*;

wooneenheid: 'n onafhanklike groep kamers wat intern skakel, met nie meer as een kombuis nie, gebruik vir die leef en bewoning van 'n enkele gesin, tesame met die buitegeboue wat normaalweg daarmee saam gebruik word (*dwelling unit*);

woongebou: 'n gebou waar losies verskaf word, gewoonlik oor die langer termyn, met of sonder etes, tesame met die normale buite-geboue wat daarmee saamgaan, en dit sluit in ouetehuis, gebou waarin kamers vir woondoeleindes uitverhuur word, en inwonersklub, maar sluit nie 'n woonhuis, groephuis, dubbele woning, inrigting, plek van opvoeding, hotel, gastekamers, gastehuis of woonstelle in nie (*boarding house*);

woonhuis: 'n gebou met net een wooneenheid (*dwelling house*);

woonstelle: 'n gebou met twee of meer wooneenhede tesame met die gewone buitegeboue wat daarmee gepaard gaan, maar sluit 'n dubbelwoonhuis, groepbehuising, dorpsbehuising, skakelhuise en ryhuise uit, met die verdere voorbehoud dat in die sones waar woonstelle toegelaat word, een wooneenheid ook toelaatbaar is, hetsy met vergunning van die Raad al dan nie, in 'n gebou wat vir 'n ander doel as 'n woonstel-gebou opgerig is, en "woonstel-gebou" of "woonstelblok" het dieselfde betekenis (*flats*);

woonwa: 'n voertuig wat ingerig of verander is vir woon- of slaapgebruike en wat geredelik rondbeweeg kan word (*caravan*);

wynkelder: 'n plek waar wyn gemaak word, en mag 'n fasiliteit vir kleinhandel verkope asook vir wyn-proe insluit, en "wynmakery" het dieselfde betekenis (*winery*).

DEEL VI
SKEDULES EN BYLAES

SKEDULE 1: NOTASIE VAN GEBRUIKSONES
(Kleure en skakerings slegs as voorbeeld)

Hoofstuk Chapter	SONE	ZONE	KODE CODE	KLEURNOTASIE COLOUR NOTATION
5	**ENKELWONINGSONES:**	**SINGLE RESIDENTIAL ZONES:**		
5.1	Enkelwoningsone 1: Woonhuise	Single residential zone 1: Dwellings	SR1	
5.2	Enkelwoningsone 2: Landgoed behuising	Single residential zone 2: Estate housing	SR2	
5.3	Enkelwoningsone 3: Opgradeerbare Behuising	Single residential zone 3: Incremental Housing	SR3	
6	**ALGEMEN WOONSONES:**	**GENERAL RESIDENTIAL:**		
6.1	Algmene woonsone 1: Groepbehuising	General residential zone 1:Grouphousing	GR1	
6.2	Algmene woonsone 2: Dorpshuise	General residential zone 2: Townhousing	GR2	
6.3	Algmene woonsone 3: Woonstelblokke	General residential zone 3: Apartments	GR3	
6.4	Algmene woonsone 4: Gastehuis	General residential zone 4: Guesthouse	GR4	
7	**SAKESONES:**	**BUSINESS ZONES:**		
7.1	Sakesone 1: Lae intensiteit sake	Business zone 1: Low intensity business	B1	
7.2	Sakesone 2: Hoë intensiteit sake	Business zone 2: High intensity business	B2	
7.3	Sakesone 3:Diensstasie	Business zone 3: Service station	B3	
8	**NYWERHEIDSONES:**	**INDUSTRIAL ZONES:**		
8.1	Nywerheidsone 1: Ligte nywerheid	Industrial zone 1: Light industry	IND1	
8.2	Nywerheidsone 2: Algemene nywerheid	Industrial zone 2: General industry	IND2	
8.3	Nywerheidsone 3: Hinderbedryf	Industrial zone 3: Noxious trade	IND3	
8.4	Nywerheidsone 4: Mynbou	Industrial zone 4: Extractive industry	IND4	
9	**GEMEENSKAPSONES:**	**COMMUNITY ZONES:**		
9.1	Gemeenskap-sone 1: Opvoedkundig	Community zone 1: Education	C1	
9.2	Gemeenskap-sone 2: Plek van aanbidding	Community zone 2: Place of worship	C2	
9.3	Gemeenskap-sone 3: Inrigting	Community zone 3: Institution	C3	
10	**OWERHEIDSONE:**	**AUTHORITY ZONE:**		
10	Owerheidsone: Regering	Authority zone: Government	AU	
11	**VERVOERSONES:**	**TRANSPORT ZONES:**		
11.1	Vervoersone 1: Vervoergebruik	Transport zone 1: Transport usage	TR1	
11.2	Vervoersone 2: Pad	Transport zone 2: Road	TR2	
11.3	Vervoersone 3: Parkering	Transport zone 3: Parking	TR3	
11.4	Vervoersone 4: Spoorweë	Transport zone 4: Railways	TR4	
12	**NATUURBEWARING- EN OOPRUIMTE SONES:**	**NATURE CONSERVATION AND OPEN SPACE ZONES:**		
12.1	Bewaringsone 1: Wildernisgebied	Conservation zone 1: Wildemess area	CON1	
12.2	Bewaringsone 2: Statutêre bewaring	Conservation zone 2: Statutory conservation	CON2	
12.3	Bewaringsone 3: Nie-statutêre bewaring	Conservation zone 3: Non-statutory conservation	CON3	
12.4	Oopruimte sone 1: Publieke oopruimte	Open space zone 1: Public open space	OS1	
12.5	Oopruimte sone 2: Private oopruimte	Open space zone 2: Private open space	OS2	
12.6	Oopruimte sone 3: Begraafplaas	Open space zone 3: Cemetery	OS3	
13	**OORDSONE:**	**RESORT ZONE:**		
13	Oordsone: Vakansie huisvesting	Resort zone: Holiday housing	REZ	
14	**LANDBOU/LANDELIK:**	**AGRICULTURE/RURAL:**		
14.1	Landbousone 1: Landbou	Agricultural zone 1: Agriculture	AGR1	
14.2	Landbousone 2: Landbounywerheid	Agricultural zone 2: Agricultural industry	AGR2	
14.3	Landelike sone 1: Kleinhoewes	Rural zone 1: Smallholdings	RU1	
14.4	Landelike sone 2: Landelike gehuggie	Rural zone 2: Rural settlement	RU2	
15	**SPESIALE SONES:**	**SPECIAL ZONES:**		
15.1	Onbepaalde sone	Undetermined zone	UN	
15.2	Spesiale sone (nommers vir elke SP sal toegeken word in Bylae A)	Special zone (numbers for each SP to be allocated in Annexure A)	SP	
15.3	Onderverdelings gebied	Subdivisional area zone	SA	
15.4	Oorlegsone (nommers vir elke OL sal toegeken word in Bylae B)	Overlay zone (numbers for each OL to be allocated in Annexure B)	OL	

SKEDULE 2: SONERINGSKAARTE

KAARTNOMMER	GEBIED

SKEDULE 3:
BEGINSELS VERVAT IN
NASIONALE EN PROVISIALE WETTE EN BELEIDSDOKUMENTE

BELEID OF BEGINSELS	BRON
Algemene beginsels oor grondontwikkeling	Artikel 3 van die Wet op Ontwikkelingsfasilitering (Wet 67 van 1995).
Nasionale beginsels vir die bestuur van die omgewing	Artikel 2 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998).
Algemene beginsels oor die bestuur van erfenisbronne	Artikel 5 van die Nasionale Wet op Erfenisbronne (Wet 25 van 1999).

BYLAES

BYLAE A:
LYS VAN SPESIALE SONES VOLGENS REGULASIE 15.2

NAAM VAN SPESIALE SONE	BYLAE NOMMER VIR DIE SPESIALE SONE SE REGULASIES	VERWYSINGS-NOMMER

BYLAE B:
LYS VAN OORLEGSONES VOLGENS REGULASIE 15.4

NAAM VAN OORLEGSONE	BYLAE NOMMER VIR DIE OORLEGSONE SE RIGLYNE	VERWYSINGS-NOMMER
Greyton Erfenis Oorlegsone (Moet nog geformuleer word)		

BYLAE C:
VERGELYKENDE TABEL VIR VERVANGINGSONES

Hierdie tabel vergelyk die sonerings van die nuwe soneringskemaregulasies, vir die vervanging van die sonerings van die ou soneringskemas. "Artikel 7" en "Artikel 8" verwys na die artikels in die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Ord. 15 van 1985) waaronder die betrokke skemas val.

	NUWE SKEMA (Artikel 7)	VILLIERSDORP (Artikel 7)	GRABOUW (Artikel 7)	RES VAN MUNISIPALE GEBIED (Artikel 8)
5	**ENKELWONINGSONES**			
5.1	Enkelwoningsone 1: Woonhuise (SR1)	Enkelwoning-sone [8.2]	Enkelwoningsone [8(B)]	Residensiële sone 1 [3.3]
5.2	Enkelwoningsone 2: Landgoed-behuising (SR2)			Oordsone II [3.20]
5.3	Enkelwoningsone 3: Opgradeerbare behuising (SR3)			
6	**ALGEMENE WOON- & AKKOMMODASIE SONES**			
6.1	Algemene woonsone 1: Groepbehuising (GR1)	Groepbehuisingsone [8.4],		Residensiële sone II [3.4]
6.2	Algemene Woonsone 2: Dorpshuise (GR2)	Stelbehuisingsone [8.5]		Residensiële sone III [3.5]
6.3	Algemene Woonsone 3: Woonstelblokke (GR3)	Algemene woonsone [8.3]	Algemene woonsone [8(C)]	Residensiële sone IV [3.6] Residensiële sone V [3.7]
6.4	Algemene Woonsone 4: Gastehuis (GR4)	Sien definisie van Gastehuis.		
7	**SAKESONES**			
7.1	Sakesone 1: Lae Intensiteit Sake (B1)	Kleiner sakesone [8.7]	Kleiner sakesone [8(E)]	Sakesone II [3.9]
7.2	Sakesone 2: Hoë-Intensiteit Sake (B2)	Sakesone [8.6]	Sakesone [8(D)]	Sakesone I [3.8]; Sakesone III [3.10]
7.3	Sakesone 3: Diensstasie (B3)			Sakesone V [3.12]
	NYWERHEIDSONES			
8.1	Nywerheidsone 1: Ligte Nywerheid (IND1)	Ligte nywerheidsone [8.8]	Ligte nywerheidsone [8(F)]	
8.2	Nywerheidsone 2: Algemene Nywerheid (IND2)	Nywerheidsone [8.9]	Nywerheidsone [8(F)]	Nywerheidsone 1 [3.13]; Sakesone IV [3.11]
8.3	Nywerheidsone 3: Hinderbedryf (IND3)			Nywerheidsone II [3.14]
8.4	Nywerheidsone 4: Mynbou (IND4)			Nywerheidsone III [3.15]
	GEMEENSKAPSONES			
9.1	Gemeenskapsone 1: Opvoedkundig (C1)			Institusionele sone I [3.16]
9.2	Gemeenskapsone 2: Plek van Aanbidding (C2)			Institusionele sone II [3.17]
9.3	Gemeenskapsone 3: Inrigting (C3)			Institusionele sone III [3.18]

VERGELYKENDE TABEL VAN SONERINGS (vervolg)

	NUWE SKEMA	VILLIERSDORP	GRABOUW	RES VAN MUNISIPALE GEBIED
10	**OWERHEIDSONE**			
10	Owerheidsone (AU)			Owerheidsone [3.27]
11	**VERVOERSONES**			
11.1	Vervoersone 1: Vervoergebruike (TR1)			Vervoersone I [3.24]
11.2	Vervoersone 2: Pad (TR2)			Vervoersone II [3.25]
11.3	Vervoersone 3: Parkering (TR3)			Vervoersone III [3.26]
11.4	Vervoersone 4: Spoorweë (TR4)			
12	**NATUURBEWARING & OOPRUIMTE SONES**			
12.1	Bewaringsone 1: Wildernisgebied (CON1)			
12.2	Bewaringsone 2: Statutêre Bewaring (CON2)			Oopruimte sone III [3.23]
12.3	Bewaringsone 3: Nie-Statutêre Bewaring (CON3)			Oopruimte sone III [3.23]
12.4	Oopruimte Sone 1: Publieke Oopruimte (OS1)			Oopruimte sone I [3.21]
12.5	Oopruimte Sone 2: Privaat Oopruimte (OS2)			Oopruimte sone II [3.22]
12.6	Oopruimte Sone 3: Begraafplaas (OS3)			
13	**OORDSONE**			
13	Oordsone: Vakansie-Akkommodasie (REZ)			Oordsone I [3.19]
14	**LANDBOU- & LANDELIKE SONES**			
14.1	Landbousone 1: Landbou (AGR1)	Landbousone [8.1]	Landbousone [8(A)]	Landbousone I [3.1]
14.2	Landbousone 2: Landbounywerheid (AGR2)			Landbousone II [3.2]
14.3	Landelike Sone 1: Kleinhoewes (RU1)			
14.4	Landelike Sone 2: Landelike Gehuggie (RU2)			
15	**SPESIALE SONES**			
15.1	Onbepaalde Sone (UN)	Onbepaalde sone [8.11]	Onbepaalde sone [8(G)]	Onbepaalde sone [3.29]
15.2	Spesiale Sone (SP)	Spesiale sone [8.10]		Spesiale sone [3.28]
15.3	Onderverdelingsgebied (SA)			
15.4	Oorlegsone (OL)			

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES OF LOCAL AUTHORITIES

BREEDE VALLEY MUNICIPALITY

REGULATION 4 — ANNEXURE 3

PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF FIFTH SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL, FOR THE 2010/2011 FINANCIAL YEAR

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) read together with Section 78(2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004), hereinafter referred to as the ''Act'', that the fifth supplementary valuation roll for the financial years 2010/2011-2011/2012 is open for public inspection at the local municipal offices from 12 May 2011 to 20 June 2011. In addition the supplementary valuation roll and the objection forms are available at website www.breedevallei.gov.za.

An invitation is hereby made in terms of Section 49(1)(a)(ii) read together with Section 78(2) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the municipal manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the fifth supplementary valuation roll within the abovementioned period. All owners of the properties that are on the supplementary valuation roll will be contacted in writing to the postal address which reflects on the Municipality's data base.

Attention is specifically made in terms of Section 50(2) of the Act that an objection must be in relation to a specific individual property and not against the supplementary valuation roll as such. The forms for the lodging of an objection are obtainable at the abovementioned information stations. The completed forms must be dropped in the sealed boxes which will be available at the libraries and municipal offices or objections can be submitted electronically to valuations@breedevallei.gov.za.

Only objections on the prescribed forms will be considered.

Enquiries: SJ Neethling at (023) 348-2662 during office hours or at e-mail sneethling@breedevallei.gov.za

AA Paulse, Municipal Manager

Notice no. 06/2011

13 May 2011 23217

BREEDE VALLEY MUNICIPALITY

APPLICATION FOR CONSENT USE: ERF 177, 19 CHURCH STREET, WORCESTER

NOTICE IS HEREBY GIVEN in terms of Section 17(2)(a) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that an application has been received for the proposed consent use of Erf 177, 19 Church Street, Worcester, Occupational Practice on Residential zone I in order to allow the owner to operate an administrative office for Water Boys Plumbing CC and Solar Boys.

Full particulars regarding the application are available at the office of the Director: Operational Services, Section: Planning, Development & Building Control (Miss N Gayiya), Third Floor, Tel. No (023) 348-2631, Civic Centre, Baring Street, Worcester.

Written objections, if any, should be lodged in writing with the Municipal Manager, Private Bag X3046, Worcester 6849 and must reach the undersigned on or before Monday, 13 June 2011.

Applicant: MARTIN Oosthuizen, BolandPlan Town and Regional Planning

AA PAULSE, MUNICIPAL MANAGER

(Notice No. 11/2011)

13 May 2011 23218

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWING DEUR PLAASLIKE OWERHEDE

BREEDEVALLEI MUNISIPALITEIT

REGULASIE 4 — AANHANGSEL 3

PUBLIEKE KENNISGEWING WAT INSPEKSIE VAN VYFDE AANVULLENDE WAARDASIEROL AANVRA, VIR DIE 2010/2011 BOEKJAAR

Kennis word hierby in terme van Artikel 49(1)(a)(i) saamgelees met Artikel 78(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet Nr. 6 van 2004) gegee, hierin vernoem as die ''Wet'', dat die vyfde aanvullende waardasierol vir die boekjare 2010/2011-2011/2012 oop is vir publieke inspeksie by die plaaslike munisipale kantore vanaf 12 Mei 2011 tot 20 Junie 2011. Tot toevoeging is die aanvullende waardasierol en die beswaarvorms ook beskikbaar op webbladsy www.breedevallei.gov.za.

'n Uitnodiging word hierby gemaak in terme van Artikel 49(1)(a)(ii) saamgelees met Artikel 78(2) in die Wet dat enige eienaar van eiendom of ander persoon wat so verlang 'n beswaar by die munisipale bestuurder kan indien vir enige aangeleentheid in die vyfde aanvullende waardasierol weergegee of weggelaat binne bogenoemde periode. Die eienaars van hierdie eiendomme sal skriftelik van hul vyfde aanvullende waardasie (SV5) in kennis gestel word by hul posadres wat tans op die Munisipaliteit se databasis verskyn.

U aandag word spesifiek daarop gevestig dat in terme van Artikel 50(2) van die Wet dat 'n beswaar teen 'n spesifieke individuele eiendom ingedien word, en nie teen die aanvullende waardasierol in sy geheel nie. Die vorms om 'n beswaar in te dien, is by bogenoemde standplase beskikbaar. Die voltooide vorms moet in die verseëlde busse wat by die biblioteke en munisipale kantore beskikbaar sal wees gegooi word, of besware kan ook elektronies ingedien word by valuations@breedevallei.gov.za.

Let asseblief daarop dat daar slegs besware op die voorgeskrewe vorms oorweeg sal word.

Navrae: SJ Neethling by (023) 348-2662 gedurende kantoorure of e-pos sneethling@breedevallei.gov.za

AA Paulse, Munisipale Bestuurder

Kennisgewing no. 06/2011

13 Mei 2011 23217

BREEDEVALLEI MUNISIPALITEIT

AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 177, KERKSTRAAT 19, WORCESTER

KENNIS GESKIED HIERMEE ingevolge die bepalings van artikel 17(2)(a) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat 'n aansoek om vergunningsgebruik op Erf 177, Kerkstraat 19, Worcester, ontvang is vir beroepsbeoefening op Residensiële sone I ten einde die eienaar in staat te stel om 'n administratiewe kantoor te mag bedryf vir Water Boys Plumbing CC en Solar Boys.

Volledige besonderhede van die aansoek is beskikbaar in die kantoor van die Direkteur: Operasionele Dienste, Derde Vloer, Burgersentrum, Baringstraat, Worcester (Mej N Gayiya), Tel. Nr. (023) 348-2631.

Besware, indien enige, moet skriftelik gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X3046, Worcester 6849 om die ondergetekende te bereik voor of op Maandag, 13 Junie 2011.

